

**DIE *KINDHEIDSEVANGELIE* VAN TOMAS AS 'N
HEROÏESE MITE VAN DIE GOD-KIND JESUS IN
DIE KONTEKS VAN DIE EBIONITIESE VROEË
CHRISTENDOM**

ANDRIES G VAN AARDE

D Litt

ANTIEKE TALE (GRIEKS)

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Promotor: Prof Dr H F Stander

APRIL 2005

Hierdie studie word opgedra aan al my studente vanaf 1980 tot 2005:

vir lojaliteit oor 'n tydperk van vyf en twintig jaar aan die Universiteit van Pretoria.

Met erkenning vir fasiliteite by instellings verleen waar navorsing vir hierdie studie gedoen is:

- Tantor Institute for Theological Studies, Jerusalem (Israel), Maart 2003
- Katholieke Universiteit Leuven (België), Junie 2003
- Stony Point Center, New Jersey (VSA), November-Desember 2003
- McCormick Theological Seminary, Chicago (VSA), Januarie 2004
- Evangelical Theological Seminary in Cairo (Egipte), September-November 2004.

En erkenning aan:

- Prof dr Hennie F Stander (Professor in Antieke Tale, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Pretoria) vir raad en begeleiding
- Prof dr Tony Chartrand-Burke (Atkinson School of Arts and Letters, York University, Toronto, Kanada) vir die elektroniese voorsiening van haar ongepubliseerde 2001-dissertasie
- Dr Patrick Chatelion Counet (Katholieke Universiteit Nijmegen, Nederland) en prof dr Patrick J Hartin (Conzago University, Spokane, WA, VSA) vir die evaluasie van hierdie studie.

INHOUDSOPGAWE

1 ~ INLEIDING

1.1	'n Samevattende voorstelling van die <i>Kindheidsevangelie</i> van Tomas	6
1.2	Vraagstelling	7
1.3	Navorsingsplan	11

2 ~ DIE MANUSKRIPTE- EN VERTALINGSGESKIEDENIS

VAN DIE *KINDHEIDSEVANGELIE VAN TOMAS*

2.1	Inleiding	13
2.2	Die geskiedenis van die Griekse manuskripte van die <i>KindEvTom</i>	17
2.3	Die geskiedenis van die vroeë vertalings van die <i>KindEvTom</i>	24
2.4	Teksreproduksie van die Griekse weergawe van die <i>KindEvTom</i> in <i>Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453)	29
2.5	Die redaksionele tendens in die Griekse weergawe van die <i>KindEvTom</i> in <i>Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453)	34

3 ~ DIE GRIEKSE MANUSKRIP VAN DIE *KINDHEIDS-*

EVANGELIE VAN TOMAS IN KODEKS SINAÏTIKUS (GR 453) IN

AFRIKAANS VERTAAL

46

4 ~ TYD, PLEK EN DOEL VAN DIE *KINDHEIDSEVANGELIE VAN*

TOMAS AS GESKRIF MET EBIONITIESE TENDENSE

4.1	Openingsvers as sleutel tot identifisering van konteks	68
4.2	Die Tomas-tradisie en Gnostiese vroeë Christendom	74
4.2.1	<i>KindEvTom</i> , <i>Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 6:4	80
4.2.2	<i>KindEvTom</i> , <i>Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 6:6	82
4.2.3	<i>KindEvTom</i> , <i>Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 6:8	84
4.2.4	<i>KindEvTom</i> , <i>Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 7:2-4	86
4.2.5	<i>KindEvTom</i> , <i>Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 8:1-2; 14:1	90

4.3	Jesus en sy familie en die Ebionitiese vroeë Christendom	93
4.3.1	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 5:1	96
4.3.2	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 6:2-3	97
4.3.3	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 6:8	98
4.3.4	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 6:9	99
4.3.5	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 9:3	100
4.3.6	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 10:2 en 11:1-2 ..	102
4.3.7	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 12:1-2	106
4.3.8	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 13:1-3	108
4.3.9	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 14:2-3	109
4.3.10	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 14:4	111
4.3.11	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 15:1-2	112
4.3.12	<i>KindEvTom, Kodeks Sinaitikus</i> (Gr 453) 16:3	113
4.4	Bevinding	114
5 ~	DIE KINDHEIDSEVANGELIE VAN TOMAS AS MITE	
5.1	Eksegese is genre-bepaald	116
5.2	Mite-teorie	121
5.2.1	Mite as <i>Kleinliteratur</i>	122
5.2.2	Mite vereis interpretasie	123
5.2.3	Mitiese tyd en historiese tyd	125
5.2.4	Mite as model vir eksistensiële verstaan	128
5.2.5	Tautegorie versus allegorie	134
6 ~	DIE WONDERDADE VAN DIE GOD-KIND JESUS IN DIE KINDHEIDSEVANGELIE VAN TOMAS VANUIT 'N SOSIAAL-WETENSKAPLIKE PERSPEKTIEF VERKLAAR	
6.1	Hermeneutiek van die god-kind mite	138
6.2	'n Sosiaal-wetenskaplike verklaring	139
6.3	Samevatting	143

7 ~	RESUMÉ EN OOP-EINDE	145
	7.1 Die “grootmensagtige” kind Jesus	145
	7.2 Samevatting	152
8 ~	LITERATUURVERWYSINGS	155
9 ~	SUMMARY AND KEY TERMS	173

1 ~ INLEIDING

1.1

'n Samevattende voorstelling van die *Kindheidsevangelie van Tomas*

Die *Kindheidsevangelie van Tomas (KindEvTom)* begin met Jesus wat as vyfjarige in Nasaret sy goddelike mag gebruik om vuil reënwater te suiwer. Hy skep dan voëls uit klei en maak hulle lewendig met die opdrag “weg, vlieg soos lewendes”.¹ Wanneer ’n ander seun, die seun van die hoëpriester Annas, die water omroer wat Jesus gesuiwer het, vervloek Jesus die seun en sy arm verskrompel dadelik. ’n Soortgelyke lot sou enigiemand anders tref wat dit sou waag om Jesus kwaad te maak. ’n Seun wat per ongeluk teen Jesus se arm gestamp het, val dood neer en wanneer die inwoners van die dorpie by sy pa Josef daarvoor kla, word hulle blind. Selfs Josef word sagkens gemaan, “Dit is vir u genoeg om my te soek en my nie te vind nie ...!” Wanneer ’n leermeester Saggeus, probeer om Jesus ’n mate van respek aan te leer, word hy deur Jesus se meerdere kennis beskaam. Hy probeer om sy eer terug te wen deur Jesus in die openbaar as “iets groots” aan te prys. Dit geval Jesus en hy verander sy houding. Jesus begin sy magte tot voordeel van sy bure gebruik en maak ’n jong man met ’n noodlottige wond gesond. As sesjarige gebruik hy slegs sy lyfrok om vir sy ma water te gaan haal. As agtjarige saai hy ’n maat graan en maai ’n wonderoes. Wanneer sy skrynwerker vader ’n bed vir ’n ryk man maak, verleng hy ’n stuk hout sodat dit dieselfde lengte as die ander plank is. Josef, wat ag slaan op die kind se wysheid, neem hom na ’n tweede leermeester toe. Jesus verseg egter om die alfabet op te sê. Wanneer sy leermeester hom oor die kop slaan, vervloek Jesus hom en hy sak inmekaar. ’n Derde onderwyser probeer hard om die seun te leer, maar Jesus lê die Tora uit aan almal teenwoordig. Soos Saggeus, erken hierdie onderwyser dat Jesus geen opleiding nodig het nie en Jesus gaan voort met sy heroïese dade. Hy red sy broer Jakobus van ’n slangbyt en wek beide ’n baba en huisbouer uit die dood uit op. Die *KindEvTom* eindig met die storie uit die Evangelie van Lukas dat Jesus as twaalfjarige die tempel in Jerusalem besoek. Waar Lukas skryf dat Jesus na die leermeesters luister en vrae vra, vertel die *KindEvTom* dat hy ook die Tora en die gelykenisse uitlê en verduidelik.

¹ Die aangehaalde frases in Afrikaans uit die *KindEvTom* in hierdie studie is die skrywer se vertaling van die oorspronklike Grieks, tensy anders vermeld.

1.2

Vraagstelling

Die vraagstelling van die ondersoek moet verstaan word teen die agtergrond van bestaande navorsing en geïdentifiseerde leemtes in hierdie navorsing. In sy polemiese werk oor die *Nuwe-Testamentiese Apokriewe*, beskryf Jacques Hervieux (1960:106) die *Kindheidsevangelie van Tomas (=KindEvTom)* as 'n versameling verhale, geheel en al buite die grense van logiese denke, waarin die kind Jesus die held van belaglike en gemene poetse word. Dan voeg hy by, soos 'n eggo van die woorde van soveel eksegete voor hom: “dit is nie die beeld van Christus wat die geïnspireerde Evangelie ons gee nie” (Hervieux 1960:112; my vertaling).² Hervieux se sentiment, so deel van die agtiende- en negentiende-eeuse houding jeens apokriewe literatuur (bv Pfeiffer 1964:123; Foster 1969:113), blyk 'n sterker houvas te hê op die *KindEvTom* as enige ander nie-kanonieke teks. Volgens Keith Elliott (1993:68) handel die *KindEvTom* se Jesus “selde op 'n Christelike wyse”. Fred Lapham (2003:130) sê in sy boek, *An introduction to the New Testament apocrypha*: “It would be impossible to appreciate this [“its” = die *KindEvTom* se] strange composition without first becoming aware of its underlying Gnosticism.”

Ronald Hock (1995) se Griekse uitgawe,³ vertaling, en kommentaar en Tony Chartrand-Burke (2001)⁴ se analise van die *KindEvTom* se teks, oorsprong, en oorlewering het die rigting van die denke oor die *KindEvTom* verander. Tekskrities gesien verteenwoordig hierdie werke nie alleen 'n besliste verbetering teenoor talle vorige reproduksies van die Griekse teks nie, maar vorm ook tot op hede die hoogtepunt van die wetenskaplike studie van die *KindEvTom* (kyk manuskripte- en vertalingsgeskiedenis in hoofstuk 2). Beide Hock en Chartrand-Burke ontken

² “[A] selection of tales altogether beyond the bounds of common sense, in which the Child Jesus becomes the hero of ridiculous and shabby pranks that is not the picture of Christ which the inspired Gospel gives us” (Hervieux 1960:106, 112).

³ Hock (1995:101) neem ongelukkig nie die resultate van die tekskritiese werk van Sever Voicu (1997) en Jacques Noret (1972:412) in ag nie (kyk Chartrand-Burke 2001).

⁴ Tony Chartrand-Burke het haar 2001 ongepubliseerde werk elektronies aan die skrywer van hierdie studie voorsien. Verwysings na bladsynommers in hierdie werk is as gevolg van die elektroniese formaat nie moontlik nie. Waar daar na voetnotas in haar werk verwys word, word die titel van die hoofstuk in haar ongepubliseerde werk bygevoeg ter wille van duideliker identifisering.

raakpunte met die Nag Hammadiese *Evangelie van Tomas* en Gnostiek⁵ (kyk plek, tyd en doel van skrywe in hoofstuk 4) en verkies eerder vergelykings met antieke biografiese literatuur.

Hock (1995:96) verduidelik die heroïese daade van die kind Jesus in die *KindEvTom* asof hy 'n volwassene is, deur te sê dat die lesers van antieke biografieë nie sou verwag om persoonlikheidsontwikkeling by 'n karakter waar te neem nie, aangesien “karakter veronderstel was om reeds by geboorte vasgelê te wees.”

Volgens Chartrand-Burke (2001) glo die skrywer van die *KindEvTom* dat “sy jong Jesus konsistent is met die Jesus en die apostels van die Nuwe Testament. Hy [Jesus] is grootmensagtig en wys, nie omdat hy nie regtig mens is nie – nóg Gnostiese verlosser nóg god-kind – maar omdat hierdie dinge hom, in die oë van die skrywer en gehoor, mens maak.”⁶

Hierdie studie fokus, wat die doel van skrywe betref, op die vraagstuk waarom die outeur van die *KindEvTom* die wonderwerke van Jesus in 'n positiewe en negatiewe lig beskryf as synde hy 'n volwassene sou wees. In hoofstuk 4 sal aangetoon word dat hierdie probleem in die verlede benader is vanuit óf 'n “Christologie van bo” perspektief (bv deur Currie 1993 na aanleiding van die oorheersende perspektief in die vroeë ortodokse Christendom) óf 'n “Christologie van onder” perspektief (byvoorbeeld deur Cullmann [1963] 1991 na aanleiding van 'n histories-kritiese en godsdiens-historiese ondersoek as gevolg van die invloed van die *Aufklärung*). Hierdie studie ondersoek dieselfde vraagstuk, maar probeer om anakronisme te vermy deur die vraag vanuit 'n “Christologie van die kant” te ondersoek.

Die onderskeidings tussen 'n Christologie “van bo”, 'n Christologie “van onder” en 'n Christologie “van die kant” af kan soos volg verduidelik word (kyk Malina & Neyrey 1988:x-xi): Sedert die vierde eeu nC het daar 'n Grieks-filosofiese en Romeins-juridiese beeld van Jesus ontwikkel wat bekend geword het as klassieke *ontologiese Christologie* ('n Christologie “van bo”). Vanuit hierdie sisteem is 'n

⁵ Kyk byvoorbeeld Currie (1993:207) wat die *KindEvTom* slegs sien as 'n tuig vir dosetisme en klem op Jesus se “intellek” in die tempelstorie, 'n variante lesing van dié in Lukas, as “bewys van Christus se vroegrypheid, maar niks meer nie.”

⁶ “[The author of IGT] “believes his young Jesus is consistent with the Jesus, and the apostles, of the NT. He [Jesus] is mature and wise not because he is not really human – neither Gnostic redeemer nor god-child – but because in the eyes of the text’s author and audience, these things make him human” (Chartrand-Burke 2001).

monoteïstiese dogma ontwikkel van God as drie maar een. Op grond van die Platoniese (Plato c 427- 347 vC) metafisika is die onderskeiding tussen “mens-agtig” en “God-agtig” gemaak. Naas die ontologiese (“van bo”) Christologie is daar ook ’n funksionele (“van onder”) perspektief op Jesus en ’n sosiale visie (“van die kant af”) wat na vore gekom het. Kritiese navorsers is oortuig dat die ontologiese perspektief op Jesus nie in die Nuwe Testament te vinde is nie (kyk o a Marshall [1976] 1990:11-31; Brown 1994:6-15; Dunn 1994:437-452). Die funksionele perspektief op Jesus beklemtoon daardie woorde en dade van die “voor-Pase Jesus” wat in die na-Pase periode aanleiding gegee het tot die verhewe titels wat deur die vroegste Christene aan Jesus toegeskryf is (kyk o a Balz 1967; Hahn 1974:11-77). Vanuit die perspektief “van die kant af” word die vraag gevra hoe Jesus na alle waarskynlikheid deur die mense rondom Jesus ervaar en beskou sou gewees het. Daarom speel ’n vergelykende literêre studie, met die inagneming van die sosio-historiese konteks en sosio-psigologiese oortuigings, ’n belangrike plek in hierdie tipe ondersoek.

Beide die ontologiese en funksionele perspektiewe is ingebed in óf dogmaties-konfessionele kwessies oor die godheid van Jesus óf die uitwys van parallels in die Gnostiek. In hoofstuk 4 sal daar afsonderlik ingegaan word op die raakpunte, al dan nie, tussen die *KindEvTom* en enersyds die vroeë ortodokse Christendom en andersyds die vroeë gnostiese Christendom. Die studie neem kontemporêre literatuur in ag, asook sosio-historiese en sosio-psigologiese belange wat moontlik ’n rol kon speel. Deur die gebruik van die *KindEvTom* in die werke van die kerkvaders te identifiseer kan die verwantskap tussen hierdie kindheidsevangelie en beide die “Gnostiese” en “Ortodokse” vroeë Christendom ondersoek word. Die kritiese opmerkings deur kerkvaders soos Irenaeus en Epiphanius dui duidelik daarop dat die *KindEvTom* nie as deel van die “Ortodokse” vroeë Christendom gereken is nie. Die vraag wat ondersoek sal moet word, is of hierdie kritiek op ’n “Gnostiese” agtergrond dui waarteen die *KindEvTom* geïnterpreteer behoort te word. Hierdie moontlikheid word ondersoek deur die Ebionitiese vroeë Christendom as nog ’n verdere opsie in ag te neem. Die resultaat van die ondersoek is dat die godsdienshistoriese konteks waarin *KindEvTom* geskryf is, inderdaad gesien kan word as die vroeë Ebionitiese Christendom. In hoofstuk 4 word die tyd, plek en doel van skrywe van die *KindEvTom* in terme van hierdie konteks verduidelik.

Die oorsprong van die naam “Ebioniete” is nie heeltemal duidelik nie (kyk Jones 1990:287-288). Tertullianus en Hippolitus het gemeen dat ’n persoon met die

naam Ebion die “stigter” van ’n faksie Christene was wat die naam “Ebioniete” begin kry het. Irenaeus en Origenes se terugvoer van die naam “Ebioniete” na “armes” is egter meer waarskynlik. Die apostel Paulus se verwysing na “arm” Judeërs in Galasiërs 2:10 en Romeine 15:26 kon meegebring het dat die vroegste groep “Christene” in Jerusalem (kyk Van Aarde 2004d:711-738) na die vernietiging van Jerusalem deur die Romeine in 70 nC in sekere streke as “Ebioniete” begin bekendstaan het. Hierdie Jerusalemse groep het reeds voor 70 nC uit Jerusalem pad gegee, maar ’n noue verbintenis met Jerusalem en die familie van Jesus behou. Jakobus die broer van Jesus was juis die leier van die Jerusalemse groep (vgl Hand 15:13-21; Gal 2:19). Die Hebreeuse woord vir “arme” is *ebjōn* (עֲבִיּוֹן) (kyk Koehler & Baumgartner 1994-2000).

Volgens Irenaeus (kyk Jones 1990:287) was die “Ebioniete” (net soos die leiers van die eerste groep Christene in Jerusalem – vgl Gal 2:1-14) anti-Paulus as gevolg van onder andere sy kritiese perspektief op die soteriologiese funksie van die wet. Aan die ander kant is die Evangelie van Matteus deur die “Ebioniete” hoog gewaardeer op grond van die beklemtoning van die soteriologiese waarde van die wet deur Matteus (kyk onder andere Matt 5:17-20). Ook was Jerusalem en die sentrale plek wat die Tempel in die stad ingeneem het, vir die “Ebioniete” belangrik. Die Israelse leefwyse is ook volledig gehandhaaf.

Die belangrikste kenmerk van hierdie groep vroeë Christene was die besondere hoë waarde – met soteriologiese implikasies – wat hulle geplaas het op die verbintenis van Jesus met sy biologiese familie en met Israel as uitgebreide familie. Daarom is dit te verstane dat daar variasies in die vroeg-Christelike literatuur bestaan oor wat die “Ebioniete” se houding was oor die maagdelike verwekking van Jesus. Dit is egter veral die aspek van wetsonderhouding en die verbintenis met “Israel na die vlees” wat hulle van groepe met “gnostiese” oriëntering onderskei het (kyk verder bespreking en kommentaar in hoofstukke 2 en 4 van hierdie studie).

Vanuit die perspektief van die studie van kontemporêre Hellenisties-Semitiese en Grieks-Romeinse literatuur is daar ook ’n volgende kernvraag – benewens dié van konteks – rakende die interpretasie van die *KindEvTom*. Dit is naamlik die vraag of die outeur van die *KindEvTom* geïnspireer was deur mites oor hoe gode, heersers en filosowe as kinders wonderwerke verrig het. Hierdie studie soek na ’n antwoord deur die *KindEvTom* te interpreteer as verteenwoordigend van die mite van die god-kind.

Vanuit ’n sosio-historiese en sosiaal-psigologiese perspektief trek hierdie interpretasie ’n lyn deur na die ooreenkoms tussen wat van kinders verwag is in die antieke Mediterreense samelewing en daardie samelewing se herinneringe aan “kindheid-stories”. Deur middel van hierdie stories beeld die skrywer/samesteller van die *KindEvTom* die god-kind Jesus as volledig mens uit.

1.3

Navorsingsplan

Die ondersoek bestaan uit ses dele, die inleiding uitgesluit. Die doel van hoofstuk 2 is om bestaande navorsing oor die teksproduksie en –reproduksie van die *KindEvTom* te beskryf. In hoofstuk 3 word daar ’n Afrikaanse vertaling van die geïdentifiseerde outentieke teksgetuieenis aangebied. Die bedoeling van hoofstuk 4 is om ’n waarskynlike tyd, plek en doel van die skrywe van die *KindEvTom* te beredeneer teen die moontlike agtergronde van óf die vroeë “Gnostiese” Christendom óf die vroeë “Ebionitiese” Christendom. Laasgenoemde is die keuse van hierdie studie. In hoofstuk 5 word daar ingegaan op die vraag oor die genre van die *KindEvTom*. Die bepaling van genre bepaal die aard van die hermeneutiese invalshoek van waaruit ’n teks verklaar behoort te word. Indien die geskrif ’n parabel sou wees, sal eksegetiese gelei word deur vrae oor metaforiek. As dit as historiografie sou kan deurgaen, kan die eksegetiese fokus op die narratiewe kenmerke van antieke historiese biografie. Soortgelyke narratologiese vrae sal aan die orde kom as die *KindEvTom* as ’n “sage” getipeer kan word, behalwe dat die mitiese aard van die historiese verhaal ook ’n rol in die eksegetiese sal begin speel. In hoofstuk 5 word daar geargumenteer dat die *KindEvTom* ’n “mite” is in die vorm van ’n bepaalde “evangelie-tipe”, te wete die “biografies-diskursiewe” evangelie. Daar sal ook aangetoon word dat daar in die verlede pogings was om die *KindEvTom* allegories te verklaar. Teenoor “allegories” is “tautologies” ’n ander hermeneutiese moontlikheid. In die lig van die bespreking van mite-teorie in hoofstuk 5 word daar in hoofstuk 6 oorgegaan om die *KindEvTom* eerder tautologies-hermeneuties te verklaar. Die hoogtepunt van hierdie studie, wat die doel van die skrywe van die *KindEvTom* betref, is om ’n sosiaal-psigologiese

verklaring te bied van die *KindEvTom* as 'n heroïese mite van die god-kind Jesus. Hierdie bevinding van die studie word in hoofstuk 6 aangebied teen die agtergrond van eerstens 'n teorie van mite, tweedens 'n hermeneutiek van mite en derdens 'n beskrywing van die resultate van die ondersoek na die raakpunte tussen die wonderwerke wat deur die jong Jesus verrig is in die *KindEvTom* en sy karakterisering as god-kind. Hierdie bevinding fokus op die *crux interpretum* oor die motief waarom die *KindEvTom* se jong Jesus uitgebeeld is asof hy 'n volwassene is. Die ondersoek in hoofstuk 6 word metodologies gelei deur bepaalde sosiaal-wetenskaplike aannames. Hoofstuk 7 dien as resumé wat lei tot die daarstel van 'n "oop-einde" en die uitdaging aan die leser om op 'n nie-afwysende, maar positiewe wyse by die plot van hierdie kindheidsevangelie oor die heroïese daade van die god-kind betrokke te raak. Die literatuurverwysingslys word in hoofstuk 8 gebied en 'n Engelse opsomming met 'n aantal sleutel terme ten slotte in hoofstuk 9.

2 ~ DIE MANUSKRIPTE- EN VERTALINGSGESKIEDENIS VAN DIE *KINDHEIDSEVANGELIE VAN TOMAS*

2.1

Inleiding

Die teks van die *KindEvTom* wat in hierdie studie as die mees outentieke gereken word (kyk teks en vertaling in hoofstuk 3), is 'n elfde-eeuse anonieme manuskrip van Siprus wat vandag deel uitmaak van die *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Dit bestaan bekend as die “korter redaksie” van die so genoemde drie “Tischendorf-manuskripte”.¹ Dit is in Grieks geskryf en was bekend aan tweede-eeuse skrywers (kyk bespreking in hoofstuk 4 van hierdie studie). Waarskynlik spruit die verhale voort uit 'n hele verskeidenheid bronne wat mondelingse gesirkuleerde stories was oor óf die volwasse óf die jong Jesus en dikwels kindheidsvertellings oor ander geëerde persone nageboots het. Sommige vertellings kon 'n eie-skepping van die outeur wees.

Die oorgrote meerderheid navorsers² is deur Irenaeus se verklaring oortuig om die middel van die tweede eeu nC as datum te beskou van die samestelling van die teks van die *KindEvTom* wat in die elfde-eeuse *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) bewaar is. Bewyse van hierdie vroeë datum vir die *KindEvTom* word ondersteun deur die feit dat daar min aan die Nuwe Testament ontleen is. Die ander drie uitgebreide Griekse manuskripte van die *KindEvTom*, te wete *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532), *Kodeks Bologna* (Univ 2702) en *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355), gebruik materiaal van beide die Sinoptiese Evangelies en die Johannesevangelie.³ *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) blyk egter alleen die Lukasevangelie te ken.

¹ Constantin von Tischendorf het op grond van manuskripte aan hom beskikbaar (kyk later in hoofstuk 2), twee Griekse tekste ('n langer een gebaseer op twee manuskripte en 'n korter een gebaseer op een manuskrip) en 'n derde in Latyn gepubliseer (kyk respektiewelik Tischendorf ([1874] 1876):140-157 [*Evangelium Thomae graece A*], 158-163 [*Evangelium Thomae graece B*], 164-180 en bespeking van die Grieks van *Evangelium Thomae graece A* deur Weissengruber 1978:225-226) (Hock 1995:99).

² Kyk byvoorbeeld Meyer (1904:64; [1904] 1924:96); Bauer (1968:52); Vielhauer (1975:673); Cameron (1982:124); Cullmann ([1963] 1991:442); Hock (1995:91-92).

³ Byvoorbeeld, *KindEvTom*, *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) 8:1 sinspeel op Johannes 9:39 e v (vgl Michaelis [1956] 1958:110). In die Johannese verband gaan dit om 'n logion van Jesus na aanleiding van

In hierdie studie word daar uitgegaan van die oortuiging dat die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) die mees outentieke⁴ weergawe van die *KindEvTom* is. Vanuit 'n inter-kanonieke perspektief gesien, word daarom ook aanvaar dat Jesus se wonderwerke in die *KindEvTom* hulle mees formele verwantskap met dié in Lukas het. Dit dui nie alleen op 'n nabye verwantskap met Lukas⁵ nie, maar ook op 'n vroeë samestelling van die manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) voordat die wye verspreiding van ander Nuwe-Testamentiese geskrifte plaasgevind het.⁶ In die ander uitgebreide Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) word slegs een verhaal vanuit 'n ander vroeë-Christelike geskrif buite die Nuwe Testament geneem, naamlik “Jesus Maak 'n Gesoute Vis Lewendig”, soos van Petrus in *Handelinge van Petrus* 13 vertel word.

Die eerste publikasie van die *KindEvTom* in Grieks is dié van J Fabricius (1703:159-167) in die agtiende eeu en daarna die publikasie van die reeds gemelde Tischendorf-tekste in die negentiende eeu. Navorsing oor die *KindEvTom* het egter in die afgelope dekade (1995-2005) 'n bepaalde wending geneem waarvan hierdie studie

die genesing van 'n blinde (Joh 9:1-12). Jesus stel dat sy besoek 'n κρίμα is (Joh 9:39). Blindes sien en siendes word blind. Sommige verwelkom hom en word beloon en ander verwerp hom en word gestraf. Hierdie gedagte word in die *KindEvTom* weergegee met die dualisme ἵνα ... (a) καταράσομαι ... (b) καὶ εἰς ἄνω κλέσω. Na analogie van die tema “geestelike blindheid” van die Fariseërs (Joh 9:35-41) lyk dit of dit in die *KindEvTom* betrekking het op die “geestelike blindheid” van die leermeester Saggeus met betrekking tot wie Jesus werklik is, naamlik die “gestuurde van God” wat skeiding bring tussen “verlorenes” en “verlostes” (vgl verder voetnota 23 in hoofstuk 3 van hierdie studie oor die voorkoms van die “Johannese” term σημείον in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 10:2).

⁴ Ek gebruik die term “outentisiteit” in filosofiese sin, soos Martin Heidegger dit na aanleiding van die Duitse woord “eigentlich” verstaan het (kyk Inwood 2000:26): “To be authentic is to be true to one’s own self, to be one’s own person, to do one’s own thing.” Die hermeneutiese vraag in verband met die “manuskripte-geskiedenis” van die *KindEvTom* is watter weergawe die mees getroue een in terme van dié geskrif se “identiteit”, na aanleiding van die gerekonstrueerde konteks, dit wil sê in terme van die tyd en doel van skrywe (kyk hoofstuk 4 van hierdie studie) is. In terme van Heidegger ([1927] 1962:129): *Outentisiteit is eintlikheid en eintlikheid is getrouheid aan die self in konteks.*

⁵ Beide die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) en die Evangelie van Lukas eindig dikwels hulle stories met die karakters wat óf na hulle huise terugkeer (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 13:3; 14:4; miskien 7:4; Luk 1:23, 56; 2:20, 39, 51; 5:25; 7:10; 23:49; 24:12) óf eweneens vooruitgaan (Luk 4:14, 30; 5:16; 7:50; 8:39; 9:56; 10:37; 17:14, 19; 24:52). Die duidelikste verband tussen die twee tekste is die *KindEvTom* se gebruik van die storie van *Jesus in die Tempel*. Op grond van hierdie ooreenkomste en die gebrek aan ander inter-kanonieke motiewe in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453), wil dit lyk of Lukas, en miskien daarmee saam *Handelinge*, die enigste Christelike teks was wat aan die outeur van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) bekend was. Dit blyk egter verseker te wees dat kindheidsvertellings in die algemeen aan die outeur van die *KindEvTom*, soos aan verskeie ander skrywers van die vierde eeu, bekend was (bv Chrysostomos en Epiphanius – kyk veral hoofstuk 4 van hierdie studie).

⁶ 'n Vroeë datum vir die *KindEvTom* word voorts ondersteun deur *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) se anonimiteit – 'n algemene kenmerk van geskrifte wat in die eerste en tweede eeu nC geskryf is (kyk Kurt Aland 1965:1-13; Meade 1986:103-105).

die mees resente een is. Ronald Hock (1995) se Griekse uitgawe, vertaling, en kommentaar en Tony Chartrand-Burke (2001) se analise van die *KindEvTom* se teks, oorsprong, en oorlewing het die navorsing oor die *KindEvTom* in 'n bepaalde rigting gestuur.

Wat die teksproduksie en -reproduksie van die *KindEvTom* betref, het Sever Voicu (1997) en Jacques Noret (1972:412) belangrike tekskritiese werk gelewer wat egter nie deur Hock in ag geneem is nie, maar wel deur Chartrand-Burke. Hierdie hoofstuk in die onderhawige studie het die bedoeling om, bouend op veral die resultate van Chartrand-Burke (2001), 'n oorsig van die *KindEvTom* se manuskripte- en vertalingsgeskiedenis te bied. Die bedoeling is nie net om Chartrand-Burke se werk oor die *KindEvTom* verder bekend te stel nie, maar om veral aan te toon waarom daar op grond van my interpretasie van die *KindEvTom* voorkeur aan die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) as die mees outentieke weergawe gegee moet word. Dit is 'n keuse wat Hock nie uitoefen nie. In sy reproduksie van 'n betroubare Griekse teks van die *KindEvTom* selekteer hy nou hier en dan daar van die twee Tischendorf-tekste (kyk later) en maak dikwels ook gebruik van A Delatte (1927) se publikasie van die vyftiende-eeuse manuskrip, bekend as *Kodeks Atheniensis*. Hy laat hom op sekere plekke ook beslissend lei deur Otero de Santos (1967) se Griekse rekonstruksie na aanleiding van die Slawiese vertaling van die *KindEvTom* (kyk Hock 1995:101).

Soos Chartrand-Burke (2001), berus my keuse op alleen die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Soos ek egter daarop sal wys, word my keuse gemotiveer deur 'n aangeleentheid wat Chartrand-Burke in haar keuse vir *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) – b6 *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532), *Kodeks Bologna* (Univ 2702) en *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) – nie ingesien het nie. Hierdie motief is my oortuiging dat die outentieke konteks van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) in die Ebibionitiese vroeë Christendom gesoek behoort te word. In hierdie opsig maak hierdie studie myns insiens 'n bydrae tot die navorsing oor die *KindEvTom*.

Ons het gesien dat Hock (1995:96) die heroïese daade van die kind Jesus in die *KindEvTom* asof hy 'n volwassene is, verduidelik deur te sê dat die lesers van antieke biografieë nie sou verwag om persoonlikheidsontwikkeling by 'n karakter waar te neem nie. Henri Daniel-Rops ([1959] 1988:112) praat van “children copying grown-ups”. In die antieke Mediterreense wêreld is 'n spesifieke persoonlikheid reeds sedert geboorte

veronderstel en persoonlikheidsontwikkeling vind nie plaas, soos ons vandag weet,⁷ op grond van sosio-genetiese of psigologiese faktore nie. Chartrand-Burke (2001) se interpretasie is dat die skrywer van die *KindEvTom* sy “jong Jesus” nie anders as die Jesus en die apostels van die Nuwe Testament sien nie. Volgens haar is Jesus in die *KindEvTom* nie ’n “gnostiese verlosser” nie en ook nie ’n “god-kind” nie. Jesus is in die *KindEvTom* grootmensagtig en wys, omdat sy heroïese daade volgens kontemporêre sosiale verwagtings sy mens-wees bevestig.

Na aanleiding van die beskrywing van die geskiedenis van die manuskripte en vertalings van die Griekse tekstradisie van die *KindEvTom* in hierdie hoofstuk, wil ek ’n ondersteunende argument uitmaak waarom daar voorkeur gegee behoort te word aan die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Maar meer nog, dit bied veral vir my die tekskritiese basis waarom ek in hoofstuk 4 van die studie ’n belangrike verskil met Chartrand-Burke beredeneer. My interpretasie is dat die verskynsel dat die outeur van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) die wonderwerke van Jesus in ’n positiewe en negatiewe lig beskryf as synde hy ’n volwassene sou wees, verstaan behoort te word in die lig daarvan dat die *KindEvTom*, wel nie soseer in die genre van ’n gnostiese verlossersmite aangebied is nie, maar wel in dié van ’n god-kind mite. Die manuskripte- en vertalingsgeskiedenis van die *KindEvTom* bevestig my keuse. Dit verskaf ook vir my die motivering waarom daar in die eksegeese van die *KindEvTom* aan miteteorie – en hermeneutiek aandag gegee behoort te word (kyk hoofstuk 5). Dit berei ook my verstaan van die tyd, doel en skrywe van die *KindEvTom* in die konteks van die Ebionitiese vroeë Christendom voor, soos dit beskryf sal word in hoofstuk 4.

⁷ Persoonlikheidsontwikkeling kan van meerdere faktore en heterogene oorsprong wees wat beïnvloed kan word deur genetiese, biologiese, omgewings en sosio-kulturele faktore (kyk o a Jones & Yarhouse 2000:104-105).

2.2

Die geskiedenis van die Griekse manuskripte van die *KindEvTom*

Die oorsig van die manuskripte geskiedenis van die *KindEvTom* dui aan dat die teksvorm in die voorhande vroeë weergawes terugdateer na 'n tydperk wat aansienlik vroeër is as dié waaruit die Griekse manuskripte dateer. Soos uit die Siriese tradisie blyk, kan ons vasstel dat 'n bundel bestaande uit vyftien hoofstukke met kindertydverhale tot so laat as die sesde eeu bestaan het. Daar kan egter nie met enige mate van sekerheid aangedui word hoe die teksvorm ten tye van die samestelling daarvan daar uitgesien het nie en ook nie wie vir die skryf daarvan verantwoordelik was nie. Die fisiese tekstuens bied nie antwoorde op hierdie vrae nie. Antwoorde met betrekking tot die oorsprong van die *KindEvTom* behoort eerder gesoek te word uit dít wat uit die geskrif intern geleer kan word en uit aanduidings dat kerkvaders die verhale geken het.

Dit is derhalwe my doel met hierdie studie om spesifiek aan te dui dat die lees van die *KindEvTom* as 'n god-kind mite voldoende bevestig dat die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) as die mees outentieke teks van die *KindEvTom* beskou kan word. Waar Chartrand-Burke (2001) van mening is dat die “oorspronklike” teks tydens die tweede of dalk tydens die derde eeu deur 'n skrywer vir 'n gehoor sonder bepaalde “sektariese”⁸ verbintenis saamgestel is, sal ek 'n Ebionitiese vroeg-Christelike konteks as die moontlike *Sitz im Leben* van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) aandui.

Die *KindEvTom* vind beslag in 'n aantal verskillende vorme wat strek van die kortste volledige weergawe wat in die Siriese manuskripte verskyn en die negentien hoofstuklange Griekse manuskrip in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355), tot by die twee langer Tischendorf-tekste en die Latynse vertaling (*Vat Lat* 4578) met 'n “Egiptiese Proloog” (kyk later). Die werk van Lucas van Rompay (1980:119-131) en Sever Voicu (1997:191-196) met betrekking tot die vroeë weergawes toon op oortuigende manier aan dat die teks ten beste weergegee word in 'n “korter” weergawe. Indien dit wel die geval is, beteken dit dat die Griekse manuskripte sekondêre getuennis verteenwoordig. Voicu het selfs so ver gegaan as om aan te voer dat, vanweë die talle

⁸ Die woord “sektariese” word hier gebruik as aanduiding van die konteks waarin “faksies” in die vroeë kerk waarna “ortodokse” kerkvaders as “haereses” in hulle apologieë verwys (kyk o a Pier Franco Beatrice [1983] 1987:49-60), hulle bevind het.

interpolasies wat daarin voorkom, die Griekse manuskripte nie aangewend behoort te word om die oorspronklike teks te reproduseer nie. Voicu (1998, in Chartrand-Burke 2001; vgl Voicu 1991:119-138) het eerder verkies om met 'n ongepubliseerde manuskrip (wat deur Jacques Noret [1972:412] onder navorsers se aandag gebring is) te werk. So 'n werkwyse is egter onbevredigend omdat die *KindEvTom* oorspronklik hoogs waarskynlik in Grieks geskryf is en die basis vorm waarop die Tischendorf-tekste gebaseer is – al kom daar ook interpolasies daarin voor. Daar kan daarom met Chartrand-Burke (2001) saamgestem word dat die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) “extremely close to the form and readings of the shorter recension” is.

'n Poging om die verhouding tussen die onderskeie *KindEvTom*-tradisies te verduidelik, begin gewoonlik deur die taal van oorsprong van die teks te bepaal. Uit die onderskeie vorms waarin die *KindEvTom* voorkom — Grieks, Siries, Arabies, Ethiopies, Latyn, Georgies en Slawies — bied alleen die Griekse en Siriese weergawes ernstige moontlikhede. Terwyl die Latynse teks ongetwyfeld 'n vroeë teks is (moontlik so vroeg as die vyfde eeu – kyk Chartrand-Burke 2001) is dit inderdaad uitsonderlik dat 'n Latynse teks so hoog aangeslaan word dat dit so vroeg in die na-Nuwe-Testamentiese periode in Grieks vertaal is. Die Nuwe Testament is tydens die eerste helfte van die vierde eeu in Georgies vertaal, tydens die vyfde eeu in Armeens en so vroeg as die vierde eeu in Ethiopies (kyk Metzger 1992:82–84). Christelike literatuur het in hierdie verskillende kulture heelwat later as die tydperk waartydens die *KindEvTom* in alle waarskynlikheid ontstaan het, beslag gekry.

Dit is hoogs waarskynlik dat die *KindEvTom* in Grieks geskryf is. Dit is uitsonderlik vir 'n teks van nie-Griekse oorsprong om in Grieks vertaal te word.⁹ Griekse en Latynse lesers was nie besonder ontvanklik vir die literatuur van ander kulture nie (kyk Brock 1977:11). Soos wat ek later ten opsigte van die geskiedenis van die onderskeie weergawes van die *KindEvTom* sal aantoon, is die Arabiese weergawes waarskynlik afhanklik van dié afkomstig uit die Siriese tradisie (Cullmann [1963] 1991:256). Die Slawiese weergawes is weer afhanklik van dié uit die Griekse tradisie (Rosén 1997:25).

⁹ Die taal van oorsprong van die *Evangelie van die Nasareners* is te bevraagteken, terwyl aanvaar word dat alleen die *Legende van Abgar* in Siries geskryf is. Die latere kindheidsevangelies (*Pseudo-Matteus* en die *Arabiese Kindheidsevangelie*) kon moontlik nie-Griekse en Griekse bronne geïnkorporeer het en die *Evangelie van Gamaliël* (ook 'n latere komposisie, 5de–6de eeu) is waarskynlik in Kopties saamgestel (kyk Chartrand-Burke 2001).

Siries is as taal van oorsprong van die *KindEvTom* voorgehou omdat die *KindEvTom* swak styl in die Griekse teks openbaar (Cowper [1867] 1874:128) of omdat die outeur, benewens ander ortografiese oorwegings, 'n voorkeur toon vir nadenke oor die betekenis van die Semitiese letters *alef* en *bet* (kyk die *Leermeester*-verhale in die *KindEvTom*) in plaas van die *alfa* en *omega* (Peeters 1914:xvii-xxii).¹⁰ Voicu (in Chartrand-Burke 2001) het egter 'n oortuigende argument teen 'n Siriese oorsprong gelewer.

Volgens Chartrand-Burke (2001) is 'n Siriese oorsprong van die *KindEvTom* – op grond van 'n Siriese verbintenis met die figuur van Tomas (wat klaarblyklik aktief in Edessa, Sirië was) – onwaarskynlik omdat die toevoeging van die naam “Tomas” 'n latere tradisie ten opsigte van die teks verteenwoordig. Voorts is 'n vertaling uit Siries – oftewel uit enige Semitiese taal – na Grieks redelik uitsonderlik (kyk Brock 1977:11-16).¹¹ 'n Siriese oorsprong van die *KindEvTom* is dus onwaarskynlik, hoewel nie onmoontlik nie.

Om 'n saak vir 'n Semitiese oorsprong van 'n Griekse teks uit te maak, is nie onbekend aan Nuwe Testamentiese studies nie. Beide die Spreuke Evangelie Q (kyk Guenther 1992:41-76; vgl Turner 1968-1969:324-328; Kloppenborg 1987:51064) en die Evangelie van Matteus (kyk G Kennedy, in Davies & Allison [1988] 2004:7-17; Kürzinger 1960:19-38; 1963:108-115) is voorbeelde van geskifte in die Nuwe Testament wat na moontlike Semitiese oorsprong teruggevoer word. Redes vir sulke vermoede is die teenwoordigheid in die Griekse weergawes van onder andere die groot

¹⁰ Peeters (1914:xvii-xxii) was van mening dat die *KindEvTom*, die *Arabiesse Kindheidsevangelie* en die *Armeense Kindheidsevangelie* (soos bewaar in Wallis Budge se [1899] *Life of Mary*) almal van 'n Siriese kindheidsevangelie afkomstig sou wees. Die Siriese *KindEvTom* sou dan in Grieks vertaal word en weer vanuit die Grieks in die tale van die ander weergawes. Die gewildheid van hierdie standpunt kan toegeskryf word aan die ooglopende prominensie wat aan die apostel Tomas in Siries-verwante literatuur verleen word (kyk weer hoofstuk 4).

¹¹ Onder die vertalings uit 'n Semitiese taal na Grieks, verdien die *Septuagint* en die Ahikar-verhale (wat in die Griekse *Lewe van Esopus* geïnkorporeer is) vermelding. Wat Christelike literatuur betref, wil dit voorkom asof daar geen vroeë evangelie-tipe teks in enige ander taal as Grieks, geskryf is nie. Sekere apokriewe geskifte wat uit die tweede tot vierde eeu dateer, verskyn in Brock (1977:11-16) se lys van Siriese tekste. Dit sluit in onder andere weergawes van die *Odes van Salomo* in Grieks en Siries, die *Boek van die Lande se Wette* (ofte wel *Dialog oor Bestemming*), geskryf deur Filippus, leerling van Bardaisan van Edessa (waarvan uittreksels in die *Pseudo-Klementynse geskifte* en in Eusebius se *Demonstratio Evangelica* verskyn), sowel as die Abgar-korrespondensie (deur Eusebius self vertaal en in *Historia Ecclesiastica* 1.13 weergegee). Die *Handelinge van Tomas* mag moontlik in Siries geskryf gewees het, maar die kwessie van die oorsprong daarvan is onseker (Chartrand-Burke 2001). In latere eeue is himnes en hagiografieë, sowel as die geskifte van Efrem, Afrahat en die werk van ander prominente Siriese skrywers in Grieks vertaal. Hierdie Siriese tekste is óf relatief latere werke (Efrem en Afrahat) óf toon geen literêre affiniteit met die *KindEvTom* (Bardaisan, *Odes van Salomo*, *Handelinge van Tomas*) nie. Alleen die *Abgar Legende* kan as 'n evangelie-tipe teks beskou word, alhoewel dit ook relatief laat (teen die einde van die derde eeu) ontstaan het (kyk Drijvers 1991:494-497).

aantal Semitiese idiome wat daarin voorkom. 'n Voorbeeld hiervan is die gereelde gebruik van die voorsetsel *ἐν* in Griekse vertalings, teenoor oorspronklike Griekse tekste wat van 'n groter verskeidenheid voorsetsels gebruik maak (kyk Martin 1974:5-43).

Chartrand-Burke (2001) het die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in die *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) vir hierdie en ander “vertaalkriteria” waarna Martin verwys het, nagegaan.¹² Aan hierdie kriteria gemeet, voldoen die *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) aan die vereistes van oorspronklike Griekse komposisie.

In die Griekssprekende vroeë oosterse kerk is die integriteit van die *KindEvTom* as 'n volwaardige Griekse teks, alhoewel deur interpolasie gewysig, bo verdenking. Die teks was onder die titel τὰ παιδικὰ τοῦ Κυρίου onder 'n hele aantal skrywers in Konstantinopel bekend. Volgens Chartrand-Burke (2001) het hierdie skrywers die *KindEvTom* in die gewysigde vorm van die so genoemde “korter versie” gelees (Chartrand-Burke 2001). Onder dié skrywers tel Georgius Syncellus¹³ (tussen die agtste

¹² Voorbeelde hiervan is die volgende:

- die relatief algemene voorkoms van *δέ* in vergelyking met die kopulatiewe *καί*;
- die persentasie lidwoorde wat van naamwoorde geskei is (in die geval van die LXX is dit 4 % en in die Nuwe-Testamentiese briewe 18% – Martin 1974:5-43);
- die ongereelde voorkoms van afhanklike genitiewe persoonlike voornaamwoorde;
- die tendens om in Griekse vertalings die lidwoord ten gunste van naamwoorde met genitiewe voornaamwoorde uit te laat;
- die gereelde voorkoms van adjektiewe in tweede attributiewe posisies in Griekse vertalings;
- die algemene voorkoms van die bywoordelike partitief in die oorspronklike Grieks (bv, een keer elke 15.9 gevalle in Genesis, LXX en een keer in 3.2 gevalle in Josephus se werke (*Contra Apionem*, *Antiquitates Judaicae*);
- die reëlmaat waarmee die datief sonder *ἐν* voorkom – in Griekse vertalings is daar gewoonlik 'n een-tot-een verhouding tussen die datief met *ἐν* en dié daarsonder;
- die ongereelde voorkoms van die absolute genitief (kyk ook Turner 1968-69:177);
- en die tipiese Semitiese woordorde ten opsigte van die werkwoord en die onderwerp (kyk ook Turner 1968-69:185).

¹³ Georgius Syncellus, *Chronographia* (tussen die 8^{ste} en 9^e eeu) (teks van Konstantinopel, in Chartrand-Burke 2001):

Ἰστέον ὅτι διάφορα εὐαγγέλια γέγραπται, ἐξ ὧν τέσσαρα μόνα κέκριται τοῖς μακαρίοις ἀποστόλοις ἐκκλησιάζεσθαι, καὶ ἄλλοις παιδικὰ τοῦ σωτήρος ἡμῶν συγγέγραπται, ἐν οἷς αἱ μέχρι δωδεκαετοῦς χρόνου τῆς κατὰ σάρκα ἡλικίας αὐτοῦ τούτων αἰῶνων ποιητοῦ ἔμπεριφέρονται θαυματουργίαι.

“Weet dat verskeie evangelies geskryf is, waarvan slegs vier deur die geseënde apostels gereken is as kerklik [aanvaarbaar] en dat kindheidsverhale oor ons Verlosser vir ander saamgestel is waarin die wonderwerke berig word wat tot op sy ouderdom van twaalf – toe die Skepper van hierdie *aiones* mens was – gedoen is.

en negende eeue), Euthymius Zigabenus¹⁴ (vroeg in die twaalfde eeu) en die skrywer van 'n sesde- of sewende-eeuse lys van apokriewe wat 'n interpolasie in Timoteus van Konstantinopel se *De receptione haereticorum*¹⁵ vorm.

Die *KindEvTom* se gebruik van die episode, *Jesus in die Tempel*, in Lukas 2:41-52, versterk die argument van 'n oorspronklike Griekse komposisie. *KindEvTom* 17, soos dit in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) voorkom, is bykans 'n presiese navolging van dié in die weergawes van die belangrikste Lukas-manuskripte. Byvoorbeeld, die lesing, καὶ λυπούμενοι (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 17:3 // Lukas 2:48) verskyn andersins slegs in *Kodeks Bezae* (D) en in ander weergawes van die Westerse tekstradisie (die Oud-Latynse en Kuretonies-Siriese vertalings, die *Peshitta* en die Arabiese *Diatessaron*). Toevoegings tot die verhaal in die *KindEvTom* vind plaas op grond van gegewens in Lukas 2:47 en 49. Die sintaktiese ooreenkoms tussen die *KindEvTom* en Lukas 2:43–47 en 52 is besonder opvallend. Die *KindEvTom* en Lukas kom hier woordeliks ooreen. Hierdie ooreenkomste dui daarop dat die *KindEvTom* in een of ander stadium van teksoorlewering van 'n Griekse weergawe van die Lukasevangelie gebruik gemaak het.¹⁶

Aan die ander kant is 'n soortgelyke patroon as dié wat die Griekse ekwivalente van Lukas en die *KindEvTom* betref,¹⁷ aanduibaar ten opsigte van die verbale ooreenkomste tussen die Siriese weergawe van die *KindEvTom* en die Oud-Siriese vertaling van Lukas. Die Siriese weergawe van die *KindEvTom* wyk egter meer dikwels van die Oud-Siriese vertaling van Lukas af as wat die Griekse weergawe van die

¹⁴ Euthymius Zigabenus, *In Joannem* 2.11 (circa 1100) (teks van Konstantinopel, in *Patrologia Graeca* [geredigeer deur J-P Migne] 129:1153B):

ὡς παρασιωπηθὲν τοῖς ἄλλοις ἱστῶρησεν αὐτό, χρησιμεῖον εἰς τὸ μὴ πιστεύειν τοῖς λεγομένοις Παιδικῶς θαύμασι τοῦ Χριστοῦ.

“Omdat [die Kana-wonderwerk] deur ander in stilte oorgesien is, ag hy [hierdie weergawe] as nodig, sodat [ons] nie [ons] vertrou plaas in die sogenaamde kindheidswonderwerke van die Christus nie.

¹⁵ Timoteus van Konstantinopel, *Rec haer* (in *Patrologia Graeca* [geredigeer deur J-P Migne] 86:22C):

Τὰ Παιδικὰ λεγόμενα τοῦ Κυρίου, ἃ συνέταξαν οἱ αὐτοί, θέλοντες δόκησιν ἀποφῆναι τὴν σάρκωσιν αὐτοῦ, καὶ οὐκ ἐν ἀληθείᾳ.

“Die sogenaamde kindheidsgeskiedenis van die Here wat diegene opgeteken het wat sy menslike inkarnasie as illusie en nie as realiteit nie, wil verkondig.”

¹⁶ Uiteraard kan daar nie met enige sekerheid beweer word dat die oorspronklike skrywer van die *KindEvTom* van die oorspronklike Griekse teks van Lukas onder oë gehad het nie.

¹⁷ Kyk Baars & Helderma (1994:27–30) met betrekking tot die ooreenkomste tussen die Siriese weergawe van die *KindEvTom* en die onderskeie Siriese vertalings van Lukas.

KindEvTom in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) van die Griekse weergawe van Lukas afwyk (kyk voorbeelde in Chartrand-Burke 2001). Dit is dus onwaarskynlik dat die Siriese weergawe van die *KindEvTom* van die ou Siriese weergawe van Lukas gebruik gemaak het. Selfs die Westerse teksvariant in Lukas 2:48 is eerder 'n parafrase van die Grieks as wat dit 'n weergawe van die Kuretonies-Siriese vertaling is.

'n Mens kan daarom op grond hiervan aflei dat, watter bron die Siriese weergawe van die *KindEvTom* ook al vir die episode van *Jesus in die Tempel* gebruik het, dit die Westerse variant moes bevat het. Met redelike sekerheid kan aanvaar word dat die verhaal van *Jesus in die Tempel* nie direk op 'n Siriese vertaling van Lukas gebaseer is nie. Ons kan dus met Chartrand-Burke (2001) saamstem dat die Siriese vertaling van die *KindEvTom* hoogs waarskynlik op die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) gebaseer was en nie andersom nie. Die bewyslas vir 'n Siriese oorsprong berus dus by diegene wat sodanige aanspraak sou maak. Hulle behoort die uitsonderlikheid van 'n vertaling uit Siries na Grieks te verklaar (veral ten opsigte van vroeë Christelike evangelie-tipe literatuur) asook die Siriese weergawe van die *KindEvTom* se talle afwykings van die Siriese teks van Lukas.

Danksy die noukeurige onderlinge vergelykings van die latere weergawes van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) deur mense soos Van Rompay (1980), Voicu (1991), Gero (1971), en Chartrand-Burke (2001), kan daar met redelike stelligheid aangevoer word dat hierdie manuskrip (soos die Griekse weergawes in *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 532] en *Kodeks Bologna* [Univ 2702]) 'n hersiening van 'n vroeëre, meer oorspronklike, Griekse teks verteenwoordig.

Volgens Voicu (1991:120), wil dit voorkom of die Griekse manuskrip waarop *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) gebaseer is, op 'n oorgangsfase tussen 'n korter redaksie (hierdie "vroeëre, meer oorspronklike" teks) en 'n langer redaksie dui. Die langer redaksie word verteenwoordig in die Griekse weergawes in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532), *Kodeks Bologna* (Univ 2702) en *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355). 'n Vergelyking van al hierdie voorhande Griekse manuskripte (kyk hoofstuk 4) toon dat daar waarskynlik tydens die geskiedenis van teksoorlewering interpolasies tot die tekste toegevoeg is. Die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453), vergeleke met dié in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532), bied wat 'n teks wat meer bondig en meer onverfyn in uitbeelding van Jesus is en tog ook, in alle waarskynlikheid meer gesofistikeerd in

Christologie is (Chartrand-Burke 2001).¹⁸ Die “korter redaksie” verteenwoordig dus manuskripte afkomstig uit ’n tydperk in die *KindEvTom* se geskiedenis voordat daar verdere uitbreidings van die kindheidsverhale oor Jesus plaasgevind het.¹⁹

In die lig van bogenoemde bespreking wil dit dus op hierdie stadium van die navorsing oor die teksproduksie en –reproduksie van die *KindEvTom* voorkom of daar saam met Chartrand-Burke (2001) met gerustheid op die so genoemde “short recension theory” gebou kan word en of die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) as ’n outentieke teks van die *KindEvTom* gesien kan word. Die Siriese weergawe²⁰ en die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) lewer gesamentlik ’n relatief betroubare teks wat so ver as die vyfde eeu terugdateer. By gebrek aan enige wesentlike bewyse van voor die vyfde eeu, moet ons genoeg neem met die vorm van die teks soos wat dit in die Siriese weergawe van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) verskyn: ’n werk wat begin met Jesus in Nasaret op die ouderdom van vyf en wat afsluit met sy verskyning op ouderdom twaalf in die Tempel (kyk Chartrand-Burke 1998:27-43).

²³ Die “Johannese” woord “teken” (σημεῖον) kom net hier voor in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453), is heeltemal afwesig in die vroeë vertalings, maar talryk in die Griekse manuskripte in *Kodeks Atheniensis* [Gr 355] en in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) (vgl ook voetnota 3 in hoofstuk 2 van hierdie studie).

Hoofstuk 11

XI. 1 Ἐν δὲ τῷ καιρῷ τοῦ σπόρου σπείροντος τοῦ Ἰωσήφ ἔσπειρεν καὶ τὸ παιδίον Ἰησοῦς ἓνα κόρον σίτου.

Toe Josef op 'n [ander] keer saad gesaai het, het ook die kindjie Jesus een maat saad gesaai.²⁴

2 Καὶ ἐθήρισεν ὁ πατήρ αὐτοῦ κόρους ῥεγάλους. καὶ ἐχαρίσατο πτωχοῖς καὶ ὀρφανοῖς. ἤρεν δὲ ὁ Ἰωσήφ ἀπὸ τοῦ σπόρου τοῦ Ἰησοῦ.

En sy vader het 100 groot maat ge-oes. En hy het dit vir die armes en die vaderlose kinders gegee. En Josef het van Jesus se koring gevat.

Hoofstuk 12

XII. 1 Ἐγένετο δὲ ὡς ἔτων ὀκτώ. καὶ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ τέκτονος ὄντος καὶ ἐργαζομένου ἄροτρα καὶ ζυγούς, ἔλαβεν κράββατον παρά τινος πλουσίου ἵνα αὐτὸν ποιήσῃ μέγαν πάνον καὶ ἐπιτήδειον. καὶ τοῦ ἑνὸς κανόνος τοῦ καλουμένου κολοβωτέρου ὄντος καὶ, μὴ ἔχοντος τὸ μέτρον, ἦν λυπούμενος ὁ Ἰωσήφ καὶ μὴ ἔχων τί ποιῆσαι. προσέλθων τὸ παιδίον τῷ πατρὶ αὐτοῦ λέγει· θές κάτω τὰ δύο ξύλα καὶ ἐκ τοῦ σου μέρους ἰσοποίησον αὐτά.

En hy was ongeveer agt jaar oud. En sy vader wat 'n houtwerker was en ploecë en jukke gemaak het, het 'n bed van 'n sekere ryk man geneem om vir hom 'n groot en geskikte slaapbank te maak. En toe die een reguit plank korter was as die so genoemde korresponderende een, omdat dit nie die (regte) lengte gehad het nie, was Josef mismoedig en het nie geweet wat om te doen nie. Nadat die kindjie na

²⁴ Die verskille in die verskillende weergawes dra nie by tot die nadere identifisering van die tyd, plek en doel van die skrywe van die *KindEvTom* nie, byvoorbeeld in die Griekse manuskripte word vermeld dat toe Jesus sy maat saad gesaai het, hy saam met sy Pa uitgegaan het (ἐξῆλθεν μετὰ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ – *Kodeks Atheniensis* [Gr 355]). Die Siriese vertaling, weer, sê dat Jesus “gespeel” het toe sy Pa saad gesaai het.

sy Pa gekom het, sê hy [vir hom]: “Sit die twee planke neer en maak dit op die middelpunt gelyk.”

2 Καὶ ἐποίησεν ὁ Ἰωσήφ καθὼς εἶπεν αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς. ἔσθη δὲ τὸ παιδίον ἐκ τοῦ ἑτέρου μέρους καὶ ἐκράτησεν τὸ κολοβὸν ξύλον, καὶ ἐξέτεινεν αὐτό. καὶ ἴσον ἐποίησεν μετὰ τοῦ ἄλλου ξύλου. καὶ εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ· μὴ λυποῦ ἀλλὰ ποίει ὃ θέλεις. ὁ δὲ Ἰωσήφ περιλαβὼν κατεφίλει αὐτὸν λέγων· μακάριός εἰμι ἐγώ, ὅτι τοῦτον παιδίον ἔδωκέν μοι ὁ Θεός.

En Josef het gedoen soos Jesus vir hom gesê het. Die kindjie het by die ander punt gaan staan en die korter plank stewig vasgevat, en hy het dit gerek. En hy het [dit] gelyk met die ander plank gemaak. En hy het vir sy Pa gesê: “Moenie mismoedig wees nie, maar doen wat u wil.” En Josef het hom omhels en gesoen en gesê: “Geseënd is ek, want God het hierdie kindjie vir my gegee.”

Hoofstuk 13

1 Ἴδὼν δὲ Ἰωσήφ τὸ φρόνημα καὶ νουνεχὲς αὐτοῦ ἠβούλει μὴ εἶναι αὐτὸ ἄπορον γραμμάτων ἀλλὰ παρέδωκεν αὐτὸν ἕτερον διδάσκαλον. καὶ ὁ διδάσκαλος γράψας αὐτοῦ τὸν ἀλφάβητον ἔλεγεν· εἰπέ, ἄλφα.

Toe Josef sy verstand en insig gesien het, wou hy nie hê dat hy onbekend met die alfabet moet wees nie, maar hom na 'n ander leermeester aangegee. En die leermeester wat vir hom die alfabet neergeskryf het, sê: “Sê alfa.”

2 Τὸ δὲ παιδίον λέγει· σύ μοι πρῶτον εἶπέ τί ἐστὶν τὸ βῆτα κάγω· συ ἐρῶ τί ἐστὶν τὸ ἄλφα. πικρανθεὶς δὲ ὁ καθηγητὴς ἔκρουσεν αὐτό. καὶ κατηράσατο αὐτὸν ὁ Ἰησοῦς καὶ ἔπεσεν ὁ καθηγητὴς καὶ ἀπέθανεν.

Maar die kindjie het gesê: “Sê jý eers vir my wat is die beta en ek sal jou vertel wat die alfa is.” En die leermeester, wat hom vererg het, het hom [op sy kop] geslaan. En Jesus het hom vervloek en die leermeester het geval en gesterf.

3 Καὶ τὸ παιδίον ἀπήλθεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ πρὸς τοὺς γονεῖς αὐτοῦ. καὶ Ἰωσήφ καλέσας τὴν μητέρα αὐτοῦ παρήγγειλε αὐτῇ· μὴ ἀπολύσῃ αὐτὸν ἀπὸ τῆς οἰκίας ἵνα μὴ ἀποθνήσκωσιν οἱ παροργίζοντες αὐτόν.

En die kindjie het na sy huis na sy ouers gegaan. En Josef, wat sy moeder geroep het, het haar beveel: “Moenie hom uit die huis laat gaan, sodat hulle wat hom kwaad maak, nie sterf nie.”

Hoofstuk 14

XIV. 1 Καὶ μεθ' ἡμέρας τινὰς πάλιν ἕτερος καθηγητῆς εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ Ἰωσήφ· δεῦρο, ἀδελφέ, δός μοι αὐτὸ εἰς τὸ παιδευτήριον ἵνα μετὰ κολακείας δυνήσωμαι αὐτὸ διδάξαι γράμματα. ὁ δὲ Ἰωσήφ εἶπεν αὐτῷ· εἰ θαρρεῖς, ἀδελφέ, ἄγαγε αὐτὸ μετὰ σωτηρίας. καὶ ὁ διδάσκαλος λαβόμενος τὸ παιδίον ἐκ τῆς χειρὸς ἀπήγαγεν μετὰ φόβου καὶ ἀγῶνος πολλοῦ. τὸ δὲ παιδίον ἠδέως ἐπορεύετο.

En na sekere aantal dae het 'n ander leermeester vir sy pa Josef gesê: “Kom, broer, gee hom vir my in my skool sodat ek met vleierey hom die alfabet kan leer.” En Josef het vir hom gesê: “As jy die moed het, broer, vat hom met redding.”²⁵ En die leermeester het die kindjie aan die hand weggelei met baie vrees en stryd. Maar die kindjie het soet saamgeloop.²⁶

2 Καὶ εἰσελθὼν ἐν τῷ διδασκαλείῳ, εὗρεν βιβλίον ἐν τῷ ἀναλογίῳ κείμενον, καὶ λαβὼν αὐτὸ οὐκ ἀνεγίνωσκεν τὰ γεγράμμενα διὰ τὸ μὴ εἶναι αὐτὰ ἐκ νόμου Θεοῦ ἀλλὰ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ ἐπεφθέγγετο ῥήματα φοβερὰ ὥστε τὸν καθηγητὴν ἀντικρὺς καθιζόμενον ἠδέως πάντα ἠκούει αὐτῷ καὶ παρεκάλει αὐτὸ ἵνα πλείονα εἴπῃ, τὸ δὲ παρεστῶτα ὄχλον ἐκπληττέσθαι ἐν τοῖς ὁσίοις ῥήμασιν αὐτοῦ.

²⁵ Die uitdrukking “met redding” (μετὰ σωτηρίας) het die “soteriologiese” implikasie dat Jesus vir die leermeester verlossing kan meebring, indien die leermeester insig in die identiteit van Jesus as kind-god sou hê.

²⁶ Jesus tree onafhanklik van Josef op, hoewel die positiewe houding van Josef duidelik in die agtergrond aanwesig is.

En nadat hy die skool binnegegaan het, het hy 'n boekrol gekry wat op die kateder gelê het. En toe hy dit geneem het, het hy nie die letters geles nie omdat dit nie van die wet van God was nie. Maar hy het sy mond oopgemaak en verskriklike woorde uitgespreek met die gevolg dat die leermeester wat teenoor [hom] gesit het, met vreugde alles gehoor en hom aangemoedig het om meer te sê. Die skare wat teenwoordig was, was verbaas oor sy heilige woorde.

3 Ὁ δὲ Ἰωσήφ ταχέως ἔδραμεν εἰς τὸ διδασκαλεῖον ὑπονόησας μηκέτι οὗτος ὁ καθηγητὴς ἀπειρός ἐστὶν καὶ πάθη. εἶπεν δὲ ὁ καθηγητὴς τῷ Ἰωσήφ· ἵνα ἴδῃς,²⁷ ἀδελφέ, ὅτι ἐγὼ μὲν τὸ παιδίον σου παρέλαβον μαθητὴν, αὐτὸ πολλῆς χάριτος καὶ σοφίας μεστόν ἐστιν. τοιγαροῦν, ἀδελφέ, ἀπάγε αὐτὸν μετὰ σωτηρίας καὶ εἰς [τὸν] οἶκόν σου.

En Josef het dadelik na die skool gehardloop, menende dat híerdie leermeester nie ervare is nie en sal ly. Maar die leermeester het vir Josef gesê: “Weet broer, ek het jou kindjie as leerling ontvang, [maar] hy is vol van groot genade en wysheid. En daarom, broer, neem hom met redding na jou huis toe.”

4 Ὁ δὲ εἶπεν τῷ καθηγητῇ· ἐπειδὴ ὀρθῶς ἐλάλησας καὶ ὀρθῶς ἔμαρτύρησας, διὰ σε καὶ ὁ πληγεὶς σωθήσεται. καὶ παραχρῆμα ἐσώθη κακεῖνος ὁ καθηγητὴς. ὁ δὲ λαβόμενος τὸ παιδίον ἀπήγαγεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ.

En hy het vir die leermeester gesê: “Aangesien jy reg gepraat en reg getuig het, sal ook die ander een wat getref is, ter wille van jou gered word. En dadelik is ook daardie leermeester gered. En nadat hy [Josef] die kindjie geneem het, het hy [hom] na sy huis weggeneem.

Hoofstuk 15

²⁷ Ek interpreteer die grammatikale frase ἵνα ἴδῃς as 'n “inhoudelike subjunktief” (kyk Black 2004:99; vgl nota 4 in die onderhawige hoofstuk in Black se boek).

XV. 1 Ὁ δὲ Ἰάκωβος ἀπήγαγεν εἰς τὴν ἄπην τοῦ δῆσαι φρύγανα ἵνα ἄρτοι γίνωνται. ἀπήγεν καὶ ὁ Ἰησοῦς μετ' αὐτοῦ. καὶ συλλεγόντων αὐτῶν τὰ φρύγανα ἔχιδνα παλαμναῖα ἔδακεν τὸν Ἰάκωβον εἰς τὴν χεῖραν αὐτοῦ.

En Jakobus het in die bos ingegaan om hout te bind, sodat hulle brood kan bak. Jesus het ook met hom saamgegaan. En terwyl hulle takke bymekaar gemaak het, het 'n misbaksel van 'n adder vir Jakobus in sy hand gepik.

2 Κατατεινομένου δὲ αὐτοῦ καὶ ἀπολλυμένου προέδραμεν τὸ παιδίον Ἰάκωβος πρὸς τὸν Ἰησοῦν καὶ κατεφύσησεν τὸ δῆγμα καὶ παραχρῆμα ἰάθη τὸ δῆγμα. καὶ τὸ θηρίον ἀπενεκρώθη καὶ Ἰάκωβος ἐστάθη.

En, terwyl hy pyn verduur en sterwend was, het die kindjie Jakobus na Jesus gehardloop en hy het op die bytplek geblaas en dadelik was die byt genees. En die slang is vernietig en Jakobus het opgestaan.

Hoofstuk 16

XVI. 1 Πάλιν σχίζοντος ξύλα ἐν ἴσῳ νεωτέρου τινός, καὶ ἔσχισεν τὴν βάσιν τοῦ ποδὸς αὐτοῦ καὶ ἔξαιμος γενόμενος ἀπέθνησεν.

Weer,²⁸ toe 'n sekere jonkman hout in gelyke dele gesplits het, het hy sy voetsool oopgekloof en hy het as gevolg van bloedverlies gesterf.

²⁸ Hierdie episode is redaksioneel op 'n ander plek in die ander Griekse manuskripte geplaas. In die weergawes in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) volg dit na hoofstuk nege, dit wil sê as hoofstuk 10, en in *Kodeks Bologna* (Univ 2702) is dit hoofstuk agt. Die lesing in KindEvTom, *Kodeks Atheniensis* (Gr 355), sien soos volg daaruit:

X 1 Μετ' ὀλίγας ἡμέρας ξύλα σχίζων τις νεώτερος ἐν γειτονία τούτου ἔπεσεν ἢ ἀξίνη καὶ ἔσχισεν τὴν βάσιν τοῦ ποδὸς αὐτοῦ, καὶ αὐτίκα ὀλιγοθύμησεν μικρὸν ἀπέθανεν. Θορύβου δὲ γενομένου καὶ συνδρομῆς, ἔδραμεν καὶ τὸ παιδίον Ἰησοῦς. καὶ βιασάμενος διῆλθεν τὸν ὄχλον, καὶ ἐκράτησεν τοῦ νεανίσκου τὸν πεπληγότα πόδα, καὶ εὐθέως ἰάθη. εἶπε δὲ τῷ νεανίσκῳ· ἀνάστα νῦν, σχίξε τὰ ξύλα καὶ μνημόνευέ μου. ὁ δὲ ὄχλος ἰδὼν τὸ γεγονός προσεκύνησαν τὸ παιδίον, λέγοντες· ἀληθῶς ταχὰ ὁ Θεὸς ἐνοικεῖ ἐν αὐτῷ.

“Na 'n paar dae het 'n byl, toe 'n sekere jonkman hout in die omgewing gekap het, geval en dit het sy voetsool oopgekloof. En deurdat hy geweldig baie

2 Θορύβου γεναμένου ἔδραμεν ὁ Ἰησοῦς καὶ βιασάμενος διήλθεν διὰ τοῦ ὄχλου καὶ κρατήσας τὸν πόδα τὸν πεπληγότα καὶ εὐθέως ἰάθη. καὶ εἶπεν τῷ νεανίσκῳ· ὕπαγε, σχίζε τὰ ξύλα σου.

Toe 'n kommosie ontstaan het, het Jesus [soontoe] gehardloop en nadat hy sy pad deur die skare gebaan het, het hy die verwonde voet vasgegryp en dit was dadelik genees. En hy het vir die jonkman gesê: “Gaan, kap jou hout.”

3 Ἰδόντες δὲ οἱ ὄχλοι ἐθαύμασαν καὶ εἶπαν· πολλὰς γὰρ ψυχὰς ἔσωσεν ἐκ θανάτου καὶ ἔχει σώσαι πάσας τὰς ἡμέρας τῆς ζωῆς αὐτοῦ.

Die skare wat [dit] gesien het, was verbaas en het gesê: “Immers, hy het baie siele van die dood gered en hy het die vermoë om al die dae van sy lewe [mense] te red.”

Hoofstuk 17

XVII. 1 Ὁν[τος] δ[ὲ] τοῦ Ἰησοῦ δωδε[καετοῦς] ἐπορεύοντο [οἱ] γονεῖς αὐτοῦ κατὰ τὸ ἔθος εἰς Ἱεροσόλυμα εἰς τὴν ἑορτὴν τοῦ πάσχα. ἐν δὲ τῷ ἐπιστρέφειν αὐτοὺς ἀπέμεινεν Ἰησοῦς εἰς Ἱερουσαλήμ. καὶ οὐκ ἔγνωσαν οἱ γονεῖς αὐτοῦ νομίσαντες εἶναι αὐτὸν ἐν τῇ συνοδίᾳ.

En toe Jesus twaalf jaar oud was,²⁹ het sy ouers volgens gebruik na Jerusalem gegaan met die oog op die Paasfees. Op hulle terugkeer het Jesus in Jerusalem

gebloeï het, het hy gesterf. Nadat 'n geruis en toeloop ontstaan het, het ook die kindjie Jesus daarheen gehardloop. En hy het met geweld deur die skare gebaan en het die verwonde voet van die jonkman styf vasgehou en dadelik is dit genees. Hy het vir die jonkman gesê: 'Staan nou op, kap hout en dink aan my.' Die skare wat die gebeurtenis gesien het, het die kindjie aanbid en gesê: 'Waarlik, God woon in hierdie kindjie.'

²⁹ Die *KindEvTom* sluit hier direk aan by die kindheidspassasie in Lukas 2:41-52. Die variasies in die vertalings en in die ander Griekse manuskripte is gering en ook sonder betekenis vir die vraag na die tyd, plek en doel van skrywe van die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532).

agtergebly. Maar sy ouers het nie [dit] geweet nie, want hulle het gedink dat hy op die weg saam is.

2 Ἦλθαν ἡμέρας ὁδὸν καὶ ἐζήτουν αὐτὸν ἐν τοῖς συγγενεῦσιν καὶ ἐν τοῖς γνωστοῖς αὐτῶν, καὶ μὴ εὕροντες αὐτὸν ὑπέστρεψαν εἰς Ἱερουσαλήμ ζητοῦντες αὐτόν. καὶ μετὰ ἡμέρας τρεῖς εὗρον αὐτὸν ἐν τῷ ἱερῷ καθήμενον ἐν μέσῳ τῶν διδασκάλων καὶ ἀκούοντα αὐτῶν καὶ ἐπερωτῶντα αὐτούς. ἐξίσταντο δὲ οἱ ἀκούοντες αὐτοῦ πῶς ἀπεστομάτιζεν τοὺς πρεσβυτέρους καὶ ἐπιλύων τὰ κεφάλαια τοῦ νόμου καὶ τῶν προφητῶν τὰ σκολιὰ καὶ τὰς παραβολάς.

Hulle het dagreis afgelê en hom gesoek onder die familieledede en hulle kennisde. En toe hulle hom nie gevind het nie, het hulle na Jerusalem teruggekeer om hom te soek. En na drie dae het hulle hom in die Tempel gevind, sittende in die midde van leermeesters, luisterende na hulle en besig om hulle vrae te vra. En die wat hom gehoor het, was in ekstase oor hoe hy die oudstes geleer het en die hoofpunte van die wet en die raaisels en gelykenisse van die profete uitgelê het.

3 Καὶ εἶπεν πρὸς αὐτὸν ἡ μήτηρ αὐτοῦ· τέκνον, τί ἐποίησας ἡμῖν; ἰδοὺ ὁδυνώμενοι λυπούμενοι ἐζητοῦμέν σε. καὶ εἶπεν αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς· ἵνα τί ἐζητεῖτέ με; οὐκ οἶδατε ὅτι ἐν τοῖς τοῦ πατρὸς μου δεῖ εἶναί με;

En sy moeder het vir hom gesê: “Kind, waarom doen jy dit aan ons? Kyk, met kommer en hartseer het ons jou gesoek.” En Jesus het vir hulle gesê: “Waarom soek julle my? Weet julle nie dat ek in [die plek] van my Vader moet wees nie?”

4 Οἱ δὲ γραμματεῖς καὶ οἱ φαρισαῖοι εἶπαν τῇ Μαρίας· σὺ εἶ ἡ μήτηρ τοῦ παιδίου τούτου; ἡ δὲ εἶπεν· ἐγὼ εἶμι. εἶπαν δὲ πρὸς αὐτήν· μακαρία εἶ σύ, ὅτι ηὐλόγησεν κύριος ὁ Θεὸς τὸν καρπὸν τῆς κοιλίας σου. τοιαύτην γὰρ σοφίαν ἐνεστῶς καὶ δόξαν ἀρετῆς οὐδὲ οἶδαμεν οὔτε ἠκούσαμεν ποτε.

En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het vir Maria gesê: Is jy hierdie kindjie se Ma?” Sy het geantwoord: “Ek is.” Hulle sê vir haar: “Gelukkig is jy, want die

Here God het die vrug van jou moederskoot geseën. Immers, [God] het so 'n wysheid en heerlike waarde gevestig wat ons nóg geken nóg ooit gehoor het.”

5 Ἄναστὰς δὲ ἐκεῖθεν ὁ Ἰησοῦς ἠκολούθησεν τῇ μητρὶ αὐτοῦ, καὶ ἦν ὑποτασσόμενος τοῖς γονεῦσιν αὐτοῦ. καὶ διετήρει πάντα τὰ ῥήματα ταῦτα συμβαλοῦσα ἐν τῇ καρδίᾳ αὐτῆς. καὶ ὁ Ἰησοῦς προέκοπτεν σοφία καὶ ἡλικία καὶ χάριτι παρὰ Θεῶ καὶ ἀνθρώποις. ὧ ἡ δό[ξα]

En Jesus, wat vandaar opgestaan het, het sy moeder gevolg en was aan sy ouers onderdanig. En sy het al hierdie woorde wat sy in haar hart bedink het, bewaar. En Jesus het gegroei in wysheid en ouderdom en guns by God en by die mense – aan [God] die eer

4 ~ TYD, PLEK EN DOEL VAN SKRYWE VAN DIE KINDHEIDSEVANGELIE VAN TOMAS AS GESKRIF MET EBIONITIESE TENDENSE

4.1

Die openingsvers as sleutel tot identifisering van konteks

Die *KindEvTom* bevat geen eksplisiete verwysings wat gebruik kan word om die datum van skrywe aan te dui nie, geen betroubare identifikasie van die skrywer nie, en geen aanduiding rakende ’n presiese geografiese oorsprong nie. Die naamgewing van Jesus is ook verwarrend. Naas die enkele uitsonderings van die voorkoms van die benamings “Here” (κύριος) en Christus (ὁ χριστός), is die algemeen voorkomende “Christologiese titels” in die kanonieke evangelies (soos “Seun van God” en “Seun van die mens”) in die *KindEvTom* afwesig. Volgens Chartrand-Burke (2001) is die bogenoemde enkele titels wat in die manuskripte van die *KindEvTom* aan Jesus toegeken is, heel moontlik sekondêre byvoegings.

Hierdie siening kan egter nie onderskryf word nie. In *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 1:1 word ’n uitgebreide benaming aangetref, te wete “ons Here Jesus Christus” (ὅσα ἐποίησεν ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς ὁ Χριστὸς γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ κώμη Ναζαρέτ). Verder, in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 9:3 spreek die kind Zeno vir Jesus aan as “Here” (οὐχί, κύριε). Dit is dieselfde benaming waarmee Maria vir God in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 10:2 aanspreek: κύριε ὁ Θεός μου εὐλόγησον τὸ τέκνον μου. Dit is ook die Fariseërs en skrifgeleerdes se verwysing na God wanneer hulle God se seën vir Maria afbid in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 17:4: ἠὐλόγησεν κύριος ὁ Θεὸς τὸν καρπὸν τῆς κοιλίας σου.

Die voorkoms van beide titels κύριος en ὁ χριστός in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) kan nie as onbenullige “byvoegings” gereken word nie. Die “identiteit”, of ten minste “intimiteit”, wat daar tussen God en Jesus deur die dieselfde benaming “Here”

vir beide geteken word, behoort by die verklaring van die doel van die skrywe van die *KindEvTom* in berekening gehou word. Net so kan daar ’n saak voor uitgemaak word (ook *contra* Chartrand-Burke 2001) dat die “benaming” *Verlosser* in die *KindEvTom* funksioneel is. Afgesien van die voorkoms van die “titel” σωτήρ in die toegevoegde *titulus* tot *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453), te wete Τὰ παιδικὰ μεγαλεῖα τοῦ δεσπότου ἡμῶν καὶ σωτήρος Ἰησοῦ Χριστοῦ, kom die motief dat die teenwoordigheid van die “kindjie Jesus” *verlossing* impliseer, op twee strategiese plekke in die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) voor, naamlik in 6:4 en 7:4. Beide motiewe – te wete die identiteit tussen Jesus en God, en die verlossende teenwoordigheid van Jesus – hou verband met die verskynsel dat daar hoofsaaklik na Jesus verwys word as τὸ παιδίον Ἰησοῦς. Die “kindjie Jesus” is die protagonis in die *KindEvTom*. Die “identiteit” tussen Jesus en God en sy verlossende daade as “kind” help myns insiens om die konteks van die *KindEvTom* nader te bepaal (kyk hoofstuk 5 en 6 van hierdie studie).

Volgens Hock (1995:85) is die Griekse woord παιδικά (“boyhood deeds”) – wat in die hergekonstrueerde titel voorkom en met “kindheidsgesiedenis” in hoofstuk 3 vertaal is (kyk ook onderhawige hoofstuk, nota 1) – die “principal word” wat “an important clue for determining the purpose of the gospel as a whole” voorsien. Omdat hierdie titel nie oorspronklik in die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] voorkom nie (kyk Gero 1971:46; Koester 1990:311; Voicu 1991:119; Elliott 1993:68; Hock 1995:85), behoort die uitdrukking τὸ παιδίον eerder as die “principal word” gesien te word.

Die *kind-wees* van Jesus (Ἰησοῦς), terwyl hy deur die “broers” (ἀδελφοί) wat woon te midde van die heidene (ἐξ ἔθνων) geëer word as *ons* “heerser” (ὁ κύριος) en “messias” (ὁ Χριστός), word in die openingsvers in *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 1:1 as die sentrale saak in die boodskap van die *KindEvTom* aangedui. Die geadresseerdes is soos die adressant “Israeliete” wat hulle te midde van heidense nasies bevind. Die openingswoorde van die *KindEvTom* bied dus eerder die “clue for determining the purpose of the gospel as a whole.”

In sy werk, “Literary dynamics: How the order of a text creates its meaning”, het M Perry (1979/1980:35-64, 311-364), aangetoon hoe die openingsverse van ’n narratief dikwels bepalend is vir die verdere ontwikkeling van die plot (vgl ook Powell 1992:195-199). Wat die Sinoptiese Evangelies betref, verwys Markus (1:1) na

sy “storie” as ἀρχὴ τοῦ εὐαγγελίου ’Ιησοῦ Χριστοῦ (dit wil sê as “evangelie”) en Lukas (1:1) as διήγησις (dit wil sê as “narratief”). Matteus (1:1) se gebruik van die woord βίβλος tipeer sy vertelling as “geskiedenis” (in “narratologiese” sin in Frans as *histoire*). Indien die uitdrukking παιδικά deel van die outentieke Griekse teks van die *KindEvTom* was, kon “kind-dade” wel ’n soortgelyke rol in die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) ingeneem het. Net soos die woorde in Matteus 1:21c, “En jy moet hom Jesus (’Ιησοῦν) noem, want dit is hy wat sy volk [= die mense van Israel] (τὸν λαὸν αὐτοῦ) van hulle sondes (ἀμαρτιῶν) sal verlos (σώσει)”, as ’n soort titel inhoud gee aan wat Matteus met βίβλος bedoel (kyk Van Aarde 2003:453-467),¹ bied die openingswoorde van die *KindEvTom* die “clue for determining the purpose of the gospel as a whole”: “Ek, Thomas die Israeliet, het geoordeel dat dit nodig is om *aan al die broers wat woon te midde van die heidene*, bekend te maak wat ons Here Jesus, die Christus gedoen het toe hy *in ons land in Betlehem, in die dorp Nasaret* gebore is. Die begin daarvan is soos volg” (Ἀναγκάϊον ἡγησάμην ἐγὼ Θωμᾶς Ἰσραηλίτης γνωρίσαι πᾶσιν τοῖς ἐξ ἔθνων ἀδελφοῖς ὅσα ἐποίησεν ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς ὁ Χριστὸς γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ κώμη Ναζαρέτ. ὧν ἡ ἀρχὴ ἐστὶν αὕτη).

Die sleutel tot die konteks van die *KindEvTom* lê in die vertaling en interpretasie van die uitdrukkings ἐγὼ Θωμᾶς Ἰσραηλίτης γνωρίσαι πᾶσιν τοῖς ἐξ ἔθνων ἀδελφοῖς² en ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ κώμη Ναζαρέτ.³ Die funksie

1 Volgens Warren Carter (2001:76) vervul Matt 1:21c só ’n primêre rol. Hierdie openingsvers van die Matteusevangelie verleen dwarsdeur die hele werk vorm aan die lesers/hoorders se verwagtings, vrae en begrip ten opsigte van Jesus as reddersfiguur (vgl Carter 2001:76). Die engel se aankondiging aan Josef, die goddelik-aangewese vader van die kind Jesus, in hierdie openingsvers is ’n soort “roepingsvisioen” en met die woorde van die verteller, βίβλος γενέσεως Ἰησοῦ Χριστοῦ υἱοῦ Δαυὶδ υἱοῦ Ἀβραάμ (Matt 1:1), begin die geskiedenis (βίβλος) van die hoofkarakter Jesus.

2 Ronald Hock (1995:105) vertaal hierdie woorde as ‘I, Thomas the Israelite, am reporting to you, all my non-Jewish brothers and sisters’. Met ander woorde die uitdrukking πᾶσιν τοῖς ἐξ ἔθνων ἀδελφοῖς word vertolk as dat “Thomas, die Israeliet” aan mense skryf wat nie “Israeliete” (“all my non-Jewish brothers and sisters”) is nie. My vertaling hierbo lokaliseer die skrywer “as Israeliet” binne die konteks van diegene wat hy aanspreek as “broers”. Ek sien hulle nie as “nie-Israeliete” (soos Hock se vertaling en interpretasie) nie, maar intendeel as “Israeliete” wat woon tussen “nie-Israeliete”. My vertaling en interpretasie van τοῖς ἐξ ἔθνων kom ooreen met die algemeen aanvaarde vertaling van ’n soortgelyke Griekse frase in Handeling 10:35 (ἐν παντὶ ἔθνει), naamlik “te midde van elke nasie [=alle nasies]”. Die lokaal aanduidende funksie is die mees voorkomende gebruik van die voorsetsel ἐν. Blass / Debrunner ([1896] 1970:141, § 218) wys op voorbeelde in papiri vanuit die Ptolomeïese periode soos ἀνακεχώρηκεν ἐν Ἀλεξανδρείᾳ, πέμψαι ἐν Βαβυλωνί, τῇ ἀνόδῳ τῇ ἐν τῷ ἱερῷ. Die funksie van die voorsetsel ἐξ in die frase ἐξ ἔθνων kan of twee maniere verstaan word. Dit word óf in die plek van ἐν as lokaal aanduidend (“den dort befindlichen”) gebruik (kyk Blass / Debrunner 1970:272, §437), soos byvoorbeeld in Matteus 24:17 (μὴ καταβάτω ἄραι τὰ ἐκ τῆς οἰκίας αὐτοῦ), Kolossense 4:16 (τὴν ἐκ τῆς Λαοδικείας [ἐπιστολὴν] ἵνα καὶ ὑμεῖς ἀναγνῶτε, óf as aanduiding van “behoort tot” (“bezeichnet ἐξ die Zugehörigkeit” – Blass / Debrunner 1970:272, §437), soos

van die voorsetsel ἐξ in die frase ἐξ ἔθνων kan verstaan word as *lokaal aanduidend* in die plek van ἐν (kyk Blass / Debrunner 1970:272, §437) en die gekombineerde “geboorteplek” van die kindjie Jesus het ’n soortgelyke funksie as wat Lukas in die Petrus-toespraak in Handeling 10:39 oor die wonderdade van “Jesus van Nasaret” (Hand 10:38) “in die land van die Judeërs en in Jerusalem” (πάντων ὧν ἐποίησεν ἐν τῇ χώρᾳ τῶν Ἰουδαίων καὶ ἐν Ἰερουσαλήμ) berig.

In die “openingsvers” van die *KindEvTom* word sowel die skrywer as sy lesers “Israeliete” en “broers” (ἀδελφοί) van mekaar genoem. Hulle bevind hulle in ’n konteks tussen nie-Israeliete. Dit kan enige plek in die tweede-eeuse Diaspora wees. Die vraag is of die naam “Tomas”, die “Israelitiese” konteks, die noue “verbintenis” tussen Jesus en God, en veral die optrede van die “kindjie Jesus” as “wonderdoener” en die reaksie van omstanders in die teks self verdere lig op die presisering van die tyd, plek en doel van skrywe van die *KindEvTom* kan werp. Wat ook al die antwoord

byvoorbeeld Romeine 4:12 (οἱ ἐκ τῆς περιτομῆς) en Filippense 4:22 (οἱ ἐκ τῆς Καίσαρος οἰκίας). Wat die uitdrukking πᾶσιν τοῖς ἐξ ἔθνων ἀδελφοῖς in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) betref, kies Hock (1995:105) vir die tweede moontlikheid.

3 Die verskillende weergawes in die Griekse manuskripte van die *KindEvTom* toon ’n gevoeligheid vir die verwysings in die “openingsverse” na “ons land”, “Betlehem” en “Nasaret” as die geïmpliseerde konteks van die *KindEvTom*. Vanuit ’n geografiese oogpunt, op grond van gegewens in die Matteus- en Lukasevangelië, maak die kombinasie van die voorsetsels in die frase γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ κώμη Ναζαρέτ (“toe hy in ons land in Betlehem, in die dorp Nasaret gebore is”) in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) nie sin nie. Jesus kon tog nie in sowel Betlehem as Nasaret gebore gewees het nie. Die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) probeer meer neweskikkend ten opsigte van die voorsetsel ἐν te wees: γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ καὶ ἐν κώμῃ Ναζαρέτ. Ook hierdie weergawe maak moeilik “geografies” sin: “hy wat gebore is in ons land Betlehem en in die dorpie Nasaret”. Die weergawe in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) probeer wel sin gee met ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ ἐκ χώρας Ναζαρέτ (“in ons land Betlehem, [hy wat kom] vanuit [die] gebied Nasaret”). Die weergawe in *Kodeks Bologna* (Univ 270) het die *lectio difficilior* redaksioneel verwerk en die verwysing na “geboorte” (γεννηθεὶς) uitgelaat met die volgende rangskikking: ὅσα ἐποίησεν ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς Χριστὸς ἀναστρεφόμενος σωματικῶς ἐν πόλει Ναζαρέτ (“wat ons Here Jesus Christus gedoen het toe hy liggaamlik in die stad Nasaret rondgegaan het”). Hock (1995:105) se vertaling volg Otera de Santos (1967) se Griekse (gerekonstrueerde) vertaling van die Slawiese vertaling (kyk Hock 1995:101): “what he did after his birth in my region”. Die “geografiese fout” in die *lectio difficilior* in die twee Tischendorf-weergawes (*Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] en *Kodeks Sinaitikus* [Gr 532]) hoef egter net so min te hinder as dié in Johannes 1:28 waar Βηθάβαρα in plaas van βηθανία voorkom. Hierdie “geografiese fout” word aangetref in vertalings soos sekere Siriese weergawes, die Sahidies-Koptiese, Armeense en Georgiaanse, sowel as in die sitate van kerkvaders soos Origenes, Eusebius, Epiphanius en Chrysostomos (kyk Aland et al [1966] 1994:315, nota 9). Die kombinasie van *Betlehem* (’n Matteaanse motief) en *Nasaret* (’n Lukaanse motief) in die Tischendorf-weergawes van die *KindEvTom* is soortgelyk aan die kombinasie van elemente in die Matteaanse weergawe van die Onse Vader-gebed (6:11-13) en dié in die Lukaanse weergawe (11:2-4). Sekere Griekse manuskripte (bv *Kodeks Sinaitikus*) én vertalings (bv die Bohairies-Koptiese, Ethiopiese en Tatianus se *Diatessaron*) kombineer die woorde van Matteus 6:10 (γεννηθήτω τὸ θέλημά σου met dié in Lukas 11:2 (ἐλθέτω ἡ βασιλεία σου) (kyk Aland et al 1994:247, nota 2).

op hierdie vraag is, die kringe waar die *KindEvTom* tot en met die vierde eeu nC bekend was,⁴ behoort ook in berekening gebring te word.

Dit geld, wat die tweede eeu nC betref, die kerkvader Irenaeus (*Adv Haer* 1.13.1)⁵ en die skrywer(s) van die *Epistula Apostolorum* (4);⁶ wat die derde eeu nC betref, is daar die getuienis in die *Handelinge van Tomas* (79)⁷ en in die vierde eeu dié van die *Evangelie van Bartholomeus* (2:11)⁸ asook die *Geskiedenis van Josef die*

4 Die getuienisse vanaf die sesde eeu word die doeleindes van die identifisering van 'n moontlike konteks van die *KindEvTom* nie in berekening gebring nie (kyk weer hoofstuk 2).

5 Irenaeus (*Haer* 1.20.1); [Griekse teks en Engelse vertaling, in Chartrand-Burke 2001, "Scholarship"]:

Πρὸς δὲ τούτοις ἀμύθητον πλῆθος ἀποκρύφων καὶ νόθων γραφῶν, ἃς αὐτοὶ ἔπλασαν, παραφέρουσιν εἰς κατάπληξιν τῶν ἀνοήτων καὶ τὰ τῆς ἀληθείας μὴ ἐπισταμένων γράμματα. Προσπαραλαμβάνουσι δὲ εἰς τοῦτο κάκεινο τὸ ραδιούργημα, ὡς τοῦ Κυρίου παιδὸς ὄντος καὶ μανθάνοντος τὰ γράμματα, τοῦ διδασκάλου αὐτῷ φήσαντος, καθὼς ἔθος ἐστίν· Εἰπέ ἄλφα, ἀποκρίνασθαι τὸ ἄλφα. Πάλιν τε τὸ βῆτα τοῦ διδασκάλου κελεύοντος εἰπεῖν, ἀποκρίνασθαι τὸν Κύριον· Σὺ μοι πρότερον εἰπέ τί ἐστὶ τὸ ἄλφα, καὶ τότε σοὶ ἐρῶ τί ἐστὶ τὸ βῆτα. Καὶ τοῦτο ἐξηγούνται, ὡς αὐτοῦ μόνου τὸ ἄγνωστον ἐπισταμένου, ὃ ἐφάνέρωσεν ἐν τῷ τύπῳ τοῦ ἄλφα.

“Besides those passages, they adduce an untold multitude of apocryphal and spurious writings, which they have composed to bewilder foolish men and such as do not understand the letters of the Truth. For this purpose they adduce this falsification: When the Lord was a child and was learning the alphabet, his teacher said to him—as is customary – ‘Pronounce alpha.’ He answered: ‘Alpha.’ Again the teacher ordered him to pronounce ‘Beta.’ Then the Lord answered: ‘You tell me first what alpha is, and then I shall tell you what beta is.’ This they explain in the sense that he alone understood the Unknowable, which he revealed in the figure of ‘alpha’ as in a type.”

6 *Epistula Apostolorum* 4 (2e eeu) (Clavis Apocryphorum Novi Testamenti [CANT]) [onder redaksie van M Geerard 1992] 22; 2d c [uit die Engelse vertaling van die Ethiopiese weergawe]:

“Dit is wat ons Here Jesus Christus, wat ontvang is van Josef en Maria, sy moeder, gedoen het toe hy die alfabet moes leer. En hy wat hom onderrig het, sê vir hom terwyl hy hom onderrig, ‘Sê Alfa.’ Hy het toe geantwoord en gesê, ‘Sê eers vir my wat Beta is.’ En dit het waarlik so gebeur.”

7 *Handelinge van Tomas* 79 (CANT 245) [teks in Lipsius & Bonnet [[1891-1903]] 1959:99-291]:

πιστεύσατε ἐπὶ τῷ γεννηθέντι Χριστῷ ἵνα οἱ γεννηθέντες διὰ τῆς αὐτοῦ ζωῆς ζήσωσιν· ὃς καὶ ἀνετράφη διὰ νηπίου, ἵνα ἡ τελειότης διὰ τοῦ ἀνθρώπου αὐτοῦ φανῆ. ἐδίδαξεν τοὺς ἰδίους αὐτοῦ μαθητάς· τῆς γὰρ ἀληθείας διδάσκαλος αὐτός ἐστιν καὶ τῶν σοφῶν ὁ σοφιστής.

“Glo in Christus, wat gebore is sodat die geborenes deur sy lewe mag leef, wat ook as kind groot geword het sodat die volle rypheid uit sy volwassenheid mag voortspruit. Hy het sy eie dissipels onderrig (Latynse teks: sy eie onderwyser [magistrum suum]), want hy is die leermeester van waarheid en die wysste onder die wyses.”

8 *Evangelie van Bartholomeus* 2:11 (4e eeu) (CANT 63) [teks in Vassiliev, A 1893, *Anecdota graeco-byzantina*, 1, 1, 10–22]:

λέγει αὐτοῖς Μαριάμ· κατὰ τὴν ἐκτύπωσιν ὑμῶν ἔπλασεν ὁ Θεὸς τὰ στρουθία καὶ ἀπέστειλεν αὐτὰ εἰς τὰς τέσσαρες γωνίας τοῦ κόσμου.

Houtwerker (17)⁹ en die kerkvaders Johannes Chrysostomos (*Homilae in Joannem* 17) (circa 386-398 nC) van Antiogië¹⁰ en Epiphanius van Salamis (*Panarion* 51.20.2-3) (376 nC).¹¹

Onder hierdie vroeë getuienisse blyk Epiphanius ’n uitsondering te wees. Hy toon nêrens dat hy gekant is teen die strekking van die verhale in die *KindEvTom* nie en veral nie met die idee dat Jesus as kind wonderwerke gedoen het nie. Daarom sal Epiphanius se getuienis ernstig geneem moet word. Maar voordat ons ingaan op die vraag of Epiphanius vir ons kan help om die *KindEvTom* se konteks te bepaal, gee ons eers aandag aan Irenaeus, omdat hierdie kerkvader een van die vroegste bestryders

“Maria het aan hulle [die apostels] gesê: ‘God het in ooreenkoms met julle gelykenis die mossies geskep en na die vier uithoeke van die aarde gestuur.’”

9 *Geskiedenis van Josef die Houtwerker* 17 (CANT 60) [Vertaling gebaseer op J K Elliott (1993:114-117) se Engelse vertaling uit die Kopties vertaal]:

“O Heer, moet my nie om die rede kwaad toewens nie, want ek was onkundig oor die misterie van u geboorte. Ek onthou ook, my Heer, die dag toe die seun van die slangbyt gesterf het. En sy familie wou u aan Herodes uitlewer, want hulle het beweer u het hom doodgemaak, maar u het hom uit die dood gewek en hom weer aan hulle terugbesorg. Toe het ek na u toe gegaan en u hand geneem en gesê, ‘My seun, kyk na jouself.’ Maar u het my geantwoord, ‘Is jy nie my vader in die vlees nie? Ek sal jou onderrig aangaande wie ek is.’”

10 Chrysostomos, *Homilae in Joannem* 17 (in *Patrologia Graeca* [onder redaksie van J-P Migne] 59:410):

Ἐτεῦθεν ἡμῖν λοιπὸν δῆλον, ὅτι καὶ τὰ σημεῖα ἐκεῖνα, ἃ παιδικὰ εἶναί φασι τοῦ Χριστοῦ, ψευδῆ καὶ πλάσματά τινων ἐπεισαγόντων ἐστίν. Εἰ γὰρ ἐκ πρώτης ἀρξάμενος ἡλικίας ἐθαυματούργει, οὐκ ἂν οὔτε Ἰωάννης αὐτὸν ἠγνόησεν, οὔδὲ τὸ λοιπὸν πλῆθος ἐδεήθη ἂν διδασκάλου τοῦ φανερώσουτος αὐτόν.

“Daarom, in kort, is dit vir ons duidelik dat die wonders wat sommige aan Christus se kindertyd toedig, vals is en slegs konkoksies van diegene wat dit onder ons aandag bring. Want as hy vroeg van kinsbeen af wonderwerke verrig het, sou nóg Johannes hom herken het, nóg sou die res van die skare iemand nodig gehad het om hom te openbaar”).

11 Epiphanius, *Panarion* 51.20.2-3 (in *Patrologia Graeca* [onder redaksie van J-P Migne] 41:923D-925A).

οὔτε γὰρ πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ἐν γάμῳ φάσκει τὸν Χριστὸν ἠκέναί· οὐ γὰρ ὅλως τι τῶν θεοσημείων καὶ τοῦ κηρύγματος πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ὁ Χριστὸς εἰργάσατο, εἰ μὴ τι ἃ ἄδεται περὶ αὐτοῦ ἐν παιδί πεποιηκέναι, ὡς ἐν παιγνίῳ, ὡς τινες φάσκουσι. καὶ ἔδει τῷ μὲν ὄντι καὶ παιδαρικὰ αὐτὸν ἔχειν, ἵνα μὴ πρόφασις γένηται ταῖς ἄλλαις αἰρέσεσι, ταῖς λεγούσαις, ὅτι ἀπὸ τοῦ Ἰορδάνου ἦλθε Χριστὸς εἰς αὐτόν, ὅπερ ἐστὶν ἡ περιστέρᾳ.

“Want Johannes het nie gesê dat Christus na ’n bruilof gegaan het voor die versoeking nie, ook het Christus nie voor die versoeking enige goddelike tekens volbring of enigsins gepreek nie – behalwe miskien dit wat oor hom gesê word dat hy as kind gedoen het. Want ook hy is veronderstel om wonderwerke as kind te gedoen het, om die ander ketterye, wat aanvoer dat “die Christus”, met verwysing na die duif, na hom gekom het na [sy doop in] in die Jordaan) van ’n verskoning te ontnem.”

van die sogenoemde “gnostiese” Christendom was en omdat die konteks van die *KindEvTom* lank in die navorsingskiedenis as “gnosties” gereken is. Hierdie vermoede is veral toe te skryf aan die voorkoms van die naam “Tomas” in die openingsvers van die *KindEvTom*. Die volgende volgorde van bespreking word vervolgens dus gevolg:

- die “Gnostiese” vroeë Christendom;
- die “Ebionitiese” vroeë Christendom.

4.2

Die Tomas-tradisie en Gnostiese vroeë Christendom

Die Griekse manuskripttradisie bevat in al drie die weergawes die verwysing na die skrywer as “Tomas, die Israeliet”. In die toegevoegde *titulus* van die *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) word die *KindEvTom* beskryf as die “Logos, komende van die Israelitiese filosoof” (Λόγος Ἰσραηλίτου φιλοσόφου) en in die *titulus* van *Kodeks Bologna* (Univ 2702) word dit beskryf as die “komposisie van die heilige apostel Tomas” (Σύγγραμμα τοῦ ἁγίου ἀποστόλου Θωμᾶ). *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) bevat nie ’n *titulus* nie en dié in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) verwys nie na die skrywer as sodanig nie. Hoewel die omskrywings in die *titulus* van die verskillende weergawes nie as outentiek gereken kan word nie, behoort die verwysing na die naam “Tomas” in die openingsvers van ten minste *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) nie geïgnoreer te word nie.

Die enigste vermelding van die *KindEvTom* deur ’n ander teks in die Tomas-tradisie is dié in die *Handelinge van Tomas* 79 waarna ons hierbo verwys het, sonder dat ons meer oor die persoon van “Tomas” te wete kom. Helmut Koester ([1980] 1982:208) sê dat net soos die Nag Hammadi-geskrif, *Die boek van Tomas* (ook genoem “Tomas die Stryder”) (NHC II, 7), “draws [the *Acts of Thomas*] the aretalogical tradition of the apostles’ miraculous deeds into the process of gnostic interpretation: individual miracle stories become descriptions of the encounter of the heavenly world and its messenger with the lower world of demons and transitoriness.”

Die verwysing na die “kindjie Jesus” in die *Handelinge van Tomas* 79 kan as toespeling op Jesus, die *Christus* in die *KindEvTom* (kyk weer die openingsvers in die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 1:1)¹² verstaan word. In hierdie verwysing word daar aan die “grootmensagtige” wonderbaarlike optrede van die kindjie Jesus sonder twyfel “gnostiese” konnotasie verleen.¹³ “Glo in Christus, wat gebore is sodat die geborenes deur sy lewe mag leef, wat ook as kind groot geword het sodat die volle rypheid uit sy volwassenheid mag voortspruit. Hy het sy eie dissipels onderrig, want hy is die leermeester van waarheid en die wysste onder die wyses.”¹⁴

Alleen die opsigtelikheid van die naam “Tomas” in die *KindEvTom*, maar ook hierdie waarskynlike toespeling na die *KindEvTom* in die *Handelinge van Tomas* 79, laat die vraag ontstaan of die belangrikste geskrif in die Tomas-tradisie, te wete die *Evangelie van Tomas* (NHC II, 2) (kyk Evans, Webb & Wiebe 1993:88-144) nie raakpunte met die *KindEvTom* het wat ons kan help om laasgenoemde se konteks nader te presiseer nie.

Die dikwels-aangehaalde parallelle sluit in die *EvangTom* 4 (“die man oud van dae sal nie skroom om ’n klein kind van sewe dae uit te vra oor die plek van die lewe nie”) met *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 7:3 (“Vriende, ek peins oor my skande, want ek is ’n ou man en is deur ’n kindjie oorwin”);¹⁵ *EvangTom* 9 (die gelykenis van die saaiër) met *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 11 (“Toe Josef op ’n [ander] keer saad gesaai het, het ook die kindjie Jesus een maat saad gesaai. En sy vader het 100 groot maat ge-oes. En hy het dit vir die armes en die vaderlose

12 ὅσα ἐποίησεν ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς ὁ Χριστὸς γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ κώμη Ναζαρέτ (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 1:1).

13 πιστεύσατε ἐπὶ τῷ γεννηθέντι Χριστῷ ἵνα οἱ γεννηθέντες διὰ τῆς αὐτοῦ ζωῆς ζήσωσιν· ὅς καὶ ἀνετράφη διὰ νηπίου, ἵνα ἡ τελειότης διὰ τοῦ ἀνθρώπου αὐτοῦ φανῆ. ἐδίδαξεν τοὺς ἰδίους αὐτοῦ μαθητὰς· τῆς γὰρ ἀληθείας διδάσκαλος αὐτὸς ἐστὶν καὶ τῶν σοφῶν ὁ σοφιστής (*Handelinge van Tomas* 79 [CANT 245; teks in Lipsius & Bonnet [[1891-1903]] 1959:99-291]).

¹⁴ Die sentrale element in die soteriologiese opvatting van “gnostici” is dat die lewe (dit wil sê verlossing) ’n proses is wat in hierdie lewe gebeur en nie eers by dood ’n werklikheid word nie. Die gedagte van so ’n “immanensie” kom in bogenoemde aahaling voor. Verdere “gnostiese” elemente is die beklemtoning van die bereiking van volmaaktheid in hierdie lewe asook die adoptiaanse Christologie deurdat Jesus eers ná geboorte Christus en objek van geloof is. Die redding kom deur middel van die “gnosis” afkomstig van Jesus as “wyse leermeester”.

15 Ἐνθυμοῦμαι, φίλοι, τὴν αἰσχύνην μου ὅτι γέρων ὑπάρχω καὶ ὑπὸ παιδίου νενίκημαι. καὶ ἔχω ἔκκεισαι καὶ ἀποθανεῖν ἢ φυγεῖν τῆς κώμης διὰ τὸ παιδίον τοῦτο (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 7:31).

kinders gegee”¹⁶ en *EvangTom* 77 (“deurklief ‘n stuk hout, ek is daar”) met *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 16 (“Weer, toe ’n sekere jonkman hout in gelyke dele gesplits het, het hy sy voetsool oopgekloof en hy het as gevolg van bloedverlies gesterf. Toe ’n kommosie ontstaan het, het Jesus [soontoe] gehardloop en nadat hy sy pad deur die skare gebaan het, het hy die die verwonde voet vasgegryp en dit was dadelik genees. En hy het vir die jonkman gesê: “Gaan, kap jou hout”).¹⁷

’n Evaluasie van die moontlikheid dat die *KindEvTom* wel ’n “gnostiese” gees adem op grond van die bekendheid daarvan vir die skrywer(s) van die *Handelinge van Tomas* en bogenoemde toespelings in die *Ewangellie van Tomas*, vra drie punte van bespreking. Eerstens, ’n besinning van die funksie van die naam “Tomas” in die *KindEvTom*. Tweedens, die vraag of die inhoud van die *KindEvTom* wel ’n “gnostiese” verlossingsleer bevat. En, derdens, die oorweging van ’n Siriese of Egiptiese konteks as moontlike ontstaansplek van die *KindEvTom*, omdat die *Ewangellie van Tomas* moontlik in hierdie streke ontstaan het of ten minste aan dié omgewing bekend was.

Daar word wyd aanvaar dat die oorsprong van die Tomas-literatuur (*Ewangellie van Tomas*, *Handelinge van Tomas*, en die *Boek van Tomas* [die Stryder]) in Sirië gesoek moet word (Fallon & Cameron 1988:4213-4230; Roukema 1998:159; Uro 2003:24). Die vraag is of die teenwoordigheid van die naam “Tomas” in die *KindEvTom* beteken dat ook die *KindEvTom* in Sirië ontstaan het? Eksegete wat voorheen die *KindEvTom* met Sirië gekoppel het, sluit Cowper ([1874] 1867:128), Cameron (1982:122) en Chartrand-Burke¹⁸ (1998:27-43) in.

Die parallele in inhoud tussen die *KindEvTom* en die ander Tomas-verwante tekste is egter te onbenullig om materiaal in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) met die “gnostiese” oriëntasie in die Tomas-literatuur te verbind. Sedert die

16 Ἐν δὲ τῷ καιρῷ τοῦ σπόρου σπείροντος τοῦ Ἰωσήφ ἔσπειρεν καὶ τὸ παιδίον Ἰησοῦς ἕνα κόρον σίτου. Καὶ ἐθήρισεν ὁ πατήρ αὐτοῦ κόρους ῥ̄ ἐγάλους. καὶ ἐχαρίσατο πτωχοῖς καὶ ὀρφανοῖς ... (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 11:1-2a).

17 Πάλιν σχίζοντος ξύλα ἐν ἴσω νεωτέρου τινός, καὶ ἔσχισεν τὴν βάσιν τοῦ ποδὸς αὐτοῦ καὶ ἔξαιμιος γενόμενος ἀπέθνησεν. Θορύβου γεναμένου ἔδραμεν ὁ Ἰησοῦς καὶ βιασάμενος διήλθεν διὰ τοῦ ὄχλου καὶ κρατήσας τὸν πόδα τὸν πεπληγότα καὶ εὐθέως ἴαθη. καὶ εἶπεν τῷ νεανίσκῳ· ὕπαγε, σχίζε τὰ ξύλα σου (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 16:1-2).

18 Chartrand-Burke (2001) het haar opinie verander omdat nuwe tekskritiese ondersoeke daarop dui dat die meerderheid van parallele met tekste met moontlike Siriese oorsprong latere byvoegings is (kyk weer hoofstuk 2 van hierdie studie). Meyer (1904: 65) het die naam “Tomas” gebruik om die teks in Indië te plaas (vir argumente teen hierdie plasings, kyk Hock 1995:99).

ontdekking van die Nag Hammadi-biblioteek in Bo-Egipte in 1945 (kyk Robinson 1998:77-110) staan die *Evangelie van Tomas* op die voorgrond wat “gnostiese” literatuur betref (kyk Patterson 1998:33-75). Dit is egter ’n ope vraag of die *Evangelie van Tomas* wel as “gnosties” getipeer kan word (kyk Riley 1994:229). Quispel (1981, 1991)¹⁹ oordeel dat dit eerder “enkratiese” (dit wil sê “asketiese”) tendense bevat, afkomstig uit “Joods-Christelike” en Hermetiese bronne.²⁰ Baarda (1988:200) meen wel dat “the present collection of sayings known as the *Gospel of Thomas* is a Gnostic florilegium”. Koester (1992:21) se standpunt is dat die tendense in die *Evangelie van Tomas* “radikaal-enkraties” van aard met ’n gnostiese oriëntasie is. Uro (2003) sien sowel die *Evangelie van Tomas* as die *Dialog van die Verlosser* as “gnosticizing” (kyk Davies 2004:670-671).

Hierbenewens behoort die *KindEvTom* nie as deel van die Tomas-literatuur gesien te word nie. Die afwesigheid van Tomas se naam in die vroeëre weergawes van die *KindEvTom* (Siriese en Georgiaanse manuskripte, die manuskrip Tblisi, kodeks A 95; Oud-Latynse manuskripte via Irenaeus) dui aan dat ’n Tomas-outeurskap vir *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) sowel laat as onbekend in die Siriese milieu was.

Indien daar dan nie op grond van vermeende verbintenis tussen die *KindEvTom* en die *Evangelie van Tomas* ’n “gnostiese” konteks vir die *KindEvTom* afgelei kan word nie, is die vraag of Irenaeus se verwysing in *Haereses* (1.20.1) na die *KindEvTom* nie, soos dié in die *Handelinge van Tomas*, op ’n “gnostiese” oriëntasie vir die *KindEvTom* dui nie. Irenaeus sê eksplisiet dat dit “apokriewe en valse geskrifte” (ἀποκρύφῳ καὶ νόθῳ γραφῶν) is wat melding maak die “kind” Jesus (=“Here”) (ὡς τοῦ Κυρίου παιδὸς ὄντος) wat alleen die “onbekende” (ὡς αὐτοῦ μόνου τὸ ἄγνωστον ἐπισταμένου) ken.

Dieselfde negatiewe kommentaar op die *KindEvTom* word by Johannes Chrysostomos in sy *Homilae in Joannem* (17) aangetref: “Daarom, in kort, is dit vir

19 Vergelyk ook Frend (1967:13-26); Higgins (1960:292-306); Grobel (1961-62:367-373); De Conick & Fossum (1991:125-150).

20 Die *Corpus Hermeticum* is ’n versameling van sewentien Griekse traktate met waarskynlik ’n derde-eeuse oorsprong, bymekaargebring deur onbekende tiende-eeuse Bisantynse geleerdes (kyk Marksches [2001] 2003:63-64). Tradisioneel is die inhoud van hierdie traktate as “gnosties” getipeer, maar dit verteenwoordig eerder die kenmerke van die soort Platonisme tydens die Romeinse periode, dit wil sê “Middelplatonisme” (Marksches [2001] 2003:64), wat waarskynlik ’n Egiptiese oorsprong het (Roukema 1998:134; vgl Pearson 1990:136-147; Zandee 1992:96-174).

ons duidelik dat die wonders wat sommige aan Christus se kindertyd toedig, vals is en slegs konkoksies van diegene wat dit onder ons aandag bring” (ἐτεῦθεν ἡμῖν λοιπὸν δῆλον, ὅτι καὶ τὰ σημεῖα ἐκεῖνα, ἃ παιδικὰ εἶναί φασι τοῦ Χριστοῦ, ψευδῆ καὶ πλάσματά τινων ἐπεισαγόντων ἐστίν). Daarenteen bevat die verwysings in die *Evangelie van Bartholomeus* (2:11)²¹ en dié in die *Geskiedenis van Josef die Houtwerker* (17)²² nie kommentaar wat enigsins met “gnostiese” tendense in verband gebring kan word nie.

Irenaeus se negatiewe opmerkings kan egter nie met “gnostiek” as sodanig in verband gebring word nie. Buitendien is enige poging om ’n “definisie” te gee van wat “gnostiek” in die eerste twee eeue nC kon wees, uiters problematies. Die literatuur van kerkvaders help nie om ’n eenduidige beskrywing van “gnostiek” – tot selfs in die uitloop daarvan in die vierde-eeuse Manichaeïsme²³ as die “kulminasie” en “konklusie” van wat as “gnosis” bekend gestaan het (Markschies 2003:101-108) – te gee nie. Ons behoort raak te sien dat daar in die vroeë Christendom, vanuit die perspektief van die “Ortodoksie”,²⁴ drie fases onderskei kan word in die ontwikkeling van die verskynsel “gnostiek” (kyk Markschies 2003:67). In die eerste periode vind

21 λέγει αὐτοῖς Μαριάμ· κατὰ τὴν ἐκτύπωσιν ὑμῶν ἔπλασεν ὁ Θεὸς τὰ στρουθία καὶ ἀπέστειλεν αὐτὰ εἰς τὰς τέσσαρες γωνίας τοῦ κόσμου (*Evangelie van Bartholomeus* 2:11 [CANT 63], teks in Vassiliev, A 1893, *Anecdota graeco-byzantina*, 1, 1, 10–22): “Maria het aan hulle [die apostels] gesê: ‘God het in ooreenkoms met julle gelykenis die mossies geskep en na die vier uithoeke van die aarde gestuur.’”

22 “O Heer, moet my nie om die rede kwaad toewens nie, want ek was onkundig oor die misterie van u geboorte. Ek onthou ook, my Heer, die dag toe die seun van die slangbyt gesterf het. En sy familie wou u aan Herodes uitlewer, want hulle het beweer u het hom doodgemaak, maar u het hom uit die dood gewek en hom weer aan hulle terugbesorg. Toe het ek na u toe gegaan en u hand geneem en gesê, ‘My seun, kyk na jouself.’ Maar u het my geantwoord, ‘Is jy nie my vader in die vlees nie? Ek sal jou onderrig aangaande wie ek is’” (*Geskiedenis van Josef die Houtwerker* 17 [CANT 60], vertaling gebaseer op J K Elliott (1993:114-117) se Engelse vertaling uit die Kopties vertaal).

23 Roukema (1998:154) vat “de door Mani [gebore in 216 nC in Ctesifon aan die Tigris in Babilonië] ontworpen mythe” soos volg saam: “Allerlei elementen hieruit zijn te herleiden tot de persische godsdienst, maar ook de invloed van de apostel Paulus en van Marcion en de christelijke gnostiek zijn in Mani’s systeem terug te vinden. Mani’s aanhangers zijn te onderscheiden in ‘uitverkorenen’ ofwel ‘volmaakten’, die ongehuwd en ascetisch leefden, en ‘hoorders’, die minder vergingen in hun naleving van de voorschriften en wel mochten huwen ... Volgens Mani wacht de zielen van de hoorders na het aardse leven doorgaans de reïncarnatie, terwijl de zielen van de volmaakten bij de dood deel krijgen aan de verlossing. Het uiteindelijke doel van de wereld is volgens Mani dat licht en duisternis weer geheel worden gescheiden en dat de duisternis het licht nooit meer zal kunnen aanvallen.”

24 In hoofstuk een van hierdie studie is daar na die “Ortodoksie” verwys as die verskynsel dat daar sedert die vierde eeu nC ’n Grieks-filosofiese en Romeins-juridiese beeld van Jesus ontwikkel het wat bekend geword het as klassieke ontologiese Christologie (’n Christologie “van bo”). Vanuit hierdie sisteem is ’n monoteïstiese dogma ontwikkel van God as drie maar een. In die derde eeu nC het Origenes (*Contra Celsus* V.59) onderskeid begrip tref tussen “katolieke” (d w s “ortodokse”) en “gnostiese” Christene (kyk Roukema 1998:16-17).

ons kerkvaders wat sterk verskil met ander wat hulle “gnostici” genoem het (bv Hippolytus, *Refutatio Omnium Haeresium* V, 6, 3-4), terwyl sommige kerkvaders, soos byvoorbeeld Klemens van Aleksandrië (*Excerpta ex Theodoto* II, 5, 5 – kyk Sagnard [1948] 1970:52-212), ook na hulleself en ander kerkleiers as “gnostici” verwys (kyk Marksches 2003:29-39; Roukema 1998:16-19). In die tweede fase tree sekere “gnostiese” denkers selfstandig na vore wat in hulle geskifte uitsprake maak wat volgelinge aantrek en waarop hulle voortbou. Menander,²⁵ Saturninus en Basilides is hiervan voorbeelde (Marksches 2003:77-83). Net soos in fase een bestaan daar in fase twee geen eenduidigheid in denke wat kerkvaders of “gnostiese” denkers “gnosis” noem nie. Die derde fase is die periode van die sogenoemde “gnostiese sisteme” wat ooreenkomste maar ook groot onderlinge verskille het sodat daar, wat die derde fase betref, ook nie ’n eenduidige definisie van “gnostiek” gegee kan word nie. Marcionisme, Valentianisme, Barbelo-gnostisisme en moontlik Sethianisme is voorbeelde van sulke sisteme (Marksches 2003:85-100).

Indien daar ’n soort karakteristieke “tipologie” van die veelkleurige “gnostiek” tydens die periode van die vroegste manuskriptegeeskiedenis van die *KindEvTom* (kyk weer hoofstuk 2 van hierdie studie) gegee kan word, is dat die begrip “gnosis” betrekking het op insig komende van God in (a) die “natuur” van God, (b) die oorsprong van ’n verskeidenheid “geestelike kragte”, (c) die oorsprong van die skepping, (d) die doel van bestaan op aarde, en (e) die wyse waarop “geestelike verlossing” verkry kan word (Roukema 1998:13). Hierdie “gnosis” se aanname is dat mens-wees in sigself ’n latente/versteekste goddelike/ewige/hemelse kern het waarvan die oorsprong by “God Almagtig” lê, dat dit die doel van die lewe op aarde is om van hierdie oorsprong bewus te word, en dat sekeres wel op grond van “ware gnosis” met “God Almagtig” versoen word. Hierdie verlossing geskied prosesmatig in die natuur en nie eers wanneer die aardse lewe by dood agtergelaat word nie (kyk voorbeelde in die *Evangelie van Maria* en *Evangelie van Filippus*, soos bespreek deur Karen King 2003:37-81).

25 Menander sien homself as die dissipel van Simon Magus, waarvan ons in die Handeling van die Apostels 8:9-24 lees, en wat deur Irenaeus (nagevolg deur Tertullianus, Hypolytus en Epiphanius) bestempel word as dié wat die “gnostiek” begin het (kyk Roukema 1998:27).

Dit is moontlik dat die verwysing na die *KindEvTom* in die *Handelinge van Tomas* 79²⁶ op 'n “gnostiese” oriëntasie ten opsigte van die *KindEvTom* dui. Daar kan egter gladnie vasgestel word op watter weergawe van die *KindEvTom* hierdie uitspraak in die *Handelinge van Tomas* gebaseer is nie. In sowel sekere van die Griekse manuskripte as vroeë vertalings van die *KindEvTom* is daar inderdaad “gnostiese” tendense in die sin van bogenoemde bespreking aanwesig. Daar kan egter ook aangetoon word dat die outentieke Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) hierdie tendense uitgeweer het en dat dié outentieke weergawe van die *KindEvTom* eerder Ebionitiese tendense verteenwoordig. Die volgende voorbeelde kan aangedui word:

4.2.1

KindEvTom, Kodeks Sinaitikus (Gr 453) 6:4

In *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:4 lees ons byvoorbeeld:²⁷ “En die kindjie Jesus het die leermeester direk in die gesig gekyk en hierdie woord gesê: ‘Synde ’n leermeester het jy slim uitgedraai, maar die naam waarmee hy [jou] benoem, maak van jou ’n vreemdeling. Immers, ek is van buite jou maar is binne-in jou op grond van hierdie edele liggaam wat ek besit. En jy wat ’n kenner van die wet is, jy ken nie die wet nie.’” En vir Josef sê hy: “Toe u gebore is, was ek en het langs u vir u bestaan, sodat, vader, u van my onderrig sal ontvang wat niemand ander ken of sal kan leer nie. En u sal die naam ‘verlossing’ dra.”

Chartrand-Burke (2001, “Text and Translation”, nota 55) verwys na die uitspraak (“Synde ’n leermeester het jy slim uitgedraai”), wat nie in die ander Griekse

26 πιστεύσατε ἐπὶ τῷ γεννηθέντι Χριστῷ ἵνα οἱ γεννηθέντες διὰ τῆς αὐτοῦ ζωῆς ζήσωσιν· ὃς καὶ ἀνετράφη διὰ νηπίου, ἵνα ἡ τελειότης διὰ τοῦ ἀνθρώπου αὐτοῦ φανῆ. ἐδίδαξεν τοὺς ἰδίους αὐτοῦ μαθητάς· τῆς γὰρ ἀληθείας διδάσκαλος αὐτός ἐστιν καὶ τῶν σοφῶν ὁ σοφιστής (*Handelinge van Tomas* 79 [CANT 245], teks in Lipsius & Bonnet [1891-1903] 1959:99-291): “Glo in Christus, wat gebore is sodat die geborenes deur sy lewe mag leef, wat ook as kind groot geword het sodat die volle rypheid uit sy volwassenheid mag voortspruit. Hy het sy eie dissipels onderrig (Latynse teks: sy eie onderwyser [*magistrum suum*]), want hy is die leermeester van waarheid en die wysste onder die wyses.”

27 Τὸ δὲ παιδίον Ἰησοῦς ἐμβλέψας αὐτοῖς εἶπεν τῷ καθηγητῇ τοῦτον τὸν λόγον· καθηγητῆς ὢν εὐφυῶς ἐξηλθες καὶ τὸ ὄνομα ὃ ὀνομάζει ἀλλότριος τυγχάνεις. ἔξωθεν γὰρ εἰμι ὑμῶν. ἔνδοθεν δὲ ὑμῖν δι’ αὐτὴν σαρκικὴν εὐγενίαν ὑπάρχων. σὺ δὲ νομικὸς ὢν, τὸν νόμον οὐκ οἶδες. πρὸς δὲ τὸν Ἰωσήφ λέγει· ὅτε ἐγεννήσω ὢν ἐγὼ σοι παρειστήκειν ἵνα, πάτερ, παιδευθῆς παιδείαν παρ’ ἐμοῦ ἢν ἄλλος οὐκ οἶδεν οὐδὲ διδάξαι δύναται. καὶ τὸ σωτηρίου ὄνομα βασιτάσεις (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 6:4).

manuskripte of die vertalings voorkom nie, as a “problematic sentence”. In beide *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) as *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) staan daar: “waarlik, leermeester, alles wat my vader vir jou gesê het, is waar” (ἀληθῶς καθηγητά, πάντα ὅσα εἶρηκέν σοι ὁ πατήρ μου ἀληθά εἰσιν). In die vroeër weergawes in die vertalings is dit Josef wat vir die benaming verantwoordelik is. In die Siriese en Georgiëse weergawes word die sin anders afgesluit met: “ek is ’n vreemdeling vir hulle”. Die Griekse manuskripte het ook ’n verskillende lesing: “ek is here van daardie mense” (καὶ τούτων μὲν ἐγὼ εἰμι κύριος; *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532 m, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 532] 6:4), terwyl *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) nog byvoeg: “maar julle is vreemdelinge, maar vir my is hierdie gesag gegee” (ὕμεις δὲ ἀλλότριοί ἐστε, ὅτι ἐμοὶ μόνον ἡ ἐξουσία ἐδόθη αὐτή). Die tendens om die Joodse leermeester in slegte lig te stel teenoor die positiewe lig waarin Jesus se pa geteken word, is myns insiens duidelik aanwesig in die weergawe hierbo in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Wat die uitspraak, “Immers, ek is van buite jou maar is binne-in jou op grond van hierdie edele liggaam wat ek besit”, is die variasie in die Griekse manuskripte weer eens opvallend: “ek is van voor die tyd, maar nou is ek teenswoordig en is in julle midde gebore ek is met julle, maar julle weet nie wie ek is nie. Daarteenoor weet ek van waar julle is en hoeveel jare van die lewe julle oor het” (ἐγὼ πρῶτου αἰῶνός εἰμι καὶ νῦν ἀρρῆμι καὶ ἐν ὑμῖν ἐγεννήθην καὶ μεθ’ ἡμῶν ἦν ἐγὼ. καὶ οὐκ οἶδατε τίς εἰμι. ἐγὼ δὲ οἶδα τὸ πόθεν ἐστὲ καὶ πόθεν ἦτε καὶ πόσα ἐστὶν ἔτη τῆς ζωῆς ὑμῶν). Die Siriese vertaling lees: “eer wat die liggaam betref, het ek nie.”

Volgens my interpretasie word die “gnostiese” tendense in die weergawe hierbo in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) met Ebionitiese idees vervang. In vergelyking met die ander Griekse manuskripte is dit alleen die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) wat die belangrike verandering van adres vanaf die Joodse leermeester na Josef bevat – ’n verandering wat wel duidelik in die Siriese vertaling geïmpliseer word. Die weergawe in die Griekse manuskripte mis die belangrike opmerking dat Jesus sedert sy geboorte (nie pre-eksistent in terme van ἐγὼ πρῶτου αἰῶνός εἰμι, soos in *Kodeks Atheniensis* [Gr 355] en *Kodeks Sinaitikus* [Gr 532] nie) ter wille van sy Vader daar was. Ook die Ethiopiese vertaling (“ek het nie ’n familie van liggaamlikheid soos jy nie”) en die Latynse weergawe in die *Evangelie van Pseudo-Matteus* (“ek het geen liggaamlike ouer nie”) bevat eerder “gnostiese” as Ebionitiese

gedagtes. Die “Ebionitiese Christendom” is bekend daarvoor om hulle as ingebed in die Israelitiese etnisiteit²⁸ te sien.

Die belangrike “Ebionitiese” gedagte in die uitspraak, “En vir Josef sê hy: ‘Toe u gebore is, was ek en het langs u vir u bestaan, sodat, Vader, u van my onderrig sal ontvang wat niemand anders ken of sal kan leer nie. En u sal die naam verlossing dra’”, word alleen in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) aangetref. Die weergawes in die Siriese en Ethiopiese vertalings, wat sterk varieer, bevat beide verwysings na Jesus se dra van sy kruis, ’n onderwaardeerde element in Ebionitiese soteriologie. Dieselfde tipe verwysing na “kruis-soterologie” word in die ander Griekse manuskripte aangetref: “en wanneer jy my kruis sien waarvan my Vader vir jou vertel het, dan sal jy glo dat alles wat ek ek gesê het, waar is” (καὶ ὅταν ἴδῃς τὸν σταυρόν μου ὃν εἶπεν σοι ὁ πατήρ μου, τότε πιστεύσεις ὅτι πάντα ὅσα εἶπόν σοι ἀληθινὰ εἰσι (*Kodeks Atheniensis* [Gr 355])).

4.2.2

KindEvTom, Kodeks Sinaitikus (Gr 453) 6:6

’n Ander voorbeeld waar ’n Ebionitiese en nie ’n “gnostiese” tendens in die *KindEvTom* aanwesig is, is *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:6:²⁹ “En die kindjie antwoord hulle en sê: ‘Waaroor is julle verbaas? Julle is eerder hieroor ongelowig, oor dat wat ek vir julle gesê het, die waarheid is. Toe julle gebore is – en ons vaders en die vaders van julle vaders – het ek en hy wat voor die kosmos geskape is, noukeurig [reeds] geweet.’”

²⁸ Hierdie “etniese identiteit” het hulle outentisiteit bepaal. Vanuit die perspektief van die kultuur-antropologie sien Dennis Duling (2003:222-241) “etniese identiteit” as bestaande uit die volgende kulturele kenmerke: (1) ’n korporatiewe naam wat mense as groep idealiseer, (2) gemeenskaplike voorvaders op grond daarvan dat die groep hulle sien as die nageslag van ’n bepaalde persoon of familie, (3) gedeelde “historiese herinneringe” na aanleiding van die verbintenis aan helde en heldedade van die verlede, (4) ’n gemeenskaplike grondgebied wat die groep as land van hulle voorvaders reken, (5) ’n bepaalde taal of dialek, (6) familie of familieverwantskap (*kinship*) tot wie die groep ’n sentiment van solidariteit het, (7) gemeenskaplike kulturele gebruike en (8) gedeelde kultus.

²⁹ Ἀπεκρίθη αὐτοῖς τὸ παιδίον καὶ εἶπεν· τί θαυμάζετε; μᾶλλον δὲ τί ἀπιστεῖτε ἐφ’ οἷς εἶπον ὑμῖν ἀληθῶς ἐστίν· ὅτε ἐγεννήθητε ὑμεῖς καὶ οἱ πατέρες ἡμῶν καὶ οἱ πατέρες τῶν πατέρων ὑμῶν, οἶδα ἀκριβῶς καὶ ὁ πρῶτον κόσμον κτισθεῖς (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:6).

Die *onkunde* van die “leermeester en Fariseër” wat eksplisiet teenoor die *kennis* van Jesus (en die Een wat was vóórdadig die kosmos geskape is, dit wil sê die “hoogste God wat enige skeppingshandeling van ’n laer God – ’n idee wat by “gnostiese” skrywers voorkom) gestel word, is afwesig in die vroeë vertalings. Hierdie weergawes beklemtoon nie die teenstelling in kennis/onkunde nie, maar meld slegs dié van Jesus wat weet wanneer sy opponente gebore is. Die weergawe in die Griekse manuskripte is ook opvallend deurdat dit Jesus se uitspraak as ’n “paradoks” beskryf: οἶδα ὅτε ἐγεννήθητε ὑμεῖς καὶ οἱ πατέρες ὑμῶν καὶ οἱ πατέρες τῶν πατέρων· ἔτι καὶ τὸ παράδοξον λέγω ὑμῖν ὅτι οἶδα ὅτε ὁ κόσμος ἐκτίσθη καὶ ὁ πέμψας πρὸς ὑμᾶς οἶδε (*Kodeks Atheniensis* [Gr 355]): “ek weet wanneer julle en julle vaders en die vaders van julle vaders gebore is; en ek meld selfs dié paradoks aan julle: ek weet wanneer die kosmos geskep is ek ken die Een wat [my] na julle gestuur het.” In hierdie weergawe is daar ’n (“gnostiese”?) *paradoksale* verheffing van Jesus bó die biologies-geskape, Israelse (voor)familie – ’n tendens wat ook in die Johannesevangelie (8:31-59) voorkom: εἶπον οὖν οἱ Ἰουδαῖοι πρὸς αὐτόν, Πεντήκοντα ἔτη οὐπω ἔχεις καὶ Ἀβραάμ ἑώρακας; εἶπεν αὐτοῖς Ἰησοῦς, Ἀμὴν λέγω ὑμῖν, πρὶν Ἀβραάμ γενέσθαι ἐγὼ εἰμί (Joh 8:52).

In die *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) se weergawe word nie net ’n “gnostiese” gedagte uitgeweer nie, maar word Jesus sterk “tuisgemaak” in die konteks van ’n uitgebreide biologiese familie wat sý voorvaders – nie dié van sy opponente nie – insluit. Ook hierdie tendens is sterk Ebionities.

Die uitspraak, “het ek en hy wat voor die kosmos geskape is, noukeurig [reeds] gewet”, herinner aan woorde in die *Evangelie van die Waarheid* (NHC I, 3 en XII, 2), een van die Nag Hammadi-geskrifte. In die *Evangelie van die Waarheid* word ’n onderskeid getref tussen “skepping” en “kosmos” (kyk Evans, Webb & Wiebe 1993:19-41). Laasgenoemde is die onvolmaakte refleksie van die goddelike pleroma, terwyl eersgenoemde die refleksie van die volmaakte pleroma is. Hierdie “gnostiese” geskrif verkondig vreugde vir hulle wat ontvang word van die “vader van waarheid” wat vanuit die goddelike pleroma emaner. Diegene wat die “vader van waarheid” nie ken nie, bevind hulle in absolute vergetelheid.

Die dosetiese wyse waarop Jesus egter in die *Evangelie van Waarheid* geteken word, is heeltemal afwesig in die *KindEvTom* (kyk Roukema 1998:162). Daarby vind ons in die *Evangelie van die Waarheid* die “nie-gnostiese” verlossingsboodskap dat Jesus se dood aan die kruis vir baie mense lewe beteken. Roukema (1998:162) se

opmerking is dus ter sake” “De meeste overwegingen van deze toespraak zullen in een katholieke gemeente wat ongewoon hebben geklonken, maar zouden wellicht toch zijn geaccepteerd.” Die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) behoort dus nie op grond van hierdie uitspraak in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:6 as “gnosties” getipeer te word nie.

4.2.3

KindEvTom, Kodeks Sinaitikus (Gr 453) 6:8

Irenaeus se verwysing na die *KindEvTom*, wat skynbaar hierdie geskrif in ’n “gnostiese” kader intrek, lyk of dit korreleer met die uitspraak in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:8:³⁰

Toe dit lyk asof hulle deur die kindjie se verduideliking getroos is, het die leermeester vir sy pa gesê: “Kom, bring hom in na my skool toe en ek [die] alfabet leer.” En Josef wat [hom] by sy hand gevat het, het hom na die skool weggelei. En die leermeester, wat hom mooi behandel het, het hom in die plek van onderrig ingeneem. En Saggeus het vir hom die alfabet neergeskryf en begin om vir hom die [letters se betekenisse] oop te maak. En hy vir hom ’n letter oor en oor herhaal. Maar die kindjie het hom nie geantwoord nie. Die geïrriteerde leermeester het hom oor die kop geslaan. En die kindjie het kwaad geword en vir hom gesê: “Ek wil eerder [jou] onderrig gee as om van jou onderrig te ontvang.

30 Ὡς οὖν ἔδοξαν παρηγορεῖσθαι ἐπὶ τῇ παρακλήσει τοῦ παιδίου, ὁ καθηγητὴς εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ· δεῦρο, ἀγαγε αὐτὸ εἰς τὸ παιδευτήριον καὶ γὰρ διδάξω αὐτὸ γράμματα. ὁ δὲ Ἰωσήφ ἐπιλαβόμενος τῆς χειρὸς αὐτοῦ ἀπήγαγεν αὐτὸν εἰς τὸ παιδευτήριον. καὶ ὁ διδάσκαλος κολακεύσας αὐτὸν ἤγαγεν αὐτὸν εἰς τὸ διδασκαλεῖον. καὶ ἔγραψεν αὐτῷ ὁ Ζακχαῖος τὸν ἀλφάβητον καὶ ἤρξατο ἐπιστοιχίζειν αὐτῷ. καὶ λέγει τῷ αὐτῷ γράμμα πλεονάκισ. τὸ δὲ παιδίον οὐκ ἀπεκρίνατο αὐτῷ. πικρανθεὶς δὲ ὁ καθηγητὴς ἔκρουσεν αὐτὸ εἰς τὴν κεφαλὴν. τὸ δὲ παιδίον ἠγανάκτησεν καὶ εἶπεν αὐτῷ· ἐγὼ σε θέλω παιδεῦσαι μᾶλλον ἢ παιδευθῆναι παρὰ σου. ἐπειδὴ οἶδα τὰ γράμματα ἃ σὺ διδάσκεις ἀκριβῶς πολλοὺς κρειττωτέρους σου. καὶ ταῦτα ἐμοί εἰσιν ὡσπερ χαλκὸς ἢ χῶν ἢ κύμβαλος ἀλαλάζον· ἅτινα οὐ παρίστησι τὴν φωνὴν ἢ τὴν δόξαν οὔτε τὴν δύναμιν τῆς συνέσεως (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 6:8).

Want ek ken die letters wat jy [vir my] leer, baie meer noukeurig as jy. En vir my is hierdie dinge soos 'n slanende klok of weergalmende simbaal wat nie óf 'n geluid óf verheerliking óf die vermoë van insig verteenwoordig nie.”

Die Ethiopiese vertaling sien nie die positiewe daad van Josef in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:8 as 'n spontane handeling nie, maar skryf dit toe aan die oordedingswerk van die leermeester (kyk Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 73). So 'n interpretasie sal inderdaad vreemd wees aan Ebionisme. Dit is egter opvallend dat die positiewe uitspraak oor Josef gladnie in die weergawes van die vroeë vertalings voorkom nie – 'n aangeleentheid, aan die ander kant, wat die (Ebionitiese) positiewe gesindheid teenoor Jesus se familie in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) verder belemtoon.

Wat in hierdie verband van beslissende betekenis is, is dat Irenaeus se verwysing nie op die outentieke weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) gebaseer is nie. Dit berus op 'n Griekse manuskrip wat wel “gnostiese” tendense bevat, maar deur dié in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) geweer is. Die Siriese vertaling bevat die opdrag: “Sê, alfa.” In die *Evangelie van Pseudo-Matteus* staan daar: “Sê, alef.” Chartrand-Burke (2001, “Text and Translation”, nota 76) wys tereg daarop dat hierdie variante lesings eerder met die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 14 ooreenkom. Daarteenoor verwys die woorde in die aanhaling van Irenaeus (*Haer* 1.20.1)³¹ ongetwyfeld na die Griekse weergawe in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355)³² en nie na die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) nie.³³ Daarby kan in ag

31 Πρὸς δὲ τούτοις ἀμύθητον πλῆθος ἀποκρύφων καὶ νόθων γραφῶν, ἃς αὐτοὶ ἔπλασαν, παραφέρουσιν εἰς κατάπληξιν τῶν ἀνοήτων καὶ τὰ τῆς ἀληθείας μὴ ἐπισταμένων γράμματα. Προσπαραλαμβάνουσι δὲ εἰς τοῦτο κάκεινο τὸ ραδιούργημα, ὡς τοῦ Κυρίου παιδὸς ὄντος καὶ μανθάνοντος τὰ γράμματα, τοῦ διδασκάλου αὐτῷ φήσαντος, καθὼς ἔθος ἐστίν· Εἰπέ ἄλφα, ἀποκρίνασθαι τὸ ἄλφα. Πάλιν τε τὸ βῆτα τοῦ διδασκάλου κελεύοντος εἰπεῖν, ἀποκρίνασθαι τὸν Κύριον· Σύ μοι πρότερον εἰπέ τί ἐστὶ τὸ ἄλφα, καὶ τότε σοὶ ἐρῶ τί ἐστὶ τὸ βῆτα. Καὶ τοῦτο ἐξηγοῦνται, ὡς αὐτοῦ μόνου τὸ ἄγνωστον ἐπισταμένου, ὃ ἐφανερώσεν ἐν τῷ τύπῳ τοῦ ἄλφα (Griekse teks en Engelse vertaling, in Chartrand-Burke 2001, “Scholarship”): “Besides those passages, they adduce an untold multitude of apocryphal and spurious writings, which they have composed to bewilder foolish men and such as do not understand the letters of the Truth. For this purpose they adduce this falsification: When the Lord was a child and was learning the alphabet, his teacher said to him—as is customary – ‘Pronounce alpha.’ He answered: ‘Alpha.’ Again the teacher ordered him to pronounce ‘Beta.’ Then the Lord answered: ‘You tell me first what alpha is, and then I shall tell you what beta is.’ This they explain in the sense that he alone understood the Unknowable, which he revealed in the figure of ‘alpha’ as in a type.”

32 Kyk ook die tweede-eeuse *Epistula Apostolorum* 4 (Latynse teks in M Geerard [red] [1992], *Clavis Apocryphorum* [CANT] 22).

geneem word dat, wat die opmerking betref in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:8, rakende die “slanende klok of weergalmende simbaal wat nie óf ’n geluid óf verheerliking óf die vermoë van insig verteenwoordig nie”, daar in die vroeë vertalings redes verskaf waarom hierdie “musiekinstrumente” sulke negatiewe kwaliteite het. Hierdie uitbreidings verhoog die element van (“gnostiese”) esotoriese kennis wat nie in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) voorkom nie.

4.2.4

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 7:2-4

Vir die doeleindes van my tese is dit belangrik om op die variasies ten opsigte van die opmerking in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 7:2-4³⁴ in die manuskripte en

33 Wat die uitspraak in *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:8, “Want ek ken die letters wat jy [vir my] leer, baie meer noukeurig as jy”, betref, kom daar ’n addisionele spreuk (wat met die Siriese teks ooreenkomste het) in ’n Ierse gedig (National Library of Ireland, MS G 50) – ’n verwerking van die oud-Latynse teks van die *KindEvTom* – voor: “any anvil that is struck teaches him who strikes it; it is not it that is taught” (teks in Chartrand-Burke 2001, “Text and Translation”, nota 78). Hierdie variasie werp klaarblyklik nie lig op my tese dat daar aan die Ebionitiese vroeë Christendom voorkeur bo die “gnostiese” vroeë Christendom as konteks van die Griekse weergawe van die *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) gegee behoort te word nie.

34 Τὸ παιδίον τοῦτο ἄρον ἀπ’ ἐμοῦ, ἀδελφέ. οὐ γὰρ φέρω τὸ αὐστηρὸν τοῦ βλέμματος αὐτοῦ, οὐδὲ τὸν τρανὸν τὸν λόγον αὐτοῦ. ἀπλῶς τὸ παιδίον τοῦτο γηγενῆς οὐκ ἔστιν καὶ τοῦτο δύναται καὶ τὸ πῦρ δαμάσαι. τάχα τοῦτο τὸ παιδίον πρὸ τῆς κοσμοποιίας ἦν. ποία γαστήρ τοῦτο ἐγέννησε ἢ ποία μήτρα ἐξέθρεψε, ἐγὼ ἀγνοῶ. οἶμοι, ἀδελφέ, ἐξηχέι με, οὐ παρακολουθῶ τῇ διανοίᾳ μου. ἠπάτησα ἑμαυτὸν, ὁ τρισάθλιος ἐγὼ· ἠγούμην ἔχειν μαθητὴν, καὶ εὐρέθην ἔχων διδάσκαλον (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 7:2).

“Neem hierdie kindjie weg van my, broer, want ek kan die strengheid van sy blik nie verdra nie en ook nie die helderheid van sy woord nie. Hierdie kindjie is gladnie op hierdie plek gebore nie en hý kan selfs vuur tem. Miskien was hierdie kindjie al daar voor die geskape wêreld. Wat van ’n moederskoot het aan hom geboorte gegee of watter soort moeder het [hom] gevoed. Ek weet nie! Weë my, broer, hy maak van my ’n idioot. Ek sal sy verstand nie kan volg nie. Ek het myself gekul, ék driemaal ellendige! Ek het gedink om ’n leerling te kry en ek is met ’n leermeester bevind.”

Ἐνθυμούμαι, φίλοι, τὴν αἰσχύνην μου ὅτι γέρων ὑπάρχω καὶ ὑπὸ παιδίου νενίκημαι. καὶ ἔχω ἔκκλεισαι καὶ ἀποθανεῖν ἢ φυγεῖν τῆς κώμης ταύτης διὰ τὸ παιδίον τοῦτο. οὐ δύναμαι γὰρ, οὐκ ἔστι ὀραθῆναι εἰς ὅψιν πάντων μάλιστα τῶν ἰδόντων ὅτι ἐνίκηθην ὑπὸ παιδίου πάνυ μικροῦ. τί δὲ ἔχω εἰπεῖν ἢ διηγήσασθαί τινα περὶ ὧν προσέθηκέν μοι κανόνας τοῦ πρώτου στοιχείου; ἀληθῶς ἀγνοῶ, φίλοι· οὔτε γὰρ ἀρχὴν οὐδὲ τέλος ἐπίσταμαι (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 7:3):

“Vriende, ek peins oor my skande, want ek is ’n ou man en is deur ’n kindjie oorwin. En ék moet uitgewerp word en doodgaan, of ek moet van hierdie dorpie vlug as gevolg van hiérdie kindjie. Ek kan nie, want dit is nie moontlik om in die sig te verskyn van veral almal wat gesien het dat ek deur ’n baie klein kindjie oorwin is nie. Wat het ek om iets oor die beginsels van die eerste letter wat aan my

vertalings te let. Terwyl die ander Griekse manuskripte die lesing in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) ondersteun, verswyg die vertalings die opmerking dat die leermeester “nou eenmaal nie nog sy woord wil hoor nog kan verstaan nie” (my vertaling van die teks in *KindEvTom, Kodeks Atheniensis* [Gr 355]: οὐδὲ τὸν λόγον αὐτοῦ ἀκούσαι ἄπαξ ἢ νοῆσαι. Die vroeë vertalings se weergawe kom min of meer (kyk Chartrand-Burke 2001, “Text and Translation”, notas 93 en 95) daarop neer dat die leermeester van opinie is dat dit nie aanvaarbaar is dat die kindjie hom op die aarde bevind nie. Hierdie “opinie” kom ooreen met die variasie ten opsigte van die daaropvolgende opmerking in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453), “[m]iskien was hierdie kindjie al daar voor die skepping gemaak is”. In plaas van die uitdrukking κοσμοποιίας (“geskape wêreld”) lees die vertalings “die vloed van Noag”. Chartrand-Burke (2001) verwys egter nie op die belangrike verskille in die Griekse manuskripte nie. *KindEvTom, Kodeks Atheniensis* (Gr 355) lees πρὸ τῆς τοῦ κόσμου ποιήσιν ἐστὶν γεγεννημένον. ποία γαστήρ τοῦτον ἐγέννησεν. ποία δὲ μήτρα ἐξέθρεψεν τοῦτον en *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) bevat die lesing πρὸ τῆς κοσμοποιίας ἦν. ποία μήτηρ αὐτὸ ἐγέννησεν, terwyl *KindEvTom, Kodeks Bologna* (Univ 2702) soos volg lees: τὸ παιδίον τοῦτο ἀληθῶς οὐκ ἔστι γηγενές.

Oënskynlik lyk dit asof daar geen verskil tussen *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) en *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) is nie, want beide bevat die uitdrukking παιδίον τοῦτο (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) / τάχα τοῦτο τὸ παιδίον (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453]) πρὸ τῆς κοσμοποιίας ἦν. Laasgenoemde kan vertaal word met “[m]iskien was hierdie kindjie al daar voor die geskape wêreld.”

Dit is egter die daaropvolgende verwysing na die “moeder” van Jesus wat duidelik op ’n verskil tussen die “gnostiese” tendens in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) en die “Ebionitiese” tendens in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) wys. Eersgenoemde ontken die biologiese oorsprong van Jesus se geboorte deur ’n moederfiguur en laasgenoemde beklemtoon die biologiese aspek van “moederskoot” en die fisiese

voorgelê is, te vertel? Waarlik vriende, ek weet nie. Want ek verstaan nie die begin of einde [daarvan] nie.”

Τοιγαροῦν, ἀδελφεῖ Ἰωσήφ, ὕπαγε αὐτὸ μετὰ σωτηρίας εἰς τὸν οἶκόν σου. τοῦτο γὰρ τὸ παιδίον τί ποτε μέγα ἐστίν, ἢ θεός, ἢ ἄγγελος, ἢ τί εἶπω οὐκ οἶδα (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 7:4):

“Daarom, broer Josef, neem hom weg met verlossing na jou huis toe, want hy is een of ander iets groots: óf ’n god óf ’n engel óf wat ek moet sê, weet ek nie.”

voeding van 'n baba deur 'n moeder. Die uitdrukking, ποία γαστήρ τοῦτο ἐγέννησε ἢ ποία μήτρα ἐξέθρεψεν, ἐγὼ ἀγνοῶ (vertaal as “Wat van 'n moederskoot het aan hom geboorte gegee of watter soort moeder het [hom] gevoed. Ek weet nie!”) dui op die verbasende erkenning van die rol van Jesus se biologiese moeder.

Hierdie erkenning aan die positiewe rol van Jesus se moeder kom eksplisiet in die Lukasevangelie voor. Luk 2:51 meld dat Jesus aan sy ouers onderdanig was (ἦν ὑπακούσμενος αὐτοῖς) en dat “sy moeder al sy woorde in haar hart bewaar het”. Verder, aan die begin van hierdie “presentasie” van die kind Jesus in die Tempel, haal Lukas (2:22) aan uit Eks 13:2 en 12 om die “aanvaarbaarheid” (oftewel “heiligheid”) van die fisiese verwekking en geboorte van 'n kind – in hierdie geval Jesus – voor God te beklemtoon: “elke man wat die moederskoot open, sal heilig voor God genoem word” (πάν ἄρσεν διανοίγον μήτραν ἅγιον τῷ κυρίῳ κληθήσεται). In hoofstuk 2, in bespreking van die die manuskripte- en vertalingsgeskiedenis van die *KindEvTom*, is daarop gewys dat die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) meer getrou gebly het aan die Lukasevangelie as die ander Griekse manuskripte. Hierdie geval in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 7:2 bevestig weer eens hierdie opmerking.

Hoewel die weergawe in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) bykans dieselfde lesing as dié in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) bevat (te wete πρὸ τῆς τοῦ κόσμου ποίησιν ἐστὶν γεγεννημένον. ποία γαστήρ τοῦτον ἐγέννησεν. ποία δὲ μήτρα ἐξέθρεψεν τοῦτον), is daar tog 'n belangrike verskil in nuanse tussen “voor die geskape wêreld” (πρὸ τῆς κοσμοποιίας) en “voordat [die] skepping van die wêreld daar was” (πρὸ τῆς τοῦ κόσμου ποίησιν ἐστὶν). Laasgenoemde behoort myns insiens verstaan te word vanuit 'n “gnostiese” perspektief. In so 'n konteks word voorrang aan pre-eksistensie verleen omdat die deelhê aan die “hoogste God” die wêreld as skeppingsproduk van “laer kragte” voorafgaan (vgl Roukema 1998:137). Die lesing in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) bevat hierteenoor die tendens dat daar tegelykertyd aan Jesus se “goddelikheid” erkenning verleen word en aan sy deelhê aan sy biologiese familie.³⁵

35 Dit is 'n gedagte wat by Paulus (kyk Gal 4:4) voorkom, maar sonder 'n Ebionitiese tendens. By Paulus word die “moeder-wees” van Jesus nie hoog waardeur nie, deurdat hy kwalifiserend tot die “gebore uit 'n vrou” (γενόμενον ἐκ γυναικός) die woorde “gebore onder die wet” (γενόμενον ὑπὸ νόμου) toevoeg.

In *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) word hierdie tendens versterk deur die opmerking “[h]ierdie kindjie is gladnie [op hierdie plek] gebore nie” (ἀπλῶς τὸ παιδίον τοῦτο γηγενῆς οὐκ ἔστιν). Die uitdrukking “hierdie plek” is toegevoeg, omdat hier duidelik nie soos in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) sprake is van vóór die skepping van die wêreld nie en ook nie soos in *Kodeks Bologna* (Univ 2702) nie waar die fisiese geboorte (dit wil sê “inkarnasie”) van Jesus as sodanig bevraagteken word met die woorde “hierdie kindjie is waarlik nie gebore nie” (τὸ παιδίον τοῦτο ἀληθῶς οὐκ ἔστι γηγενές).

Die feit dat die verskillende Griekse manuskripte nie betekenisvolle variasies op die uitspraak van die “leermeester”, “Vriende, ek peins oor my skande, want ek is ’n ou man en is deur ’n kindjie oorwin. En ek moet uitgewerp word en doodgaan, of ek moet van hierdie dorpie vlug as gevolg van hierdie kindjie” (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 7:3), bevat nie, kan daarop dui dat sy verleentheid algemeen aanvaar is. Dieselfde kan egter nie van die positiewe tendens ten opsigte van Jesus se pa gesê word nie. Die feit dat die opmerking “ek is deur ’n kindjie oorwin” (καὶ ὑπο παιδίου νενίκημαι) nie in die vroeë vertalings voorkom nie, is nie van betekenis nie want dit verminder geensins die leermeester se verleentheid nie.

In die Siriese weergawe word hierdie verleentheid weer versterk deur ’n toevoeging tot die leermeester se woorde, te wete “ek kan dit nie hanteer nie”. ’n Verdere variasie in die Siriese vertaling is die woorde: “Ek kan nie na die kindjie kyk nie ... en ek kan nie die dinge verstaan wat hy sê nie.” In die Ethiopiese weergawe word iets soortgelyk toegevoeg: “ek het geen vrede in my gemoed nie” en in die *Evangelie van Pseudo-Matteus*: “Wat sal ek kan sê? Ek kan die woorde van hierdie kindjie nie verduur nie ... ek praat die waarheid, ek lieg nie, in my oë het die gedrag van hierdie kindjie ... niks in gemeen met wat menslik is nie” (my vertaling van Engelse vertalings in Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 98).

Die uitdrukking “met verlossing” (μετὰ σωτηρίας) in die leermeester se woorde in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 7:4 het sonder twyfel ’n soteriologiese strekking. Klaarblyklik het dit die konnotasie dat die uitvoer van die opdrag om die kindjie weg te vat, redding impliseer vir diegene, soos die leermeester, wat dan moontlike negatiewe optredes van die kant van die kindjie sal vryspring.

Die voorkoms van die woord “redding” (σωτηρία) is verder vir die doeleindes van die tese van hierdie studie belangrik. Die erkenning dat “onkunde” oor die

goddelike aard van die kindjie – óf behorende tot die “hoogte god” óf behorende tot “laer gode” soos “engele” (Roukema 1998:137-138) – sal nouliks in ’n “gnostiese” geskrif gesê word. Die Ethiopiese vertaling (in Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 105) vermy ook hierdie moontlike tendens deur te vertaal: “maar as die redder is” Die feit dat redding met die teenwoordigheid van die kindjie Jesus in sy pa se huis geassosieer word, dui eerder op ’n Ebionitiese tendens. Dit is daarom belangrik om daarop te let dat hierdie uitdrukking nie in die ander Griekse manskripte voorkom nie, maar alleen in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453).

4.2.5

KindEvTom, Kodeks Sinaitikus (Gr 453) 8:1-2; 14:1

Die verwysing na “verlossing” in die uitspraak van die kindjie Jesus, “Want ek is van bo sodat ek diegene van onder kan red en na bo kan roep ... En onmiddellik is almal wat slagoffers van sy vervloeking was, gered”, in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 8:1-2,³⁶ asook Josef se woorde in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 14:1,³⁷ vra ons noukeurige aandag.

36 Τὸ παιδίον Ἰησοῦς ἐγέλασεν καὶ εἶπεν· νῦν καρποφορεῖτωσαν τὰ ἄκαρπα καὶ βλεπέτωσαν οἱ τυφλοὶ καὶ φρονέτωσαν οἱ ἄσοφοι τῇ καρδίᾳ ὅτι ἐγὼ ἄνωθεν πάρεμι ἵνα τοὺς κάτω ρύσωμαι καὶ εἰς τὰ ἄνω καλέσω, καθὼς διεστείλατό με ὁ ἀποστείλας με πρὸς ὑμᾶς (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 8:1).

“Die kindjie Jesus het gelag en gesê: Nou, laat die onvrugbare vrug dra en die blindes sien en die wat dwaas in die hart is, insig verkry. Want ek is van bo sodat ek diegene van onder kan red en na bo kan roep, soos die Een wat my na julle gestuur het, beveel het.”

Καὶ εὐθὺς ἐσώθησαν πάντες ὑπὸ τὰς κατάρας αὐτοῦ πεπτωκότες καὶ οὐδεὶς ἐτόλμα παροργίσει αὐτὸν ἀπὸ τότε (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 8:2).

“En onmiddellik is almal wat slagoffers van sy vervloeking was, gered en niemand het gewaag om hom van toe af kwaad te maak nie.”

37 Καὶ μεθ’ ἡμέρας τινᾶς πάλιν ἕτερος καθηγητῆς εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ Ἰωσήφ· δεῦρο, ἀδελφέ, δός μοι αὐτὸ εἰς τὸ παιδευτήριον ἵνα μετὰ κολακείας δυνησωμαι αὐτὸ διδάξαι γράμματα. ὁ δὲ Ἰωσήφ εἶπεν αὐτῷ· εἰ θαρρεῖς, ἀδελφέ, ἀγαγε αὐτὸ μετὰ σωτηρίας. καὶ ὁ διδάσκαλος λαβόμενος τὸ παιδίον ἐκ τῆς χειρὸς ἀπήγαγεν μετὰ φόβου καὶ ἀγῶνος πολλοῦ. τὸ δὲ παιδίον ἠδέως ἐπορεύετο (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 14:1).

“En na sekere aantal dae het ’n ander leermeester vir sy Pa Josef gesê: “Kom, broer, gee hom vir my in my skool sodat ek met vleierey hom die alfabet kan leer.” En Josef het vir hom gesê: “As jy die moed

Die variasies in die vroeë vertalings van vers 2 vervang die konsep “redding” met gedagtes soos “lewendig word” of “herstel”. Die vermelding dat God die kindjie as “reddersfiguur” – in die konteks “van bo” na hulle “hier onder” om hulle “na bo” te roep – gestuur het, kom ook nie in die vroeë vertalings voor nie.³⁸ Die vraag is of die Griekse weergawe in die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 8:1-2, wat hier twee keer die begrip “redding” (ῥύσωμαι in vs 1 en ἐσώθησαν in vs 2) bevat, “gnostiese” tendense vertoon. Die Een wat die kindjie Jesus “gestuur” het, is sonder twyfel God.

Hierdie “omskrywing” dui moontlik egter op ’n refleksie weg van die “gnostiese” idee van die “hoogste God”. Die uitdrukking “die Een wat stuur” word met behulp van die metafoor “die vrug van die lewe” met die “lewegewende God”³⁹ in verband gebring. Dit is opvallend dat die ander geval in die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) waar Jesus as “verlossersfiguur” aangedui word, te wete 14:1, geen “gnostiese” motiewe aangetref word nie. Die implikasie in die uitspraak, “En Josef het vir hom gesê: ‘As jy die moed het, broer, vat hom met redding’”, is dat as Jesus weggevat kan word skool toe, dit *bevryding* vir ander tot gevolg sal hê. In die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) word die begrip “met vreugde” (μετὰ πολλῆς χαρᾶς) vervang en in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) word slegs gesê “met jou” (μετά σε). Hoewel daar in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) die woorde μετὰ σωτηρίας voorkom, is die tipiese “gnostiese” soteriologie afwesig.

Anders as die kindheidsvertellings van Matteus en Lukas, vertel die *KindEvTom* nie van die goddelike verwekking of geboorte van Jesus nie. Die *KindEvTom* se Jesus is dieselfde as Paulus se Jesus in dié sin dat sowel Jesus se goddelike “krag” ’n pre-eksistente oorsprong het as dat Jesus in alle opsigte menslik is.⁴⁰ Die *KindEvTom* se Jesus is egter, anders as Paulus s’n, ’n wonderdoener terwyl hy volledig mens is. Sy goddelike wysheid manifesteer spesifiek vanuit sowel sy

het, broer, vat hom met redding.” En die leermeester het die kindjie aan die hand weggelei met baie vrees en stryd. Maar die kindjie het soet saamgeloop.”

38 Die vroeë vertalings voeg wel “objekte” toe wat die geneesde blindes gesien het.

39 Die Siriese vertaling en Latynse *Vindobonensis* 563 het die metafoor “regter” en die Ethiopiese vertaling verwys na God die “geneser” van die blindheid (kyk Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 106).

40 Werner Kümmel ([1969] 1972:136) druk dit soos volg uit: “Paulus ist nicht daran interessiert, das göttliche Sein und die menschliche Existenz des Jesus Christus genau zu beschreiben; er ist aber wohl daran interessiert, daß der zu Gott Gehörige, der hier nicht Sohn Gottes genannt wird, aus freien Stücken die volle Wirklichkeit des Menschseins übernahm”

ontmoetings met leermeesters en oudstes (*KindEvTom*, *Kodeks*, *Sinaïtikus* [Gr 453] 6:8-10; 8:1; 13:2; 14:2-4; 17:2-4) as sy relasie met sy biologiese familie. Die tekening van Jesus as “wonderdoener wat volledig mens” is, is een van die anti-dosetiese kenmerke van die *KindEvTom*. Dit bevestig die tese van hierdie studie, naamlik dat die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) binne die konteks van die Ebionitiese vroeë Christendom verklaar kan word.

Hierdie tendens bring ons uit by ’n moontlike Palestynse oorsprong van die *KindEvTom* en by die verwysings na die *KindEvTom* deur die kerkvader Epiphanius. Teenoor Sirië as ontstaansplek wen 'n Palestynse oorsprong vir die *KindEvTom* toenemend steun.⁴¹ Die rede hiervoor is hoofsaaklik die teenwoordigheid van sowel ’n aantal Judaïstiese parallele in die *KindEvTom* as gedeelde motiewe met stories van ander geërde Israelitiese figure.⁴² Volgens Sever Voicu (1997:193) kan die *KindEvTom* aan ’n spesifieke Jesus-groep in Palestina, naamlik die Ebioniete⁴³ toegeskryf word. Voicu sien in die *KindEvTom* se talle verwysings na Josef as Jesus se vader en na Jakobus as sy (veronderstelde) ouer broer aanduidinge van Ebionitiese christologie – dit wil sê, Jesus was goddelik maar was van ’n gewone menslike oorsprong.⁴⁴

41 Ander standpunte is byvoorbeeld dié van Ludwig Conrady (1903:377-459) wat ’n Egiptiese oorsprong voorgestel het. Hy glo die kindheidsvertellings was allegorieë van die Horus-mite. Baars & Helderman (1993/94:199-202), wat die parallele met die Horus-mite onmoontlik vind, plaas egter steeds die oorsprong van die *KindEvTom* in Egipte (vgl Baars & Helderman 1993/94:30). Ofskoon hierdie teorie later grootliks óf verwerp óf geïgnoreer is, bestaan daar volgens Chartrand-Burke (2001) wel belangrike redes waarom die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) met Egipte geassosieer kan word.

42 Die episode “Jesus Verleng ’n Plank en Jesus Maak Jakobus Gesond” herinner aan soortgelyke vertellings van Rabbi Hanina ben Dosa (*b Ta’an 25a*; *t Ber 3:20*; *b Ber 33a*), “Jesus Dra Water in sy Lyfrok” het ’n parallel in ’n apokriewe kindheidsverhaal van Esra, en ’n uitbreiding op die Mishna se skeppingsverhaal kon Jesus en die Mossies beïnvloed het. Neusner (1964:57-59) is van mening dat die leermeester Saggeus deur Yohanan ben Zakkai geïnspireer kon gewees het. Bagatti (1976:485) sien weer ooreenkoms tussen Jesus se vervloekings en die hardvotige dade van die Israelitiese “heiliges” (bv Elisa aan in 2 Kon 2:23–24) en God (2 Sam 6:6–8).

43 Die *Evangelie van die Nasareners* (waarna Hiëronimus in sy *Dialoog teen Pelagius* 3.2 verwys) en die *Evangelie van die Ebioniete* (waarna Epiphanius in sy *Haereses* [in *Panarion*] 30.13.7-8 [kyk Holl 1915:169-233, 238-464] verwys) .

44 In haar boek, *Face to face: Portraits of the divine in early Christianity*, het Robin Margaret Jensen (2005:134-135) daarop gewys hoe, onder andere, Epiphanius (in ’n brief aan keiser Theodosius) in dispuut is met “Christelike kerkvaders” wat Jesus met lang hare in skilderye geteken het: “Epiphanius justifies his denial that Jesus was a Nazarene (with long hair) because while Jesus drank wine, Nazarenes do not ... For, how could the Savior have had long hair he asks, when his disciples all had short, cropped hair?”

Die Ebioniete, volgens Chartrand-Burke (2001), “seem an ill fit.”⁴⁵ Tog meen ek dat die Ebionitiese vroeë Christendom die mees waarskynlike konteks is waarin die boodskap van die *KindEvTom*, spesifiek die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) sin maak.

4.3

Jesus en sy familie en die Ebionitiese vroeë Christendom

Die vroegste beskrywing van die “Ebioniete” as groep is dié van Irenaeus wat rapporteer dat hulle die maagdelike geboorte verwerp het (*Haer* 3.2.7). Origenes (*Celsus* 5.61; vgl ook sy *Commentarium in Evangelium Matthaei* 16.12) meld twee groepe Ebioniete, maar sonder om te sê wat hulle onderskei het. Hierdie inligting is deur Eusebius (*HE* 3.27 [Lake, *Loeb*]) voorsien. Een groep, skryf Eusebius, voer aan dat Christus is ’n “gewone en alledaagse mens is ... op ’n natuurlike wyse gebore uit Maria en haar eggenoot”, terwyl die ander “nie ontken het dat die Here uit ’n maagd en die Heilige Gees gebore is nie.” Eusebius kon egter laasgenoemde groep verwar het met diegene wat vir die *Evangelie van die Hebreërs* verantwoordelik was. Epiphanius, wat fragmente van *Evangelie van die Ebioniete* aanhaal, bied waarskynlik die beste bron van inligting oor die Ebioniete. Volgens hom beweer die Ebioniete dat Jesus nie ’n gewone mens was nie, maar sou eerder met ’n aartsengel vergelyk kon word (*Panarion* 30.14.5) (kyk die bespreking in Klijn 1992:14-16).

Ooreenkomste tussen Ebionitiese denke en Pseudo-Klemens suggereer dat hierdie groep aktief was in die gebied oos van die Jordaan. Irenaeus, daarenteen, plaas hulle in Rome, Origenes in Egipte en Eusebius in Bar Kogba (Klijn 1992:28). Volgens Bagatti (1976:489), na aanleiding van Epiphanius (*Pan* 30.13.7-8), het die

45 Volgens Chartrand-Burke (2001) is nóg ’n Palestynse nóg spesifiek ’n “Joods-Christelike” oorsprong nodig om die *KindEvTom* se verbintenis met tradisies in “formatiewe Judaïsme” te verduidelik. Al wat nodig is om die *KindEvTom* se “Joodsheid” te verklaar, is ’n omgewing waarin die outeur heel waarskynlik in kontak was met die post-70 nC Israelitiese verhale, waarin die uitbeelding van Jesus as ’n “kortgebakte” Palestynse heilige, die minste rede tot aanstoot sou wees. Chartrand-Burke is van mening dat, indien die *KindEvTom* inderdaad Judees-Christelik is, dit eerder verbind kan word met die groep wat vir die *Evangelie van die Hebreërs* verantwoordelik was. Hierdie geskrif verwys na Jesus se pre-eksistensie en bevat ’n ná-opstandingsverskyning aan Jakobus, na wie Jesus as “my broer” verwys.

Ebioniete geglo dat Jesus 'n normale menslike geboorte gehad het omdat hulle “adoptioniste” was. Koester ([1980] 1982:202-2030 beskryf hierdie oortuiging soos volg: “They [the Ebionites] assumed that the spirit had come down upon Jesus and entered into him at his baptism – concept which has parallels in gnostic texts.” Epiphanius (*Pan* 51.20.2-3 [in *Patrologia Graeca*], onder redaksie van J-P Migne, 41:923D-925A) se verwysing na die *KindEvTom* het direk hierop betrekking:⁴⁶

Want Johannes het nie gesê dat Christus na 'n bruilof gegaan het voor die versoeking nie, ook het Christus nie voor die versoeking enige goddelike tekens volbring of enigszins gepreek nie – behalwe miskien dit wat hy as kind in spel volbring het. Want ook hy is veronderstel om wonderwerke as kind te gedoen het, om die ander ketterye, wat aanvoer dat “die Christus”, met verwysing na die duif, na hom gekom het na [sy doop in] in die Jordaan) van 'n verskoning te ontnem.

Indien Epiphanius⁴⁷ se opmerking verstaan sou word as verwysend na die *KindEvTom* as verteenwoordigend van die Ebioniete, verduidelik dit waarom iemand soos Koester 'n ooreenkoms tussen “gnostiese” groepe en die Ebioniete sien. In die *KindEvTom* dien Jesus se “wonderwerke as kind” (ὄντι καὶ παιδαρικὰ αὐτὸν ἔχειν – Epiphanius, *Pan* 51.20.3), volgens Epiphanius, om te bevestig dat hy reeds vóór sy doop “goddelik” was, en nie eers toe hy, soos onder andere die “Theodotiane”⁴⁸

⁴⁶ οὔτε γὰρ πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ἐν γάμῳ φάσκει τὸν Χριστὸν ἠκέναι· οὐ γὰρ ὅλως τι τῶν θεοσημείων καὶ τοῦ κηρυγματος πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ὁ Χριστὸς εἰργάσατο, εἰ μὴ τι ἄλλο περὶ αὐτοῦ ἐν παιδί πεποιηκέναι, ὡς ἐν παιγνίῳ, ὡς τινες φάσκουσι. καὶ ἔδει τῷ μὲν ὄντι καὶ παιδαρικὰ αὐτὸν ἔχειν, ἵνα μὴ πρόφασις γένηται ταῖς ἄλλαις αἰρέσεσι, ταῖς λεγούσαις, ὅτι ἀπὸ τοῦ Ἰορδάνου ἦλθε Χριστὸς εἰς αὐτὸν, ὅπερ ἔστιν ἡ περιστέρα (Epiphanius, *Pan* 51.20.2-3).

⁴⁷ Erkenning word hiermee verleen aan Dr Joseph Verheyden [2004], Katholieke Universiteit Leuven, wat sy ongepubliseerde manuskrip “Epiphanius on the Ebionites” aan my vir die doeleindes van hierdie studie beskikbaar gestel het. Verheyden bied die volgende biografiese besonderhede van Epiphanius: “The life and career of Epiphanius of Salamis are not particularly remarkable when compared with that of some of his more prominent contemporaries. He was born sometime between 310 and 320 in the neighbourhood of Eleutheropolis in Palestine. As an adolescent he was attracted to the monastic life and for a while he lived in Egypt (*Pan*. 26.17.4-9). Upon returning to Palestine at about the age of twenty, he founded a monastery at Eleutheropolis of which he was the abbot (Pan. 40.1.6). In 367 he was appointed as bishop of the see of Salamis (near Famagusta in Cyprus) where he composed all of his writings. He died in 402/03 on returning home from Constantinople.”

⁴⁸ Epiphanius (*Haer* 54 [in *Panarion*]), onder andere verwys na Theodotus (aanvanklik van Byzantium, maar werksaam in Rome in die tyd van biskop Victor [189-199 nC] en opgevolg deur twee van sy studente, Asclepiodotus en 'n ander Theodotus, in die tyd van van Zerphyrinus [199-217 nC]) se

gemeen het, die “Christus” by sy doop geword het nie. Hierdie opmerking van Epiphanius bevestig aan die een kant dat die *KindEvTom* nie deur die kerkvaders as “gnosties” geïnterpreteer is nie en aan die ander kant dat dit wel as Ebionities opgeneem is.

Volgens Epiphanius (*Haer* 30.14.4 [in *Panarion*]) het die Ebioniete wel die opinie gedeel dat “Jesus waarlik mens was” (τὸν μὲν Ἰησοῦν ὄντως ἄνθρωπον εἶναι), maar dat Christus “hom binnegekom het ... en met hom verenig het” (Χριστὸν δὲ ἐν αὐτῷ γεγενῆσθαι ... συναφέντα τε αὐτῷ) (kyk Koch 1976). Daarom aanvaar Verheyden [2004] die rekonstruksie van die teks deur K Holl (1915) op grond van wat Epiphanius in *Panarion* 28.1.5 gesê het, sodat die “adoptionisme”⁴⁹ nie in konflik is met die uitspraak dat “Christus self die produk is van ’n man se saad en van ’n vrou”: “Christ himself <is from God on high, but Jesus> is the product of a man’s seed and a woman.” Hierdie oortuiging kan as die “Christologie” van die *KindEvTom* gesien word – ’n geskrif wat die kindjie Jesus, seun van Josef en Maria, aankondig as die “Christus” (kyk weer die openingsvers as sleutel tot die verstaan van die *KindEvTom*).

Daar is veral drie ander aspekte, na aanleiding van die *Ewangelië van die Ebioniete* (kyk Verheyden [2004]), wat myns insiens daarop dui dat die Ebionitiese vroeë Christendom as waarskynlike konteks van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453]) gesien behoort te word. Dit is Jesus se gehoorsaamheid aan die wet, die beperking van die “redding” tot Israel en die noue en positiewe relasie met sy biologiese familie (kyk veral *KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453]) 6:4).⁵⁰

“dynamistic adoptionism” (kyk Lampe 2003:344). Marksches (2003:32) bespreek Klemens van Aleksandrië se verwysing na Theodotus as “gnosties”.

⁴⁹ Burrige & Gould (2004:163) beskryf “adoptionisme” soos volg: “Second-century adoptionists were probably motivated by a desire to take seriously the Gospel witness to Jesus’ obedience to the Father, and his baptism as effecting a change in his status before God. It should be noted, however, that not all adoptionists denied that Jesus was born of a virgin – they could consistently maintain that his birth was miraculous and marked him out as a special human being, though not divine. Nor is it the case that all adoptionists were Jewish Christians who obeyed the Old Testament Law and were committed to viewing the Messiah as a human being – though some (known from the second century as Ebionites) probably did have this background.”

⁵⁰ Τὸ δὲ παιδίον Ἰησοῦς ἐμβλέψας αὐτοῖς εἶπεν τῷ καθηγητῇ τοῦτον τὸν λόγον· καθηγητῆς ὢν εὐφυῶς ἐξῆλθες καὶ τὸ ὄνομα ὃ ὀνομάζει ἀλλότριος τυγχάνεις. ἔξωθεν γὰρ εἰμι ὑμῶν. ἔνδοθεν δὲ ὑμῖν δι’ αὐτὴν σαρκικὴν εὐγενίαν ὑπάρχων. σὺ δὲ νομικὸς ὢν, τὸν νόμον οὐκ οἶδες. πρὸς δὲ τὸν Ἰωσήφ λέγει· ὅτε ἐγεννήσω ὢν ἐγὼ σοι παρειστήκειν ἵνα, πάτερ, παιδευθῆς παιδείαν παρ’ ἐμοῦ ἢν ἄλλος οὐκ οἶδεν οὐδὲ διδάξαι δύναται. καὶ τὸ σωτηρίου ὄνομα βασιτάσεις (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453]) 6:4).

In die bespreking van hierdie gedeelte hierbo het ons nie net op die onwaarskynlikheid van “gnostiese” motiewe gewys nie, maar ook op die aanwesigheid van Ebionitiese tendense. Ons het vroeër daarop gewys dat Chartrand-Burke (2001, “Text and Translation”, nota 55) na hierdie uitspraak in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:4 – wat nie in die ander Griekse manuskripte of die vertalings voorkom nie – as a “problematic sentence” verwys. In beide *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) staan daar: “waarlik, leermeester, alles wat my vader vir jou gesê het, is waar” (ἀληθῶς καθηγητά, πάντα ὅσα εἶρηκέν σοι ὁ πατήρ μου ἀληθά εἰσιν). In die vroeër weergawes in die vertalings is dit Josef wat vir die benaming verantwoordelik is. In die Siriese en Georgiaanse weergawes word die sin anders afgesluit met: “ek is ‘n vreemdeling vir hulle”. Die Griekse manuskripte het ook ’n verskillende lesing: “ek is here van daardie mense”, terwyl *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) nog byvoeg: “maar julle is vreemdelinge, maar vir my is die gesag self gegee” (καὶ τούτῳ μὲν ἐγώ, κύριός εἰμι. ὑμεῖς δὲ ἀλλότριοί ἐστε, ὅτι ἐμοὶ μόνον ἡ ἐξουσία ἐδόθη αὐτή). Die tendens om die Joodse leermeester in slegte lig te stel teenoor die positiewe lig waarin Jesus se pa geteken word, is myns insiens duidelik aanwesig in die weergawe hierbo in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Die volgende ander voorbeelde kan as bevestiging van die tese gemeld word.

4.3.1

KindEvTom, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 5:1

Die ander Griekse teksgetuies varieer in vergelyking met dié in *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 5:1.⁵¹ Byvoorbeeld, die *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) bevat nie die frase “wyse

“En die kindjie Jesus het die leermeester direk in die gesig gekyk en hierdie woord gesê: ‘Synde ’n leermeester het jy slim uitgedraai, maar die naam waarmee hy [jou] benoem, maak van jou ’n vreemdeling. Immers, ek is van buite jou maar is binne-in jou op grond van hierdie edele liggaam wat ek besit. En jy wat ’n kenner van die wet is, jy ken nie die wet nie.’ En vir Josef sê hy: ‘Toe u gebore is, was ek en het langs u vir u bestaan, sodat, vader, u van my onderrig sal ontvang wat niemand anders ken of sal kan leer nie. En u sal die naam “verlossing” dra.’”

⁵¹ Καὶ λέγει τῷ Ἰησοῦ ὁ Ἰωσήφ· ἵνα τί τοιαῦτα λάλεις; καὶ πάσχουσιν αὐτοὶ καὶ μισοῦσιν ἡμᾶς. καὶ εἶπεν τὸ παιδίον τῷ Ἰωσήφ· φρόνιμα ῥήματά σου ἐγνώσθησαν· πόθεν ἦν τὰ ῥήματά σου οὐκ ἄγνοεῖς· ἐπὶ πέντε διηγήθησαν. κάκεινα οὐκ ἀναστήσουρες καὶ οὗτοι ἀπολήψονται

woorde is bekend aan jou” nie. Hulle wat “hulle straf sal dra” (ἐκείνοι δὲ ἔξουσι τιμωρίαν), word wel gestel teenoor Josef wat met die volgende woorde nie te “hard” geoordeel word nie: “hierdie wyse woorde kom nie van my nie, maar van u” (φρόνιμα ῥήματά οὐκ ἔστιν ἐμά, ἀλλὰ σά εἰσιν). Jesus voeg dan toe: “nogtans sal ek swyg ter wille van u” (ὅμως ἔχω σιωπῆσαι διὰ σε). Ek verstaan egter die bedoeling van die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) nie as “verwarrend” soos Chartrand-Burke (2001) oordeel nie. Inteendeel, Jesus maak ’n positiewe uitspraak oor Josef deur te wys op sy insig dat die omstanders bewus was van sy kind-wees toe hierdie strafwonderwerk plaasgevind het. Hierteenoor bevat *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) die verwysing dat Josef “baie kwaad was” (ἐγογγύσον ἐπὶ πλείον).⁵² Hierdie tendens bevestig die positiewe rol wat die omstanders as “Israeliete” in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) vervul.

4.3.2

KindEvTom, Kodeks Sinaitikus (Gr 453) 6:2-3

Een van die voorbeelde in die *KindEvTom* waar die positiewe relasie in die biologiese familie uitgedruk word, is dié in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:2-3.⁵³ Ons het reeds

τὴν κόλασιν αὐτῶν. καὶ εὐθέως οἱ ἐγκαλοῦντες αὐτὸν ἐτυφλώθησαν (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 5:1).

“En Josef sê vir Jesus: ‘Waarom sê jy sulke dinge? Hulle kry sowel swaar as haat ons.’ En die kindjie het vir Josef gesê: ‘Wyse woorde is bekend aan jou. Jy is nie oningelig oor vanwaar jou woorde gekom het nie. Hulle is oor ’n vyfjarige vertel. En diegene wat nie (hierdie kindjie wat gesterf het) kan opwek nie, sal ook hulle straf ontvang.’ En onmiddellik het hulle wat hom beskuldig het, blind geword.”

⁵² *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) vermeld hierby dat “toe hulle (dit) sien, was hulle verskriklik bang en het nie geweet wat om te doen nie; hulle het oor hom gesê dat elke woord wat hy uitgespreek het – óf dit goed was óf sleg – ’n daad en ’n wonder geword het.” Ook *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) meld dat hulle “gek vanweë verwarring” geword het (καὶ διηπόρουν μαινόμενοι).

⁵³ Καὶ εἶπεν τῷ Ἰσωήφ: δεῦρο, δὸς αὐτό, ἀδελφέ, ἵνα παιδευθῇ γράμματα καὶ ἵνα γνῶ πάσαν ἐπιστήμην καὶ μάθῃ στέργειν ἡλικιώτας, καὶ τιμᾶν γῆρας καὶ ἡδεσθαι πρεσβυτέρους, ἵνα καὶ εἰς τέκνα πόθον κτήσῃσθαι ἔξειν ὁμοίως αὐτὰ ἀνταπαιδεύσῃ (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 6:2).

“En hy het vir Josef gesê: ‘Kom, gee hom [vir my], broer, sodat ek hom letters [die alfabet] kan leer en hy alle kennis kan hê en kan leer om die tydgenote lief te hê en bejaardes te eer en vir oudstes te respekteer. En met die doel dat hy weer hulle kan leer om ’n begeerte te ontwikkel om op dieselfde wyse ten opsigte van kinders (te wees).”

gesien dat Chartrand-Burke (2001, “Text and Translation”, nota 49) die opmerking, “dat hy weer hulle kan leer om ’n begeerte te ontwikkel om op dieselfde wyse ten opsigte van kinders (te wees)”,⁵⁴ as “problematic” beskryf. Dieselfde gedagte word egter, hoewel met verskillende bewoordings, deur sowel die Siriese (*Syr* [GP]) as die Ethiopiese (*Ethp*) vertalings gesteun (kyk Chartrand-Burke 2001, “Text and Translation”, nota 49). Chartrand-Burke sien egter nie raak dat *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) nie hierdie gedagte van repek vir kind-wees as sodanig ondersteun nie. Dit wil slegs die resiproke idee uitdruk dat ouers hom weer sal liefhê soos ’n “eie kind”, dit wil sê soos hulle hulle eie kinders liefhet (ὅπως καὶ αὐτὸ τὸ ἴδιον τέκνον ἀγαπηθήσεται). Ook wat die uitspraak, “Oor hóm moet jy nie dink as iemand wat minder as ’n man is nie”, mis beide *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) die bedoeling van *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) se μικροῦ ἄνθρωπον. Eersgenoemde lees die “as die geringste” (μικροτέρου αὐτοῦ ὄντος μὴ νομίσης) en laasgenoemde bevat die onsinnige uitspraak “te ag as om ’n klein kruis te wees nie” (μὴ μικρὸν σταυρὸν νομίσης αὐτὸν εἶναι).

4.3.3

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 6:8

In die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) word Jesus se biologiese pa, Josef, positief geteken teenoor die negatiewe gesindheid van die leermeesters. *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:8⁵⁵ is ’n verdere

⁵⁴ Ὁ δὲ Ἰωσήφ εἶπεν τῷ καθηγητῇ· καὶ τίς δύναται τὸ παιδίον τοῦτο κρατῆσαι καὶ παιδεῦσαι; αὐτὸ μὴ μικροῦ ἄνθρωπον εἶναι νομίσης, ἀδελφέ. ὁ δὲ καθηγητῆς εἶπεν· δός μοι αὐτό, ἀδελφέ, καὶ μὴ σοι μελέτω (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 6:3).

“En Josef het vir die leermeester gesê: ‘En wie is in staat om hierdie kindjie te beheer en te leer? Oor hóm moet jy nie dink as iemand wat minder as as ’n man is nie, broer!’ Maar die leermeester het gesê: ‘Gee hom vir my, en laat hy nie vir jou sorg veroorsaak nie.’”

⁵⁴ ἵνα καὶ εἰς τέκνα πόθον κτήσασθαι ἔξωιν ὁμοίως αὐτὰ ἀνταπαιδεύση (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [453] 3).

⁵⁵ Ὡς οὖν ἔδοξαν παρηγορεῖσθαι ἐπὶ τῇ παρακλήσει τοῦ παιδίου, ὁ καθηγητῆς εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ· δεῦρο, ἀγαγε αὐτὸ εἰς τὸ παιδευτήριον καὶ γὰρ διδάξω αὐτὸ γράμματα. ὁ δὲ Ἰωσήφ ἐπιλαβόμενος τῆς χειρὸς αὐτοῦ ἀπήγαγεν αὐτὸν εἰς τὸ παιδευτήριον. καὶ ὁ διδάσκαλος κολακεύσας αὐτὸν ἤγαγεν αὐτὸν εἰς τὸ διδασκαλεῖον. καὶ ἔγραψεν αὐτῷ ὁ Ζακχαῖος τὸν ἀλφάβητον καὶ ἤρξατο ἐπιστοιχίζεῖν αὐτῷ. καὶ λέγει τῷ αὐτῷ γράμμα πλεονακίς. τὸ δὲ παιδίον οὐκ ἀπεκρίνατο αὐτῷ. πικρανθεὶς δὲ ὁ καθηγητῆς ἔκρουσεν αὐτὸ εἰς τὴν κεφαλὴν. τὸ δὲ παιδίον ἠγανάκτησεν καὶ εἶπεν αὐτῷ· ἐγὼ σε θέλω παιδεῦσαι μᾶλλον ἢ

voorbeeld van hierdie tendens. Die Georgiïese vertaling vertolk Jesus se gesindheid in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:7, toe Jesus teenoor die skare uitgevaar het (kyk vertaling in vorige hoofstuk), deur te meld dat Jesus 'n grap met hulle gemaak het (kyk Chartrand-Burke, "Text and Translation", nota 72). Die vertalings bevat nie hierdie negatiewe gebaar van Jesus nie. Ook wat Josef se positiewe daad in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:8 betref, sien die Ethiopiese vertaling dit nie as 'n spontane handeling nie, maar skryf dit toe aan die oorrედingswerk van die leermeester (kyk Chartrand-Burke, "Text and Translation", nota 73). So 'n interpretasie sal egter vreemd wees aan Ebionisme. Dit is ook opvallend dat die daaropvolgende positiewe uitspraak oor Josef dat hy Jesus "by sy hand gevat het [en] hom na die skool weggelei" het, gадnie in die weergawes van die vroeë vertalings voorkom nie – 'n aangelentheid wat die (Ebionitiese) positiewe gesindheid teenoor Jesus se familie in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) verder belemtoon.

4.3.4

KindEvTom, Kodeks Sinaitikus (Gr 453) 6:9

παιδευθῆναι παρὰ σου. ἐπειδὴ οἶδα τὰ γράμματα ἃ σὺ διδάσκεις ἀκριβῶς πολλοὺς κρείττωτέρους σου. καὶ ταῦτα ἐμοὶ εἰσὶν ὡσπερ χαλκὸς ἤχῶν ἢ κύμβαλος ἀλαλάζον· ἄτινα οὐ παρίστησι τὴν φωνὴν ἢ τὴν δόξαν οὔτε τὴν δύναμιν τῆς συνέσεως (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 6:8).

"Toe dit lyk asof hulle deur die kindjie se verduideliking getroos is, het die leermeester vir sy pa gesê: 'Kom, bring hom in na my skool toe en ek hom [die] alfabet leer.' En Josef wat [hom] by sy hand gevat het, het hom na die skool weggelei. En die leermeester, wat hom mooi behandel het, het hom in die plek van onderrig ingeneem. En Saggeus het vir hom die alfabet neergeskryf en begin om vir hom die [letters se betekenis] oop te maak. En hy vir hom 'n letter oor en oor herhaal. Maar die kindjie het hom nie geantwoord nie. Die geïrriteerde leermeester het hom oor die kop geslaan. En die kindjie het kwaad geword en vir hom gesê: 'Ek wil eerder [jou] onderrig gee as om van jou onderrig te ontvang. Want ek ken die letters wat jy [vir my] leer, baie meer noukeurig as jy. En vir my is hierdie dinge soos 'n slanende klok of weergalmende simbaal wat nie óf 'n geluid óf verheerliking óf die vermoë van insig verteenwoordig nie.'"

Dieselfde tendens kom in die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:9 voor.⁵⁶

Weer eens word die negatiewe opmerking oor Jesus teenoor die leermeester nie in die vroeë vertalings aangetref nie. Die Siriese weergawe (en dié in die *Evangelie van Pseudo-Matteus*) het “alef tot tau”.⁵⁷ Die afwesigheid van hierdie vermelding in die vroeë vertalings kan dui op ’n onsenstiwiteit vir die teenstelling tussen Jesus se opponente en Jesus se vader – ’n Ebionitiese gedagte wat sterk in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) figureer.

4.3.5

KindEvTom, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 9:3

Die variasies in die verskillende manuskripte wat die lesing in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 9:3⁵⁸ betref, is van besondere betekenis vir die vraag na die plek en doel van skrywe van die *KindEvTom*, soos verteenwoordig in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Hier word uitdruklik vermeld dat die mense

⁵⁶ Παυσάμενον δὲ τῆς ὀργῆς τὸ παιδίον εἶπεν ἄφ' ἑαυτοῦ τὰ γράμματα πάντα ἀπὸ τοῦ ἄλφα ἕως τοῦ Ω μετὰ πολλῆς ἐξετάσεως καὶ τρανώσεως. ἐμβλέψας τῷ καθηγητῇ εἶπεν αὐτό· ἄλφα μὴ εἰδὼς τὸ κατὰ φύσιν, τὸ βῆτα πῶς διδάσκεις ἄλλον; ὑποκριτά, εἰ οἶδας πρῶτον διδάξόν με τὸ ἄλφα καὶ τότε σοι πιστεύσω λέγειν τὸ βῆτα. εἶτα ἤρξατο ἀποστοματίζειν τὸν διδάσκαλον περὶ τοῦ ἁ' στοιχείου. καὶ οὐκ ἴσχυσεν αὐτῷ εἰπεῖν (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 6:9).

“Toe die kindjie opgehou het om kwaad te wees, het hy van uit homself al die letters vanaf Alfa tot Omega met groot noukeurigheid en duidelikheid opgesê. En terwyl hy vir die leermeester Sageeus reguit in die gesig gekyk het, het hy vir hom gesê: ‘Jy, wat die Alfa nie na sy natuur ken nie, hoe kan jy ander die Beta leer? Huigelaar, as jy die eerste weet, leer [dan] die Alfa. En dan sal ek jou met betrekking tot die Beta glo.’ Daarna het hy begin om die leermeester ten opsigte van die eerste letter te ondervra, en hy was nie by magte om hom te antwoord nie.”

⁵⁷ Kyk weer die bespreking in hoofstuk 2 van hierdie studie oor argumente ten opsigte van moontlike Siriese outentisiteit wat die “oorspronklike” teks van die *KindEvTom* betref.

⁵⁸ Ἐκείνων δὲ ἐμμαινομένων καὶ κραζόντων κατέβη Ἰησοῦς ἀπὸ τοῦ στέγου καὶ ἔστη παρὰ τὸ πτώμα καὶ ἔκραξεν φωνῇ μεγάλη λέγων· Ζῆνον, Ζῆνον—τοῦτο γὰρ τὸ ὄνομα αὐτοῦ—, ἀνάστα καὶ εἰπέ εἰ ἐγὼ σε ἀτέβαλον. καὶ ἀναστάς εἶπε· οὐχί, κύριε. καὶ ἰδόντες ἐθαύμασαν. καὶ λέγει αὐτῷ πάλιν ὁ Ἰησοῦς· καὶ κοιμοῦ. καὶ οἱ γονεῖς τοῦ παιδίου ἐδόξασαν τὸν Θεὸν καὶ προσεκύνησαν τὸ παιδίον Ἰησοῦν (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 9:3).

“En terwyl daardie mense skel en skreeu, het Jesus van die dak afgeklim en langs die lyk gaan staan en met ’n harde stem uitgeroep en gesê: “Zeno, Zeno – want dit was sy naam – staan op en sê of ék jou afgestamp het.” En nadat hy opgestaan het, het hy gesê: “Nee, Here.” En toe hulle [dit] sien, was hulle verbaas. En Jesus het weer vir hom gesê: “En slaap.” En die ouers van die kindjie het God geprys en die kindjie Jesus aanbid.”

Jesus as *god-kind* aanbid het. Volgens die Siriese vertaling en die Latynse *Vindobonensis* 563 het hierdie insident ook op 'n sabbatdag plaasgevind.

Die lesings in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) (ἐδόξασαν τὸν Θεὸν καὶ προσεκύνησαν τῷ Ἰησοῦ) en in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) (ἐδόξασαν τὸν θεὸν καὶ προσεκύνησαν τὸν Ἰησοῦν) verswyg dat Jesus as *kind* deur die ouers van die dooie kindjie aanbid is. Die Latynse *Evangelie van Pseudo-Matteus* en die Siriese weergawe vermeld ook nie die kind-wees van Jesus nie. Hierdie vertalings sê eksplisiet dat Jesus op grond van “hierdie wonderwerk(e)” aanbid is ('n uitbreiding wat ook in *Kodeks Atheniensis* [Gr 355] aangetref word). *Kodeks Bologna* (Univ 2702) bevat gladnie die verwysing na die aanbidding van Jesus nie.

Die beklemtoning van Jesus as god-kind in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) plaas die “negatiewe” aspek van Jesus se wonder om die ander kindjie weer te laat doodgaan, in perspektief. Die kindjie se terugkeer na die dood op opdrag van die kindjie Jesus word net in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) en in die Ierse gedig (*MS G 50*) aangetref.⁵⁹ Die motief in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) hou myns insiens verband met die aanbidding van Jesus as god-kind.

Die uitdrukking “daardie mense” (ἐκείνων) kan verwys na die ouers van die kindjie wat dood is.⁶⁰ Dit is egter moontlik dat die lesing ἐκείνων in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) doelbewus die neutrale verwysing steun. Indien dit die geval is, kan “diegene” wat God vereer deur die kindjie Jesus te aanbid, uitgebrei kan word na meer “Israeliete” as dat dit net betrekking het op die ouers van die dooie kindjie.

Dit is vreemd dat die ouers van die dooie kindjie (en die ander Israeliete) God vereer en Jesus as god-kind aanbid op grond van 'n “negatiewe” wonder – daarom die uitbreiding in sommige vertalings.⁶¹ In *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) berus die aanbidding van Jesus as god-kind egter op die insig dat Jesus die goddelike mag het

59 Soortgelyke verhale kom wel voor in die *Arabiesse Kindheidsevangelie* en die *Armeense Kindheidsevangelie* en ander nie-Christelike literatuur (Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 119).

60 Soos onder andere vermeld in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532): ἰδόντες δὲ οἱ γονεῖς αὐτοῦ τὸ παράδοξον θαῦμα ὃ ἐποίησεν ὁ Ἰησοῦς ἐδόξασαν τὸν θεὸν καὶ προσεκύνησαν τὸν Ἰησοῦν) (asook in die Ethiopiese vertaling en die *Evangelie van Pseudo-Matteus*), terwyl die Siriese vertaling die neutrale lesing “hulle almal” bevat).

61 Die Griekse manuskripte in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Bologna* (Univ 2702) lees respektiewelik: “nee, Here, u het my nie neergegooi nie maar orgewek” (οὐχί, κύριε, οὐ κατέβαλας ἀλλὰ ἀνέστησας) en (“Here, u het my nie afgestamp nie, maar vir my wat dood was, lewendig gemaak” (κύριε, οὐ σὺ με κατέβαλας, ἀλλὰ νεκρὸν ὄντα με ἐζώωσας).

om te seën en te vervloek. Eksegete behoort daarom kennis te neem van die wyse waarop die *KindEvTom* die jong Jesus op maniere voorstel wat ooreenstem met dié in die Nuwe-Testamentiese evangelies (kyk, onder meer, Bovon 1980:25; Schindler 1988:439; Hock 1995:95–97).⁶²

4.3.6

KindEvTom, Kodeks Sinaitikus (Gr 453) 10:2 en 11:1-2

Waarskynlik is *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 10:2⁶³ en 11:1-2⁶⁴ die beste voorbeeld van die intieme relasie tussen Jesus en sy biologiese ouers. Wat Maria se gebed vir Jesus in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 10:2 betref, “Here, my God, seën my kind, want sy was bang dat iemand op hom die bose oog sal gooi”, kry ons ’n soortgelyke uitspraak in Galasiërs 3:1: “wie het die bose oog op jou gegooi? (τίς ὑμᾶς ἐβάσκαεν;) (kyk Elliott 1990:262-273). In die geval van Paulus se brief aan die Galasiërs het ons met ’n konfliktsituasie te doen. Hier in die *KindEvTom* word ’n intieme verhouding tussen Jesus en sy familie (in hierdie geval sy moeder) uitgedruk. Terwyl die weergawes in *Kodeks Bologna* (Univ 2702) en *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) hierdie uitspraak van Maria verswyg, bevat die weergawe in *Kodeks Atheniensis* [Gr 355] die “Lukaanse” (2:51) verwysing: “en sy het die geheimenisse wat sy hom sien doen het, in haar hart bewaar” (καὶ διετήρει ἐν αὐτῇ

62 Hock (1995:98-99) het ook ’n vergelyking nie-Christelike literatuur getref.

63 Ὁ δὲ Ἰησοῦς ἀπλώσας τὸ παλῖον ὃν βεβλημένος, ἐγέμισεν τὸ ὕδωρ καὶ ἤνεγκεν τῇ μητρὶ αὐτοῦ. Μαρία δὲ ἰδοῦσα ὃ ἐποίησεν σημεῖον ὃ Ἰησοῦς κατεφίλει αὐτὸν λέγουσα· κύριε ὁ Θεὸς μου εὐλόγησον τὸ τέκνον μου. ἐφόβουντο γὰρ μή τις αὐτὸ βασκάνη (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 10:2).

“En nadat Jesus die bokleed wat hy om hom gehang het, oopgesprei het, het hy dit met die water gevul en na sy moeder gebring. Maria wat die teken wat gebeur het, gesien het, het hom gesoen en gesê: ‘Here, my God, seën my kind, want sy was bang dat iemand op hom die bose oog sal gooi.’”

64 Ἐν δὲ τῷ καιρῷ τοῦ σπόρου σπείροντος τοῦ Ἰωσήφ ἔσπειρεν καὶ τὸ παιδίον Ἰησοῦς ἓνα κόρον σίτου (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 11:1).

“Toe Josef op ’n [ander] keer saad gesaai het, het ook die kindjie Jesus een maat saad gesaai.”

Καὶ ἐθήρισεν ὁ πατήρ αὐτοῦ κόρους ῥ̄ ἐγάλους. καὶ ἐχαρίσατο πτωχοῖς καὶ ὀρφανοῖς. ἦρεν δὲ ὁ Ἰωσήφ ἀπὸ τοῦ σπόρου τοῦ Ἰησοῦ (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 11:2).

“En sy vader het 100 groot maat ge-oes. En hy het dit vir die armes en die vaderlose kinders gegee. En Josef het van Jesus se koring gevat.”

τὰ μυστήρια ἃ ἔβλεπεν αὐτὸν ποιοῦντα). In ’n “gnostiese” konteks sal hierdie uitspraak in die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) nie sin maak nie, maar wel terdeë in ’n Ebionitiese konteks.

In hoofstuk 1 van hierdie studie het ek daarop gewys dat een van die belangrikste kenmerke van “Ebionisme” die besondere beklemtoning was wat in hierdie vroeg-Christelike groepering op die verbintenis tussen Jesus en sy biologiese familie geplaas is. Hierbenewens het Jerusalem en die plek van die Tempel in die stad – soos in die Lukaanse kindsheidsevangelie⁶⁵ én in die *KindEvTom* (in aansluiting by Lukas) die geval is – ’n belangrike rol vir die “Ebioniete” gespeel. Jones (1990:287-288) praat selfs van “Jerusalem veneration”. Vroeë Christene wat “gnosties” georiënteer was, het “aardse” belange, soos die verbintenis aan die “vleeslike” biologiese familie⁶⁶ asook “Israel na die vlees” en dié se fisiese simbole (onder andere Jerusalem en die Tempel) as deel van die gevangenskap gesien van waaruit “gnosis” die mens moet bevry om met God as “geestelike”, transendente wese te herverenig.⁶⁷

Die weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532), wat soos die ander Griekse manuskripte vermeld dat Jesus se Ma hom gesoen het, beklemtoon (benewens die koppeling met die biologiese familie) ook die kind Jesus se verbintenis met God. Hierdie koppeling word veral deur Maria se gebed geartikuleer.⁶⁸ Die ander Griekse manuskripte meld nie die gebed nie. Die vroeë vertalings verswyg ook die noue relasie tussen Jesus en sy Ma wat as gevolg van haar soen duidelik is.

⁶⁵ Nicholas Taylor (1999:714) verwys soos volg na hierdie fokus in Lukas 2:41-50: “This passage is significant in confirming the Torah-observance of Jesus’ family, and also in that Jesus identifies the Temple as his father’s house.”

⁶⁶ “Gnostici” se houding oor seksualiteit kan as deel van hierdie onderwaardering van die plek van die biologiese familie gesien word. Yamauchi (2000:416) beskryf dit soos volg: “Most Gnostics took a radically ascetic attitude toward sex and marriage, deeming the creation of woman the source of evil and the procreation of children but the multiplication of souls in bondage to the powers of darkness.”

⁶⁷ Yamauchi (2000:416) formuleer die “gnostiek” se algemene kenmerke soos volg: “Fundamental to clearly gnostic systems was a dualism that opposed the transcendent God and ignorant demiurge (often a caricature of the OT Jehovah). In some systems the creation of the world resulted from the presumption of Sophia (Wisdom). The material creation, including the body, was regarded as inherently evil. Sparks of divinity, however, had been encapsuled in the bodies of certain pneumatic or spiritual individuals, who were ignorant of their celestial origins. The transcendent God sent down a redeemer, who brought them salvation in the form of secret *gnōsis*. Gnostics hoped to escape from the prison of their bodies at death and to traverse the planetary spheres of hostile demons to be reunited with God. There was for the, of course, no reason to believe in the resurrection of the body.”

⁶⁸ “Here, my God, seën my kind, want sy was bang dat iemand op hom die bose oog sal gooi” (κύριε ὁ Θεός μου εὐλόγησον τὸ τέκνον μου. ἐφόβουντο γὰρ μή τις αὐτὸ βασκάνη (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [453] 10:3).

Wat *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 11:1 betref, dra die verskille in die verskillende weergawes nie by tot die nadere identifisering van die tyd, plek en doel van die skrywe van die *KindEvTom* nie. Die Griekse manuskripte, byvoorbeeld, vermeld dat toe Jesus sy maat saad gesaai het, hy saam met sy Pa uitgegaan het (ἐξῆλθεν μετὰ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ – *Kodeks Atheniensis* [Gr 355]. Die Siriese vertaling, weer, sê dat Jesus “gespeel” het toe sy Pa saad gesaai het. Die “hulpbehoewendes” hier dui op die “armes onder die armes”. In Grieks word die onderskeid getref tussen “materieel arm, maar versorg” (πένης) en “arm en onversorg” (πτωχός) (kyk Malina 1986:148-159; 1987:354-367; Hollenbach 1987:50-63; Van Aarde 1988:829-846; Hammel 1990:169-170, 195; Stegemann & Stegemann 1995:90-92).⁶⁹

Die kombinasie van “armes en weeskinders” is in die Israelitiese tradisie die aanduiding van diegene wat “onversorg” net God as helper het. Die God van Israel is volgens die *Tanak* (Hebreeuse geskrifte) die God van regverdigheid en God se volk het die opdrag om geregtigheid in praktyk te realiseer (lees onder andere Eks 22:21-24 [die *Tora*]; Sag 7:9-10 [die *Nevi'im*] en Job 24:9 [die *Ketuvim*]. Die adres van God se geregtigheid (vgl Crossan 1998).⁷⁰

- Armes sonder familiale versorging (πτωχός en nie πένης nie);
- Vroue sonder patriarg-figure as “beskermhere” (= *patrons*) in hulle lewe (met ander woorde sekere weduwees);
- Kinders sonder patriarg-figure as “beskermhere” (= *patrons*) in hulle lewe (met ander woorde “weeskinders”: waarvan die vader dood is en daar nie ‘n “losserfiguur” was om met die weduwee te trou nie, of waarvan die vader die moeder om ‘n bepaalde rede (byvoorbeeld onwenslike swangerskap, werklike of vermeende ontrouheid, gemengde/nie suiwer etniese herkoms) geskei het en daar nie ‘n oupa-figuur was wat die ma in die huis as dogter terug wou neem

⁶⁹ Kathleen Corley (2002:41) stel dit soos volg: “In antiquity there was a distinction between (day laborer, poor) and (poor, destitute, beggar) that remained constant from Greek through Roman times. Day laborers were those who needed to work in shops or in the fields, but still had a voice in the community. The basic concerns, and therefore the categories, of the rich gentry and the day laborers overlapped. It was the (the destitute) who remained truly on the margins of society and were often objects of pity.”

⁷⁰ Van Selms, in sy Nederlandse kommentaar oor die gebrek aan “geregtigheid” in Sodom en Gomorra (Gen 19:5) verduidelik God se geregtigheid soos volg: “Armen en vreemdelingen behoren in Israël samen met wezen en weduwen tot hen die hun maatschappelijke zwakheid onder de bescherming der Godheid staan” (Van Selms 1967:250).

nie, of wat deur die ouers om 'n bepaalde rede “weggegooi” is (byvoorbeeld as gevolg van geboortebepערking, fisiese gebrek by geboorte, onwenslike vroulike geslag, wettelose/ skandelike herkoms/verwekking – kyk Van Aarde 2004b);

- Vreemdelinge buite Israel as “familie” (d w s nie “kinders van Abraham” nie) wat in land van Israel vertoef en as 't ware “familieloos” is.

Die vermelding dat Josef hierdie rol as “regverdige” vervul, is nie net die *KindEvTom* se konkretisering van onder andere Matteus (1:19) se verwysing dat hy “geregverdig” (δικαιος) is nie, maar dat hy sowel as Jesus se Pa in die Israelitiese tradisie geanker is as dat hy doen wat Jesus volgens die evangeliese tradisie gedoen het. So 'n vermelding versterk die Ebionitiese tendens. In die Siriese en Ethiopiese vertalings word Josef hier nie vermeld nie, maar alleen dat Jesus saad bymekaar gemaak het. Die verwysing na weeskinders kom ook nie in die vroeë vertalings voor nie, terwyl die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) ook die “weduwees” vermeld. Die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) se vermelding van weeskinders sonder weduwees plaas die fokus meer op die kinders, terwyl die ander Griekse manuskripte meer in die wonderwerk as sodanig geïnteresseerd is. Daarom word die “wonder” aspek geïntensiveer deur te sê dat Jesus “een oog” (καὶ ὁ Ἰησοῦς μίαν δράκκα) (*Kodeks Sinaitikus* [Gr 453]) en “een maat” (ἓνα κόκκου σίτου) (*Kodeks Atheniensis* [Gr 355]) ge-oes het.

Volgens Chartrand-Burke (“Text and Translation”, nota 132) is die opmerking in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) 11:2. “En Josef het van Jesus se koring gevat” “obscure”. Hierdie “interpretasieprobleem” kom nie in die variante lesings voor nie. Volgens die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) het ons met 'n “seën van die oes” te doen (κεκράτηκε δὲ ὁ Ἰωσήφ ἐξ αὐτοῦ τοῦ σίτου ὀλίγον ἵνα ἔχωσιν εἰς εὐλογίαν τοῦ σπόρου). In *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) word Josef se aandeel en profiel klein gemaak deur middel van die opmerking dat hy van die koring wat oorgebly het, huis toe gevat het (ἀλλὰ λειφθέν τι ἔλαβε τοῦτο ὁ Ἰωσήφ καὶ ἄπηγεν εἰς τὸν οἶκον).

Vanuit 'n vroeg-Christelike Ebionitiese konteks maak die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) egter sin en hoef dit nie as “obskuur” gesien te word nie. Die “gawe” aan weeskinders word gelyk gestel aan die “gawe” aan Josef. In die Israelitiese tradisie is Josef die ontvanger van God se geregtigheid.

4.3.7

KindEvTom, Kodeks Sinaitikus (Gr 453) 12:1-2

Die tendens van die intieme relasie tussen Jesus en sy ouers word in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 12:1-2 voortgesit.⁷¹ Die Siriese vertaling bevat nie die opdrag van Jesus aan sy vader in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 11:1 nie. Dit het ook nie die “gehoorsame” respons van Josef nie. Die *Evangelie van Pseudo-Matteus* varieer egter nie ten opsigte van die weergawes in die Griekse manuskripte nie. Die lesings in hierdie manuskripte kom sterk met mekaar ooreen. Die opmerking in die verbale passief in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) dat ’n ryk man “opdrag” aan Josef gegee het om vir hom ’n slaapbank te maak (ἐπετάγη αὐτοῦ γενέσθαι κράββατος), is ’n voorbeeld van die geringe variasie wat nie invloed op die

⁷¹ Ἐγένετο δὲ ὡς ἑτῶν ὀκτώ. καὶ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ τέκτονος ὄντος καὶ ἐργαζομένου ἄροτρα καὶ ζυγούς, ἔλαβεν κράββατον παρά τινος πλουσίου ἵνα αὐτὸν ποιῆσῃ μέγαν πάνον καὶ ἐπιτήδειον. καὶ τοῦ ἐνὸς κανόνος τοῦ καλουμένου κολοβωτέρου ὄντος καὶ, μὴ ἔχοντος τὸ μέτρον, ἦν λυποῦμενος ὁ Ἰωσήφ καὶ μὴ ἔχων τί ποιῆσαι. προσέλθων τὸ παιδίον τῷ πατρὶ αὐτοῦ λέγει· θεὸς κάτω τὰ δύο ξύλα καὶ ἐκ τοῦ σου μέρους ἰσοποίησον αὐτά (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 12:1).

“En hy was ongeveer agt jaar oud. En sy vader wat ’n houtwerker was en ploë en jukke gemaak het, het ’n bed van ’n sekere ryk man geneem om vir hom ’n groot en geskikte slaapbank te maak. En toe die een reguit plank korter was as die so genoemde korresponderende een, omdat dit nie die (regte) lengte gehad het nie, was Josef mismoedig en het nie geweet wat om te doen nie. Nadat die kindjie na sy Pa gekom het, sê hy [vir hom]: ‘Sit die twee planke en maak dit op die middelpunt gelyk.’”

Καὶ ἐποίησεν ὁ Ἰωσήφ καθὼς εἶπεν αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς. ἔστη δὲ τὸ παιδίον ἐκ τοῦ ἑτέρου μέρους καὶ ἐκράτησεν τὸ κολοβὸν ξύλον, καὶ ἐξέτεινεν αὐτό. καὶ ἴσον ἐποίησεν μετὰ τοῦ ἄλλου ξύλου. καὶ εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ· μὴ λυποῦ ἀλλὰ ποίει ὃ θέλεις. ὁ δὲ Ἰωσήφ περιλαβὼν κατεφίλει αὐτὸν λέγων· μακάριός εἰμι ἐγώ, ὅτι τοῦτον παιδίον ἔδωκέν μοι ὁ Θεός (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 12:2).

“En Josef het gedoen soos Jesus vir hom gesê het. Die kindjie het by die ander punt gaan staan en die korter plank stewig vasgevat, en hy het dit gerek. En hy het [dit] gelyk met die ander plank gemaak. En hy het vir sy Pa gesê: ‘Moenie mismoedig wees nie, maar doen wat u wil.’ En Josef het hom omhels en gesoen en gesê: ‘Geseënd is ek, want God het hierdie kindjie vir my gegee.’”

identifisering van die tyd, plek en skrywe van die *KindEvTom* het nie. Hierdie ooreenkoms ten opsigte van die weergawes in die Griekse manuskripte is verklaarbaar omdat beide Jesus se opdrag en Josef se gehoorsaamheid inpas in die ideologiese tendense van onder andere *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) én *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453).

Die feit dat *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) geen verwysing van Jesus se reaksie bevat nie en dat die Siriese vertaling en die *Evangelië van Pseudo-Matteus* Josef se “depressie” verswyg, is verdere voorbeelde van indifferente variasies. Dieselfde “indifferensie” bestaan egter nie ten opsigte van die uitspraak deur Josef (“geseënd is ek, want God het hierdie kindjie vir my gegee”) nie. Die weergawe in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) kom wel met dié in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) ooreen. Tog is dit opvallend dat die vroeë vertalings geen verwysing het na Josef se soen en “saligspreking” nie en dat die lesing in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) die uitdrukking “soen” met “liefhê” (ἐφίλησεν) vervang. In die “narratiewe struktuur” in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) dien die kombinasie van die Josef se makarisme en soen as terugskouing op iets soortgelyk wat vroeër in die “narratief” vertel is oor die reaksie van Maria (*KindEvTom* 10:2, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 532]): “Maria wat die teken wat gebeur het, gesien het, het hom gesoen en gesê: ‘Here, my God, seën my kind,’ want sy was bang dat iemand op hom die bose oog sal gooi.”

Twee sake staan hier uit wat op ’n Ebionitiese tendens dui.⁷² Die een is die intimiteit tussen Jesus en sy biologiese familie – insluitende vader en moeder. Die ander is dat die “seën”-uitspraak ten opsigte van Jesus in *KindEvTom* 10:2 in *KindEvTom* 13:2 op Josef van toepassing gemaak word. Dit is hierdie tendens wat verder in die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) uitgewerk word, maar nie in die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Bologna* (Univ 2702) nie. Laasgenoemde laat die *KindEvTom* met hierdie insident (opgevolg met ‘n kort epiloog) eindig.⁷³

⁷² Kyk weer die opmerkings oor “Ebionisme” wat in hoofstuk 1 van hierdie studie en vroeër in hoofstuk 4, voetnotas 66 en 67, oor die “Gnostiek” gemaak is.

⁷³ Ἀπελθόντων δὲ ἐν τῇ πόλει διηγήσατο τῇ Μαριὰμ ὁ Ἰωσήφ. ἐκείνη δὲ ἀκούσασά τε καὶ βλέπουσα τὰ παράδοξα μεγαλεῖα τοῦ υἱοῦ αὐτῆς ἔχαιρεν, δοξάζουσα αὐτὸν σὺν τῷ πατρὶ καὶ τῷ ἁγίῳ πνεύματι νῦν καὶ ἀεὶ καὶ εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων, ἀμήν (= “Nadat hulle in die dorp teruggekom het, het Josef vir Maria vertel: Hierdie vrou wat die groot teenstrydige [wonderwerke] gehoor en gesien het, was bly terwyl sy hom [die kindjie] saam met die Vader en die Heilige Gees verheerlik het – nou en vir altyd en tot in ewigheid tot ewigheid. Amen”) (*Kodeks Bologna* [Univ 2702]).

4.3.8

KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus (Gr 453) 13:1-3

Soos ook in die geval van die *KindEvTom* 6:8-9 het die Siriese vertaling ook wat *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 13:1⁷⁴ betref, die lesing “alef” (kyk weer hoofstuk 2 van hierdie studie oor moontlike Siriese outentisiteit). In die weergawes in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) en *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) vra die leermeester vir Josef watter letters hy vir Jesus moet leer en Josef se antwoord is “eers Grieks en dan Hebreeus”. Hierdie lesings meld dat die leermeester vir Jesus bang was. Tog word daar nie in hierdie manuskripte soos in die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) uitgebrei op die resiproke “challenge and riposte”⁷⁵ tussen Jesus en die leermeester nie. In *Kodeks Atheniensis* (Gr 355), byvoorbeeld, word alleen gesê dat die leermeester “ure lank die elemente van die alfabet neergeskryf het, maar dat Jesus gladnie daarop gereageer het nie”: ὅμως γράψας τὸν ἀλφάβητον ἐπεστοιχείωσεν αὐτὸν ἐπὶ πολλὴν ὥραν. καὶ οὐκ ἀπεκρίνατο αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς οὐδὲν λέγων.

⁷⁴ Ἰδὼν δὲ Ἰωσήφ τὸ φρόνημα καὶ νουνεχὲς αὐτοῦ ἠβούλει μὴ εἶναι αὐτὸ ἄπορον γραμμάτων ἀλλὰ παρέδωκεν αὐτὸν ἕτερον διδάσκαλον. καὶ ὁ διδάσκαλος γράψας αὐτοῦ τὸν ἀλφάβητον ἔλεγεν· εἰπέ, ἄλφα (*KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 13:1).

“Toe Josef sy verstand en insig gesien het, wou hy nie hê dat hy onbekend met die alfabet moet wees nie, maar hom na ’n ander leermeester aangegee. En die leermeester wat vir hom die alfabet neergeskryf het, sê: ‘Sê alfa’”

⁷⁵ Kyk Malina ([1981] 1993: 28-55) en voetnota 9 in hoofstuk 6 van hierdie studie.

Die uitspraak in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) 13:2-3,⁷⁶ “En die kindjie het na sy huis na sy ouers gegaan”, word in die lesing in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) verander na “Josef se huis”, terwyl dié in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) “sy huis” (ὁ δὲ Ἰησοῦς ἀπῆλθεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ) lees. Die verwysing na die “hele familie” van Jesus in die lesing in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) word ondersteun deur die Siriese en Ethiopiese vertalings. Die lesing in die *Evangelië van Pseudo-Matteus* beklemtoon Maria se rol deur te sê dat Jesus na sy moeder se huis toe gegaan het. Hier sien ons dat Josef insig het dat “irritasie” by Jesus die oorsaak van Jesus se “strafwonderwerke” is.

4.3.9

KindEvTom, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 14:2-3

In *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 14:2-3 skemer die Ebionitiese tendens sterk deur.⁷⁷ Die ander Griekse manuskripte versag dié negatiewe optrede van Jesus

⁷⁶ Τὸ δὲ παιδίον λέγει· σύ μοι πρῶτον εἰπέ τί ἐστὶν τὸ βῆτα καὶ γὰρ σὺ ἐρῶ τί ἐστὶν τὸ ἄλφα. πικραυθεὶς δὲ ὁ καθηγητὴς ἔκρουσεν αὐτό. καὶ κατηράσατο αὐτὸν ὁ Ἰησοῦς καὶ ἔπεσεν ὁ καθηγητὴς καὶ ἀπέθανεν (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 13:2).

“Maar die kindjie het gesê: ‘Sê jý eers vir my wat is die beta en ek sal jou vertel wat die alfa is.’ En die leermeester, wat hom vererg het, het hom [op sy kop] geslaan. En Jesus het hom vervloek en die leermeester het geval en gesterf.

Καὶ τὸ παιδίον ἀπῆλθεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ πρὸς τοὺς γονεῖς αὐτοῦ. καὶ Ἰωσήφ καλέσας τὴν μητέρα αὐτοῦ παρήγγειλε αὐτῇ· μὴ ἀπολύσῃ αὐτὸν ἀπὸ τῆς οἰκίας ἵνα μὴ ἀποθνήσκωσιν οἱ παροργίζοντες αὐτόν (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 13:3).

“En die kindjie het na sy huis na sy ouers gegaan. En Josef, wat sy moeder geroep het, het haar beveel: ‘Moenie hom uit die huis laat gaan, sodat hulle wat hom kwaad maak, nie sterf nie.’”

⁷⁷ Καὶ εἰσελθὼν ἐν τῷ διδασκαλείῳ, εὔρεν βιβλίον ἐν τῷ ἀναλογίῳ κείμενον, καὶ λαβὼν αὐτὸ οὐκ ἀνεγίνωσκεν τὰ γεγράμμενα διὰ τὸ μὴ εἶναι αὐτὰ ἐκ νόμου Θεοῦ ἀλλὰ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ ἐπεφθέγγετο ῥήματα φοβερά ὥστε τὸν καθηγητὴν ἀντικρυς καθιζόμενον ἠδέως πάντα ἤκούει αὐτῷ καὶ παρεκάλει αὐτὸ ἵνα πλείονα εἴπῃ, τὸ δὲ παρεστῶτα ὄχλον ἐκπληττέσθαι ἐν τοῖς ὁσίοις ῥήμασιν αὐτοῦ (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 14:2).

“En nadat hy die skool binnegegaan het, het hy ’n boekrol gekry wat op die kateder gelê het. En toe hy dit geneem het, het hy nie die letters gelees nie omdat dit nie van die wet van God was nie. Maar hy het sy mond oopgemaak en verskriklike woorde uitgespreek met die gevolg dat die leermeester wat teenoor [hom] gesit het, met vreugde alles gehoor en hom aangemoedig het om meer te sê. Die skare wat teenwoordig was, was verbaas oor sy heilige woorde.”

Ὁ δὲ Ἰωσήφ ταχέως ἔδραμεν εἰς τὸ διδασκαλεῖον ὑπονόησας μηκέτι οὗτος ὁ καθηγητὴς ἀπειρός ἐστὶν καὶ πάθη. εἶπεν δὲ ὁ καθηγητὴς τῷ Ἰωσήφ· ἵνα ἴδῃς, ἀδελφέ, ὅτι ἐγὼ μὲν τὸ παιδίον σου παρέλαβον μαθητὴν, αὐτὸ πολλῆς χάριτος καὶ σοφίας μεστόν ἐστιν. τοιγαροῦν,

deur “verskriklike woorde” uit te spreek. Die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) werk egter die “opposisie” (ἀντικρυς καθιζόμενον) tussen Jesus en die leermeester op ’n besondere wyse uit. Aan die een kant word Jesus se lojaliteit jeens die “wet van God” sterk geïmpliseer – ’n aangeleentheid wat nie deur met Chartrand-Burke (“Text and Translation”, nota 158) raakgesien word nie wanneer sy opmerk: “This explanation [διὰ τὸ μὴ εἶναι αὐτὰ ἐκ νόμου Θεοῦ], lacking in all other witnesses, implies that Jesus had the ability to read but would not read from this, presumably, non-biblical text (or, that he is making a distinction between ‘the Law’ and ‘God’s law’).”

Die “paradoks” dat Jesus so ’n eerbied vir die “wet van God” het en tegelykertyd vreesaanjaende woorde uiter, dui daarop dat dié besondere weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) die “wet van God” sonder verandering koppel met Jesus se “negatiewe optredes”. In die vroeë vertalings val die leermeester op die grond. Die ander Griekse manuskripte vermy die opmerking dat die leermeester positief beïndruk is met Jesus se “paradoksale” eerbied vir die “wet van God” (deur dit gladnie te vermeld nie) en die uitspraak van woorde wat bang maak (ῥήματα φοβερὰ). Volgens die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) word Josef se woorde aan die leermeester, ἀδελφέ, ἄγαγε αὐτὸ μετὰ σωτηρίας, duidelik. “Redding” lê in die insig in die god-kind Jesus se gehoorsaamheid aan die “goddelike wet”. Sowel die vroeë vertalings as die ander Griekse manuskripte het nie die verwysing ῥήματα φοβερὰ nie, maar “Jesus het sy mond ge-open en deur die Heilige Gees gepraat en die wet geleer” (ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ ἐφθέγγετο πνεύματι ἁγίῳ, καὶ ἐδίδασκεν τὸν νόμον).

Wat die reaksie van die skare naas dié van die leermeester betref, verdien die variasies in die ander Griekse manuskripte ons aandag. Soos in die geval van die vroeë vertalings (kyk Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 163) word daar meer as in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) uitgebrei. Die vraag is of die weergawe in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) nie onverwags méér van die kind-wees van Jesus maak as die “kort” lesing in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) nie: “’n Groot skare wat vergader

ἀδελφέ, ἀπάγε αὐτὸν μετὰ σωτηρίας καὶ εἰς [τὸν] οἶκόν σου (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 14:3).

“En Josef het dadelik na die skool gehardloop, menende dat híerdie leermeester nie ervare is nie en sal ly. Maar die leermeester het vir Josef gesê: ‘Weet broer, ek het jou kindjie as leerling ontvang, [maar] hy is vol van groot genade en wysheid. En daarom, broer, neem hom met redding na jou huis toe.’”

het, was verbaas oor die volwassenheid van sy onderwysing en die vloeiendheid van sy woorde, omdat hy wat jonk is, sulke dinge sê” (ὄχλος δὲ πολὺς συνελθόντες ἐθαύμαζον ἐν τῇ ὠραιότητι τῆς διδασκαλίας αὐτοῦ καὶ τῇ ἐτοιμασίᾳ τῶν λόγων αὐτοῦ, ὅτι νήπιον ὄν τοιαῦτα φθέγγεται). Die verskil tussen *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) is dat eersgenoemde die volwasse-wees van die kind Jesus beklemtoon, terwyl laasgenoemde op die “goddelikeheid” van die kindjie fokus met die woorde τοῖς ὁσίοις ῥήμασιν αὐτοῦ.

Die uitspraak, ἀπάγε αὐτὸν μετὰ σωτηρίας καὶ εἰς τὸν οἶκόν σου, in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) 14:3, korreleer met dié in *KindEvTom* 14:1, ἀγάγε αὐτὸ μετὰ σωτηρίας. In beide gevalle ontbreek die verwysing na “redding” in die vroeë vertalings. Ook die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) het nie hierdie verwysing nie, terwyl dié in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) die woorde “met redding” (μετὰ σωτηρίας) vervang met “met vreugde” (μετὰ χαρᾶς). Net soos in die geval van *KindEvTom* 14:1 word die “soteriologiese” implikasie van die teenwoordigheid van Jesus as “god-kind” in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) uitgewys: vroeër was dit vir diegene by die skool; nou is dit vir diegene by Jesus se ouerhuis. In die “narratiewe” oorspronke die “ideologiese” *point of view* van “redding” en korreleer die “ruimtes” skool en huis as “belangeruimtes”.

4.3.10

***KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 14:4**

Die weergawes in die ander Griekse manuskripte toon ’n onsensitiwiteit vir die “positiewe” Ebionitiese tendens *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) 14:4⁷⁸ en is klaarblyklik slegs in die “grootmensagtige” reaksie van die kindjie geïnteresseerd. In die

⁷⁸ Ὁ δὲ εἶπεν τῷ καθηγητῇ· ἐπειδὴ ὀρθῶς ἐλάλησας καὶ ὀρθῶς ἐλάλησας καὶ ὀρθῶς ἐμαρτύρησας, διὰ σε καὶ ὁ πληγεὶς σωθήσεται. καὶ παραχρῆμα ἐσώθη κακεῖνος ὁ καθηγητής. ὁ δὲ λαβόμενος τὸ παιδίον ἀπήγαγεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 532] 14:4).

“En hy het vir die leermeester gesê: ‘Aangesien jy reg gepraat en reg getuig het, sal ook die ander een wat getref is, ter wille van jou gered word.’ En dadelik is ook daardie leermeester gered. En nadat hy [Josef] die kindjie geneem het, het hy [hom] na sy huis weggeneem.”

weergawe in die Griekse manuskripte in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) word ’n “negatiewe” reaksie van Jesus gevind (wat afwesig is in dié in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532): “Toe die kindjie hierdie dinge hoor, het hy dadelik vir hom *gelag*” (εὐθέως προσεγέλασεν αὐτῷ) (*Kodeks Atheniensis* [Gr 355]); “gegryns en gesê” (μειδιάσας εἶπεν) (*Kodeks Sinaitikus* [Gr 453]).

Dit is baie opvallend en van groot betekenis vir die tese van hierdie studie dat die ander vertalings en weergawes in die Griekse manuskripte nie die verwysing na die “redding” van die “ander leermeester” bevat nie. Die Griekse manuskripte het in plaas van die woord σωθήσεται (wat twee keer hier in *Kodeks Sinaitikus* [Gr 532] voorkom) die woord ἰάομαι.⁷⁹ Die werkwoord σώζω beteken “heling/genesing” in ’n omvattende sin (kyk Foerster 1971:990) en waar die woord in die kanonieke evangelies in verband met fisiese genesing of duiweluitdrywing (bv in Matt 9:21, 22a, 22b, 14:36) voorkom, kan dit as “gesond maak” of “heel maak” vertaal word (Wilkinson 1998:80; kyk Van Aarde 2003:453-467). Die woord ἰάομαι, daarenteen, verwys alleen na die fisiese herstel en bevat nie die komponent van “goddelike versoening” (*redemption*) nie (kyk Louw & Nida 1988: 157, 269).

4.3.11

KindEvTom, Kodeks Sinaitikus (Gr 453) 15:1-2

Die verwysing na die broer van Jesus, Jakobus, in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 15:1-2⁸⁰ is uiteraard vir ons doeleindes van betekenis. In al die ander weergawes

⁷⁹ *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) 14:44 lees onder andere καὶ παραχρήμα ἐσώθη κακείνος ὁ καθηγητής terwyl *KindEvTom, Kodeks Atheniensis* (Gr 355) die lesing καὶ παραχρήμα ἰάθη ὁ ἕτερος καθηγητής bevat.

⁸⁰ Ὁ δὲ Ἰάκωβος ἀπήγαγεν εἰς τὴν ἄπην τοῦ δησαι φρύγανα ἵνα ἄρτοι γίνωνται. ἀπήγεν καὶ ὁ Ἰησοῦς μετ’ αὐτοῦ. καὶ συλλεγόντων αὐτῶν τὰ φρύγανα ἔχιδνα παλαμναῖα ἔδακεν τὸν Ἰάκωβον εἰς τὴν χεῖραν αὐτοῦ (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 15:1).

“En Jakobus het in die bos ingegaan om hout te bind, sodat hulle brood kan bak. Jesus het ook met hom saamgegaan. En terwyl hulle takke bymekaar gemaak het, het ’n misbaksel van ’n adder vir Jakobus in sy hand gepik.”

Κατατεινομένου δὲ αὐτοῦ καὶ ἀπολλυμένου προέδραμεν τὸ παιδίον Ἰάκωβος πρὸς τὸν Ἰησοῦν καὶ κατεφύσησεν τὸ δηγμα καὶ παραχρήμα ἰάθη τὸ δηγμα. καὶ τὸ θηρίον ἀπενεκρώθη καὶ Ἰάκωβος ἐστάθη (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 15:2).

het Josef vir Jakobus gestuur. Die “selfstandige” optrede van Jakobus in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) wil moontlik enige blaam van Josef wegneem as die “oorsaak” van Jakobus se “dood”. Hierdie “positiewe” beeld van Josef pas in by die Ebionitiese tendens in die *KindEvTom* (*Kodeks Sinaitikus* [Gr 532]). Waar die Ethiopiese vertaling en die Latynse weergawe in die *Evangellie van Pseudo-Matteus* nie vermeld dat Jakobus vir Jesus genader het nie, het Jesus, volgens die Siriese vertaling en die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355), na Jakobus gekom (προσήγγησεν ὁ Ἰησοῦς). Binne Ebionitiese konteks is dit verstaanbaar dat die lesing in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) Jakobus as afhanklik van Jesus sal wil teken – veral gesien die belangrike rol wat die Jerusalemse tradisie aan Jakobus toegeken het (kyk onder andere Eusebius, *HE* 4.22.4; 7.19.1 en bespreking deur Painter 1997:152-158).

4.3.12

KindEvTom, Kodeks Sinaitikus (Gr 453) 16:3

Die mees eksplisiete uitspraak dat die boodskap van die *KindEvTom* sentreer rondom Jesus wat as god-kind die redder van Israeliete is, is waarskynlik dié in *KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 16:3.⁸¹ Net voordat die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) in hoofstuk 17 direk by die kindheidspassasie in Lukas 2:41-52 aansluit, eindig die verhaal in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 16:3 met betekenisvolle woorde. Die Israelitiese skare gee erkenning aan Jesus as god-kind met die woorde, “hy het baie siele van die dood gered en hy het die vermoë om al die dae van sy lewe [mense] te red.” Die weergawes in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) verskuif die reaksie van die skare na die einde van hoofstuk 18. Hierdie twee manuskripte lees, “Waarlik God woon in hom/in hierdie kindjie” (ἀληθῶς τάχα ὁ Θεὸς ἐνοικεῖ ἐν αὐτῷ (*Kodeks Sinaitikus*

“En, drywend met pyn en sterwend, het die kindjie Jakobus na Jesus gehardloop en hy het op die bytplek geblaas en dadelik was die byt genees. En die slang is vernietig en Jakobus het opgestaan.”

⁸¹ Ἰδόντες δὲ οἱ ὄχλοι ἐθαύμασαν καὶ εἶπαν· πολλὰς γὰρ ψυχὰς ἔσωσεν ἐκ θανάτου καὶ ἔχει σῶσαι πάσας τὰς ἡμέρας τῆς ζωῆς αὐτοῦ (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 16:3).

“Die skare wat [dit] gesien het, was verbaas en het gesê: ‘Immers, hy het baie siele van die dood gered en hy het die vermoë om al die dae van sy lewe [mense] te red.’”

[Gr 453]); ἀληθῶς τάχα ὁ Θεὸς οἰκεῖ ἐν τῷ παιδίῳ τούτῳ) (*Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). In *Kodeks Bologna* (Univ 2702) reageer die skare nie met woorde nie, maar omhels hulle vir Jesus (kyk Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 185).

Die rede van hierdie redaksionele verskuiwing is waarskynlik om die negatiewe impak van Jesus as “strafwonderwerker” te versag en in ’n enkelduidige positiewe beeld te verander. Die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) het nie hierdie tendens nie. Hier word die “paradoks” van seën en vloek gehandhaaf: eersgenoemde as reaksie op insig in Jesus as god-kind en laasgenoemde as reaksie op die gebrek aan hierdie insig.

4.4

Bevinding

Om ’n verband tussen die inhoud van die *KindEvTom* en tendense in Ebionitiese evangelies raak te sien, maak nie die *KindEvTom* een van die so genoemde Ebionitiese evangelies nie. Hierdie evangelies het hulle ontstaan in die trans-Jordaan streke en het ’n sterk verbintenis met Jesus se biologiese familie. Ons het gesien dat in die geval van die *KindEvTom* hierdie positiewe relasie ’n sentrale element is (*contra* Chartrand-Burke 2001).⁸²

Die streke in die Diaspora wat sou kwalifiseer as sosiale lokaliteit van die *KindEvTom* wat ooreenkomste met die so genoemde Ebionitiese evangelies het, behoort die *KindEvTom* se duidelike raakpunte met Lukas se Westerse manuskripttradisie te verduidelik. Gegewe die tekens van ’n vroeë oorsprong van die *KindEvTom* – die afwesigheid van apostoliese outoriteit, die gebrek aan parallele met ander Nuwe-Testamentiese geskrifte en die *terminus ante quem* op grond van Irenaeus se kennis van die *KindEvTom* – is dit redelik om ’n plek van komposisie midde-in Lukas se gemeenskap of in ’n plek waar die Lukasevangelie hoog aangeskryf is, te vermoed.⁸³ Dit strek vanaf Rome (waar Irenaeus die Ebioniete plaas

⁸² ’n Verskeidenheid Jesus-groepe, veral in die eerste eeue, het ’n noue verbintenis met dieselfde tradisies gehad, en sommige tweede-eeuse skrywers, waaronder Justinus en Origenes, het deurlopend pogings aangewend om só ’n verbintenis te bevestig (kyk Chartrand-Burke 2001).

⁸³ Walter Schmithals (1980:9) vat die navorsing oor hierdie saak soos volg saam: “Denn die bezeichnende theologische Ansichten und Begriffe des Verfassers stammen nicht aus der Schule des

– kyk Klijn 1992:14-16), tot Egipte (waar Origenes hulle plaas), tot Palestina (waar Eusebius hulle plaas) (kyk Klijn 1992:28).

Enige bespreking van sowel die Lukasevangelie as die *KindEvTom* behoort beide hierdie verband tussen die twee geskrifte en die konvensies van kindheidsvertellings in nie-Christelike biografiese literatuur in ag te neem. Die *KindEvTom* gebruik hierdie konvensies om die optredes van die protagonis Jesus as god-kind te beskryf sodat Jesus se optredes as volwasse reddersfiguur geantisipeer kan word.

Anders as die Ebionitiese evangelies verteenwoordig die *KindEvTom* die genre van die heroïese mite. Hierdie genre-identifisering (kyk hoofstuk 5 van hierdie studie) sal in ag geneem behoort te word wanneer die Ebionitiese tendense in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) op 'n sosiaal-wetenskaplike wyse (kyk hoofstuk 6 van hierdie studie) verklaar word. Dit bring ons vervolgens by die ondersoek na die *KindEvTom* as mite.

Paulus ... Der Verfasser beide Bücher [Das Evangelium nach Lukas und die Apostelgeschichte des Lukas] bleibt uns also unbekannt, doch nennen wir ihn weiterhin Lukas. Er was zweifellos ein Heidenchrist, und er schreibt für Heidenchristen ... Was das Doppelwerk geschrieben wurde, läßt sich nicht sicher sagen. Man muß den Zeitraum von etwa 90-110 dafür offenhalten, doch dürfte es richtig sein, sich nicht zu weit von dem Jahr 100 zu entfernen. Der ort, wo beide Bücher verfaßt wurden, ist ebenfalls unbekannt; am ehesten dürften die lukanischen Gemeinden im Nordwesten Kleinasiens gelebt haben."

5 ~ DIE KINDHEIDSEVANGELIE VAN TOMAS AS MITE

5.1

Eksegese is genre-bepaald

Die begrip *genre* het betrekking op die *generiese* karakteristieke wat 'n spesifieke literêre vorm in gemeen het met ander literêre vorms. Op grond van hierdie generiese kenmerke kan 'n mens 'n spesifieke *literêre tipe* van ander onderskei. So byvoorbeeld in die Nuwe Testament onderskei poësie sigself van prosa en het die evangelies ander karaktertrekke as dié van byvoorbeeld 'n brief. Binne die evangelies weer is byvoorbeeld gelykenisse te onderskei van strydgesprekke en wondervertellings. Tradisioneel word daar breedweg in die Nuwe Testament vier makrovorme onderskei, te wete evangelie, *acta* (Handelinge van die apostels), brief en apokalips (Openbaring van Johannes). Op grond van die verskil in die karaktertrekke van die komposisie van 'n brief in vergelyking met dié van 'n evangelie, benader eksegete 'n brief anders as 'n evangelie.

Die historiese kritiek is 'n eksegetiese benadering wat al die literêre tipes in die vroeg-Christelike literatuur – of dit nou evangelie, *acta*, brief of apokalips is – op dieselfde wyse ondersoek. Die identifisering van genre het nie histories-kritici daartoe gebring om verskillende eksegetiese metodes in die uitleg van tekste toe te pas nie. Die rede hiervoor is klaarblyklik omdat die historiese kritiek geïnteresseerd is in vrae oor die evolusionêre wording van 'n geskrif en nie in die komposisie van die finaal gefikseerde dokument nie. En dit geld nie net die *formgeschichtliche* metode nie, maar ook die *redaktionsgeschichtliche*.¹ Selfs wanneer die histories-kritiese eksegetiese ondersoek doen na die struktuur en komposisie van 'n dokument, bestaan die eksegese uit vrae oor die redaksionele verwerking van historiese bronne wat aanleiding daartoe gegee het dat 'n “nuwe” geskrif geskep is. So 'n uitleg is dus meer

¹ Soms word die term “Kompositionsgeschichte” gebruik om aan te dui dat die “skrywersaktiwiteit” nie net as “Schriftsteller” gesien word nie (kyk Vorster 1982:107). Vorster wys egter daarop dat “ook bij de RG [Redaktionsgeschichte] de evangelisten nog niet geheel als auteurs beschouwd ... De literatuurbeskouwing van de RG is genetisch-causaal, De schrijver blijft de exponent van zijn omgeving” (Vorster 1982:107).

geïnteresseerd in die geskiedenis van 'n dokument. Die ondersoek is gerig op vrae soos wie geskryf het, vir wie, wanneer en waar. Die vooronderstelling van so 'n ondersoek is dat insig in die *historiese* proses van die fabrisering van die dokument die eksegeet kan help om antwoorde op hierdie vrae oor oorsake en gevolge te kry. Die verskynsel dat hierdie ekesegetiese benadering alle literatuursoorte in die vroeg-Christelike periode op dieselfe wyse ondersoek, ongeag of dit 'n evangelie, brief, *acta* of apokalips is, is verstaanbaar. Die rede hiervoor is klaarblyklik die aanname ten grondslag van die historiese kritiek, naamlik dat die insig in die historiese wording van 'n dokument die eksegeet kan help om antwoorde te vind op vrae wat verband hou met oorsake en gevolge – soos Marinus de Jonge (1982:81) dit stel: “het verband tussen gebeurtenissen, uitgaande van het feit, dat er wisselwerking tussen verskijnselen is.”.

Hoewel 'n histories-kritiese eksegeese belangrike inligting oor tekste voorsien, behoort die eksegeet in ag te neem dat die soeke na die betekenis van 'n teks meer behels as net die ondersoek na die verbande tussen oorsake en gevolge en ook meer as die blote onderskeid tussen vorm en inhoud. Gene Tucker (1975:v) se uitspraak in sy voorwoord van Edgar Krentz (1975) se boek, *The historical-critical method*, bly steeds 'n uitdaging om te realiseer: “The fundamental rule of biblical exegesis is that the interpreter must be obedient to the text itself; that is, he or she must allow the texts to determine their interpretation.” Dit is in hierdie opsig dat genre 'n heuristiese rol kan vervul. William Doty (1972:430) verduidelik dit soos volg: “That *genre* must stand at least partly to indicate something beyond form, I take to be self-evident. *Meaning*, a common way to designate this additional factor, is genre-bound ... since generic expression must rank among the most important signal-systems used by the author.”² Die identifisering van die genre van 'n teks kan die eksegeet help om metodologies doelgerigte vrae aan die teks te vra.

Ons het in hoofstuk 2 van hierdie studie gesien dat histories-kritiese metodes soos *Formgeschichte* en *Redaktionsgeschichte* inderdaad in die uitleg van die *KindEvTom* toegepas is. Die genre van die *KindEvTom* het egter nie 'n rol gespeel nie. Dit geld ook in die geval van Chartrand-Burke (2001) se opinie dat die *KindEvTom* as “historiese allegorie” gelees moet word (kyk weer hoofstuk 2 van

² Kyk veral die hoofstuk “Genre criticism and genre history” in Otto Kaiser & Werner Kümmel ([1975] 1981:20-29) se ekesegeties-metodologiese handboek, *Exegetical method: A student handbook*.

hierdie studie). Hier sou 'n mens verwag dat tekstipes soos metafore en parabels die grondslag sal vorm om allegorese as interpretasietegniek in te span (kyk veral Hans-Josef Klauck [1978] se werk, *Allegorie und Allegorese in synoptischen Gleichnistexten*).

Dit is dus 'n aanduibare leemte in die navorsing met betrekking tot die *KindEvTom* dat genre-ondersoek agterweë gebly het. Wanneer daar in hierdie studie 'n alternatief op Chartrand-Burke (2001) se interpretasie van die *KindEvTom* as “historiese allegorie” voorgestel word, is dit juis as gevolg van so 'n genre-ondersoek.

Ons het ook in hoofstuk 2 van hierdie studie daarop gewys dat *formgeschichtliche* navorsers van oortuiging is dat die komposisie van die *KindEvTom* uit 'n blote samestelling van losstaande individuele mikrovertellings bestaan. Daar bestaan wye konsensus onder navorsers op die gebied van die *Formgeschichte* dat mikrovertellings in evangeliemateriaal drie breë vorms aanneem: narratiewe, *logia* en die “lydensgeskiedenis” (Tatum 1999:46). Twee kategorieë van Jesus-tradisies kan onderskei word. Die een kategorie is gevorm in terme van die *Jesus-logia* en die ander kategorie het nie woorde van Jesus as basis nie. Eersgenoemde kategorie wat op *Jesus-logia* gebaseer is, onderverdeel weer in drie tipes: wondervertellings, strydgesprekke en deklarasie- (*pronouncement*) stories. Voorbeelde van laasgenoemde twee is die dispute tussen Jesus en die Fariseërs en onderrig van Jesus aan sy dissipels in die vorm van 'n “deklarasievertelling”. Die kategorie wat nie *Jesus-logia* as basis het nie, is vertellings wat die vorm van legende of mite het (Tatum 1999:46). Dibelius (1934:164-172) verwys na hierdie tipe vertellings as “sages” (“novellas”) wat 'n sub-kategorie van “legendes” vorm (Dibelius 1934:104). 'n “Legende” word soos volg beskryf: “A narrative about some sainted person. The term ‘legend’ does not in itself raise the question of historicity” (Dibelius 1934:xv). “Mite” word gesien as: “A story which deals with a *particular* relation and action of a god,” en “novella” as: “A story told *primarily* for its own sake” (Dibelius 1934:xv). Bultmann ([1921] 1931:53-64) tref 'n ander onderskeid. Hy verwys na “novellas” as “biographische Apophthegmata”, bedoelende fiksie oor historiese persoonlikhede wat ooreenkomste toon met Hellenistiese biografieë (βιοί). *Logia* is materiaal wat neerslag vind in enersyds Jesus se gelykenisse oor die koninkryk van God en andersyds in nie-beeldende aforismes waarvan die inhoud óf konvensionele wysheid bevat (bv Matt 7:12 // Luk 6:31) óf

konvensionele wysheid bevraagteken (Matt 10:37 // Luk 14:26).³ Ander *logia*-materiaal sluit seëninge en vervloekings in (Matt 5:9; Lk 6:24), opdragte, vermanings, beklagings en apokaliptiese aankondigings (kyk Tatum 1999:47).

Die standpunt dat die *KindEvTom* ’n komposisie is wat bloot uit sulke losstaande *Gattungen* bestaan, is egter problematies in die lig van die resultate van my ondersoek in veral hoofstuk 4. Die ondersoek het duidelik ’n redaksionele patroon in die *KindEvTom* geïdentifiseer, naamlik dat die god-kind Jesus hom in noue relasie met sy biologiese familie en bure asook met Israel as uitgebreide metaforiese familie bevind. Die ondersoek het verder aangetoon dat die tema “onderrig” as verbindingslyn die verskillende mikrovertellings in die *KindEvTom* met mekaar verbind. My bevinding was dat hierdie verbinding daartoe lei dat die *KindEvTom* as ’n *narratief* funksioneer en nie gesien behoort te word as bestaande uit losstaande individuele mikrovertellings nie. Hierdie *narratief* is verder gegiet in die vorm van ’n *god-mens mite*.

Die herkenning van die narratiewe struktuur van die teks open die vraag of die *KindEvTom* metodologies anders ondersoek moet word as byvoorbeeld ’n teks waarvan die genre nie – wat struktuur betref⁴ – verhalend is nie, maar byvoorbeeld argumentatief van aard. ’n Prominente aspek van moderne strukturele literatuurteorie is dat literatuursoort sterk invloed uitoefen op die wyse waarop die teks geïnterpreteer word. Wat die vroeg-Christelike literatuur betref – insluitende die Nuwe Testament – kan ons in ’n sekere opsig breedweg twee strukturele tipe tekssorte onderskei (wat dus afwyk van die tradisionele vierdeling wat hierbo vermeld is), te wete vertelmateriaal en redevoerings (Anderegg 1977). Ons kan hierna verwys as narratiewe tekste (evangelies, acta en apokalips) en saaktekste (kyk Vorster 1977:18-20).

Redevoerings kan wel as mikrotekste in verhalende literatuur voorkom en vertelmateriaal in ’n redevoering as ’n makroteks. Die literatuursoort van die makroteks sal egter die eksegetiese metode dikteer en die mikroteks as onderdeel van

³ Kyk my artikel in *Ephemerides Lovaniensis Theologicae*, “Jesus and the Son of Man: A shift from the “little tradition” to the “great tradition”, waarin die *Jesus-logion* in Q 9:58 as “subversiewe wysheid” verstaan word (Van Aarde 2004c:423-438).

⁴ Die rol wat struktuuranalises in filosofiese besinning en hermeneutiek begin speel het, het eksegete daartoe gebring om in hulle literatuurteorieë nie soseer aan *historisiteit* as sodanig aandag te gee nie, maar aan die strukturele kenmerke van die teks (kyk Mieke Bal 1991:14-23).

die holistiese konteks benader. So byvoorbeeld, wat verhalende literatuur betref, sal die *narratiewe* funksie van redevoerende toesprake (bv in die Evangelie van Matteus en Johannes) of van briewe (bv Handeling 15:23-29 in die Handeling van die Apostels as makroteks) nie uit die oog verloor behoort te word nie. Insgelyks sal verhalende elemente in redevoerende materiaal (bv die *narratio*-gedeeltes in briewe) retories binne die raamwerk van die groter argument benader (kyk Burton L Mack 1990:41-43, 56). Dit is ook moontlik dat 'n eksegeet 'n redevoering kan laat teruglei na 'n onderliggende verhaal waarop die bepaalde argument fokus.⁵

Dit is my oortuiging dat die geheelstruktuur van die *KindEvTom* 'n mengvorm van redevoering en narratief verteenwoordig. So 'n genre is nie vreemd aan vroeg-Christelike “evangelie-tipe” materiaal nie. Wat die “evangelie-tipe” tekste betref, onderskei Crossan (1998:31-40) vier verskillende “tipe” evangelies. Hy noem die vier kanonieke evangelies 'n *biografiese evangelie*. Die *Evangelie van Tomas* en *Q* verteenwoordig die tipe *spreuke evangelie*.⁶ Die *Geheime Evangelie van Jakobus* is 'n *diskursiewe evangelie* en die *Epistula Apostolorum* en die *Handeling van Johannes* is voorbeelde van 'n *biografies-diskursiewe evangelie*. Volgens my is die *KindEvTom* ook so 'n voorbeeld van 'n “biografies-diskursiewe evangelie”. Wat die *KindEvTom* anders maak as byvoorbeeld *Epistula Apostolorum* en die *Handeling van Johannes*, is dat die genre van hierdie biografies-diskursiewe kindheidsevangelie in die vorm van 'n *god-kind mite* gegiet is.

My vertrekpunt is dat die *KindEvTom* 'n mite is in die sin dat dit Jesus as 'n heroïese god-kind uitbeeld – 'n vertelling wat vanuit die perspektief van 'n pre-moderne wêreldbeskouing geïnterpreteer behoort te word. Hierdie siening verskil in

⁵ So byvoorbeeld het ons in een van die redevoerende dokumente in die Nuwe Testament, die brief van Paulus aan Filemon, die *storie* van 'n slaaf wat van sy eienaar weggeloop het. Norman R Petersen (1985) het 'n “narratiewe” eksegeese van hierdie brief van Paulus gedoen. Die eienaar word deur die brieffskrywer gekonfronteer met die argument dat die eienaar en die brieffskrywer en die slaaf aan dieselfde geestelike familie behoort. Die eienaar behoort daarom die slaaf as 'n soort “verlore seun” terug te ontvang.

⁶ Wat die “spreuke evangelies” betref, is die *Evangelie van Tomas* in geskrewe vorm sedert die Nag Hammadi-ontdekking beskikbaar, terwyl die *Spreuke Evangelie Q* 'n teoretiese teks agter die Lukas- en Matteusevangelies is. Dale Allison (1997:ix) beskryf die verandering in sy eie oortuigings rakende *Q* as werksipotetiese bron soos volg: “Originally I envisaged my studies as a collective critique of the various compositional theories of *Q*, for all of those theories had seemed to me problematic. Indeed, for many years I thought it incredible that modern scholars could reconstruct the stages through which a lost – or rather hypothetical – document had passed. But along the way certain observations began, against all expectations, to subdue my incredulity, and when a sufficient number of observations began to point me in the same direction, I soon found myself, for better or worse, the author of my own compositional history of *Q*. I ended up doing what I once thought could not be done.”

die opsig van dié van Chartrand-Burke dat sy nie soos ek die *KindEvTom* se Jesus as god-kind beskou nie en nie soos ek meen daar in inhoud ’n verwantskap is tussen die *KindEvTom* en die Ebionitiese evangelies nie.

Soos Chartrand Burke, is dit my standpunt dat die *KindEvTom* se god-kind Jesus as “ten volle menslik” beskou moet word. Die oortuigings van beide van ons word egter nie beredeneer vanuit die perspektief van ’n “Christologie van bo” (kyk weer hoofstuk 1 van hierdie studie) nie. Ons stem ook saam dat die kind Jesus in die *KindEvTom* uitgebeeld word na aanleiding van die kontemporêre sosio-historiese (en ek voeg die sosiaal-psigologiese by) verwagtings. Hierdie uitbeelding het betrekking op Jesus se rol as seun, broer, vriend, en leerling in die *KindEvTom*. Soortgelyke verwagtings oor “grootmensagtige kinders” word ook in ander Hellenisties-Semitiese en Grieks-Romeinse biografiese literatuur aangetref (kyk hoofstuk 6 van hierdie studie). Ons verskil egter oor die interpretasie deurdat ek die *KindEvTom* as ’n god-kind mite verstaan en die eksistensiële betekenis daarvan (kyk later in hierdie hoofstuk) binne die konteks van die Ebionitiese vroeë Christendom vind. Hierdie interpretasie het die gevolg dat die sosiaal-wetenskaplike ondersoek daartoe lei, soos ook in die studie van Chartrand-Burke, dat die *KindEvTom* nie as ’n “historiese allegorie” verstaan word nie. Maar eers is ’n uiteensetting van my teorie van mite nodig.

5.2

Miteteorie

Mense mag onder die indruk verkeer dat die man of vrou op straat die term “mite” verstaan as verwysend na ’n primitiewe, ongesofistikeerde storie – ’n onwaar fabel wat in orale kultuur ontstaan het en wat deur vertellers verder oorgelewer is.⁷ Alhoewel die verwysings “waar” en “onwaar” beslis ontoereikend is om mite te kwalifiseer (kyk Walsh 2001:128-130), sou dit nie onvanpas wees om mite as “volksvertelling” te bestempel nie – dit wil sê nie ’n produk van ’n individuele

⁷ Kyk, byvoorbeeld, leksiografiese inskrywings in onder andere *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal [HAT]* ([1965]1988:705) en *Meriam-Webster’s Collegiate Dictionary* ([1831] 1994:770).

skrywer wat 'n pen opneem om 'n letterkundige monografie daar te stel nie (vgl Kirk 1984:56). Daarom behoort mite as *Kleinliteratur* waardeer te word.

5.2.1

Mite as *Kleinliteratur*

Martin Dibelius ([1919] 1971:1-2) klassifiseer die literêre produkte van individuele skrywers as *Hochliteratur*. Hierdie tekssoort is bedoel om as “letterkunde” beoordeel en waardeer te word. Sogenaamde *Kleinliteratur* is die uitvloeisel van folkloristiese “kuns” en neem die vorm van spreuke, anekdotes, heroïese legendes, fabels en volksang aan (Bultmann [1921] 1931:7-8).⁸ In *Hochliteratur* skep skrywers om uitdrukking aan hulleself te verleen en in die proses te pretendeer om unieke persoonlike werke te lewer. In *Kleinliteratur* staan die enkeling nie uit nie, maar word deel van ander.

Milan Kundera ([1967] 1992:140-141) se beskrywing van die oorsprong en ontwikkeling van folkloristiese liedere druk die *funksie* van narratiewe *Kleinliteratur* duidelik uit (my vertaling van Kundera se formulering):

Volksang het beslag op 'n ander manier as 'n formele gedig gekry ... die volkslied het soos 'n stalaktiet gevorm wat sigself druppel vir druppel in nuwe motiewe, en in nuwe variasies ontwikkel het. Dit is van geslag tot geslag oorgedra en elkeen wat dit gesing het, het iets daarby gevoeg. Elke lied het meer as een skepper wat almal in nederigheid agter hulle skepping verdwyn het.

⁸ Volgens Rudolf Bultmann bestaan daar ooreenkomste tussen studies oor volkskuns en eksegete se *formgeschichtliche* ondersoek na die formele kenmerke van die Jesus-tradisie. Hy beskryf die doel van *Formgeschichte* soos volg: “Die ursprüngliche Form eines Erzählungsstückes, eines Herrenwortes, eines Gleichnisses [Bultmann se kategorieë van *Jesus-logia*] zu erkennen, ist eben das Ziel der formgeschichtlichen Betrachtung. Sie lehrt damit auch sekundäre Erweiterungen und Bildungen erkennen und begegnet sich in solchen für die Geschichte der Tradition wichtigen Ergebnisse mit der vorigen Betrachtungsweise. Es stehen Analogien zur Verfügung sowohl für die Form der Traditionsstücke wie für die Geschichte der Tradition. Für jene kommen besonders Sprüche und Geschichten von Rabbinen, aber auch hellenistische Erzählungen in Betracht, für beides die Überlieferung von Sprichwörtern, Anekdoten und volkstümlichen Erzählungen. Lehrreich ist für manche Erscheinungen die Märchenliteratur, unter Umständen noch mehr das Volkslied, da in seiner gebundenen Form die Erscheinungen primitiver Erzählungsweise noch fester gewahrt bleiben” (Bultmann 1931:7-8).

5.2.2

Mite vereis interpretasie

In sy bydrae “The concept of myth”, verwys die Skandinawiese Ou-Testamentikus, Benedikt Otzen ([1976] 1980:1), na die 19de-eeuse Deense priester, digter en historikus, N F S Grundtvig, wat eksegete se aandag weer gevestig het op die insigte wat die Romantiek⁹ bied ten opsigte van dit wat mite nie voorgee om te wees nie: dit is nog minderwaardige historiografie, nog natuur-allegorie. Vanuit so ’n historiografiese perspektief gesien, sou mite ’n teks wees met as inhoud die “korrupte geskiedenis” van die gode as ’n refleksie van prehistoriese helde. Vanuit ’n “natuur-religieuse” perspektief gesien, is gode die personifikasie van natuurverskynsels soos weerlig, donderweer en reën.

Raffaele Pettazzoni¹⁰ bied egter ’n meer gesofistikeerde akademiese standpunt oor wat mite is. In ’n artikel, “The truth of myth”, sê Pettazzoni ([1954] 1984:103; vgl Gaster 1984:132-134) dat mite “ware geskiedenis” is, want dit is “heilige geskiedenis”, nie slegs op grond van die inhoud daarvan nie, maar ook vanweë die “sakrale kragte” wat daardeur in die konkrete werklikheid ontketen word. Die oorsprong van die mite se “waarheid” lê volgens Pettazzoni (1984:103) nie in logika nie; nog is dit histories van aard. Mite is by uitstek ’n teks met ’n religieuse strekking.¹¹

⁹ Eksponeer van die *Aufklärung* (byvoorbeeld, G L Bauer) het mites, legendes en sages beskou as uitdrukkings van “primitiewe” religiositeit wat nie as basis vir geloof kon dien nie. Hierteenoor hou die Romantiek, literatuurhistories gesien, verband met die oud Franse woord *romanz* (*escrire*) wat sedert die Middeleeue na die “roman” as ’n literatuurvorm verwys. Dit het betrekking op daardie tipe vertelling wat doelbewus nie ’n weergawe van werklike gebeure is nie, dit wil sê ’n novelle. “Waarheid” was nie meer net gevind in proposisies of ’n diskoers wat met die empiriese “werklikheid” sou ooreenstem nie. Waarheid was eerder met die “irrasionele” (dit wil sê in die ervaring van geloof as gawe van buite die menslike natuur) in verband gebring. Die mite is ’n ander soort tekstipe wat ook getuies lewer van outentieke bestaan. Die Romantiek as beweging het daartoe aanleiding gegee dat eksegete, teoloë en klassici nie net in die Bybel sprokies, mites, sages en legendes eien, maar ook om hierdie literatuurvorme (*Gattungen*) te ag as “objektiferende spreke” wat uitdrukking gee aan mense se eksistensie as gelowiges (kyk Van Aarde 1999:11-27).

¹⁰ Raffaele Pettazzoni (1883-1959) is ’n wetenskaplike wat werksaam was in Rome en homself lewenslank aan kruis-kulturele antropologiese studies gewy het.

¹¹ Pettazzoni (1984:103) sê verder: “The efficacy of the myth for the ends of the cult, the preservation of the world and of life, lies in the magic of the word, in its evocative power of *mythos* in its oldest sense, of the *fa-bula* not as ‘fabulous’ narrative but as a secret and potent force”

David F Strauss ([1835] 1984; kyk Dawes 1999:86-111) se oorbeklemtoning van mite tot die mate dat die hele Nuwe Testament as mities bestempel sou kon word (kyk Walsh 2001:95), het daartoe gelei dat eksegete en teoloë toenemend ongemaklik met die term “mite” geraak het en selfs afwysend daarop begin reageer het. Rudolf Bultmann het egter ’n verskil gemaak (vgl Walsh 2001:105). Sy dialektiese onderskeid tussen die begrippe “mitologie” (verwysende na ’n pre-moderne paradigma) en “mite” (verwysende na die geobjektiveerde tekstuele getuienis van die ontmoeting tussen mense en eksterne goddelike of demoniese kragte) (Bultmann ([1958] 1964:15) het veral by eksponente van die hermeneutiese benadering¹² positiewe byval gevind. Op die gebied van mite-teorie kom hierdie benadering in kort daarop neer dat mite, om relevant te wees, interpretasie benodig.¹³

Wat die omskrywing van mite betref, is daar ’n ooreenkoms tussen die Ou-Testamentikus, Hermann Gunkel en die Nuwe-Testamentikus, Rudolf Bultmann. Volgens Gunkel (1922:xiv) is *mites* stories oor gode en *sages* stories waarin mense die aktiewe *personae* is. Die verskynsel dat “mitiese figure” (oftewel *personae*) uit die ander twee dimensies buite die aarde (naamlik buite die sfeer bó en dié onder die aarde) in sages voorkom, is dus nie dié onderskeidende element wat die sage van die mite onderskei nie. Die onderskeid bestaan daaruit dat die sage pretendeer dat die storie wat deur die mite gekommunikeer word, eens op ’n tyd wel êrens plaasgevind het. ’n Sage poog dus om geskiedenis te wees (Otzen 1980:6). Daarom is sages volgens die Sweedse geleerde, C-M Edsman (1961, § 1300), volksvertellings¹⁴ wat verwys na karakters (mense en mitiese figure) wat binne ’n gegewe tyd en ruimte handel en wat dus histories ondersoek kan word (kyk Otzen 1980:5-6). Dit is ’n funksie van sowel mites as sages om óf *verduidelikend*¹⁵ óf *etiologies*¹⁶ te wees, wat

¹² Hierdie benadering verteenwoordig ’n kontinuiteit met die denkrigtings van Kant, Schleiermacher, Dilthey, Heidegger, Ebeling en Ricoeur – kyk Grondin, J [1991] 1994).

¹³ Otzen (1980:3) som soos dit soos volg op: “Thus, according to Bultmann, the myths of the New Testament talk about things in the beyond in an objective way, which is meaningless to ‘modern man’ whose canons of perception have been determined by a ‘scientific’ understanding of the world. If the message of the NT is so to speak to contemporary people, it must be rescued from ‘the historically conditioned form of their mythological perceptions.’”

¹⁴ Folkloriste, soos byvoorbeeld A Olrik (in Otzen 1980:5, 124 nota 6) het sulke vertellings in 1921 beskryf as verslaggewing van ’n gebeurte wat op sodanige wyse mondelings oorgelewer is dat die oorsprong van die vertelling of die vroegste oorleweraars daarvan nie meer geïdentifiseer kan word nie.

¹⁵ Byvoorbeeld, om die aanwesigheid van vreemde sout rotsformasies naby die Dooie See aan die “gebeure” rakende Lot se vrou toe te skryf, of om die voorkoms van ’n oase in die woestyn toe te skryf aan die “gebeure” toe Moses daar ’n rots met ’n stok geslaan het.

tekswetenskaplikes en teoloë uitdaag om te besin oor die presiese verhouding tussen *mite* en *geskiedenis* – wat weer die aandag vestig op die rol wat *tyd* in die interpretasie van mite speel.

5.2.3

Mitiese tyd en historiese tyd

In die algemeen gesien, verskil godsdienswetenskaplikes en tekswetenskaplikes oor wat die onderskeid tussen “mitiese tyd” en “historiese tyd” behels (kyk Otzen 1980:7). Die Nederlandse godsdienswetenskaplike, Gerardus de Leeuw (in Sløk 1960, § 1263-1268), het byvoorbeeld in die dertigerjare die mening uitgespreek dat die dimensie “tyd” in mites te doen het met óf *Urzeit* óf *Endzeit* – dus óf *vóór* (byvoorbeeld skeppings-en paradysvertellings) óf *ná* “historiese tyd” (byvoorbeeld vertellings oor die nuwe hemel en aarde, met ander woorde herskeppingsmites).

Tekswetenskaplikes, soos Gunkel en Bultmann, het “mitiese tyd” gesien as tyd wat “historiese tyd” (dit wil sê reële tyd waarin historiese gebeure plaasvind en wat as sodanig aan historiese kritiek onderworpe is) transendeer. Dit wil sê, alhoewel geartikuleer in geobjektiveerde vorm, is “mitiese tyd”¹⁷ nie onderworpe aan histories-kritiese ondersoek nie, maar is wel op eksistensiële wyse¹⁸ interpreteerbaar as

¹⁶ Byvoorbeeld, om ’n verklaring te bied van hoe ’n kultus by ’n bepaalde “heilige plek”, waar voorvaders/moeders eens gebly en goddelike openbarings gehad het, ontstaan (Otzen 1980:6). Otzen (1980:6-7) tref ook ’n onderskeid tussen “sprokie” (*fairy tale*) en legende. Eersgenoemde het geen historiese basis nie, is tydloos en wil bloot vermaak; legende, alhoewel duidelik nie op realiteit gegrond nie (byvoorbeeld stories oor Daniël), wil inderdaad voorgee dat dit óf ’n historiese basis óf ’n bemagtigende funksie het.

¹⁷ Die antropoloog en godsdienswetenskaplike, Mircea Eliade (1987), het hierdie twee tydsbegrippe, mitiese tyd en historiese tyd, op sintetiese wyse op mekaar laat inwerk. Die mens leef in “profane tyd” (wat as liniêr voorgestel kan word omdat dit die lewe chronologies, van geboorte tot dood, omvat – dit wil sê normale “historiese” tyd). Mense leef terselfdertyd ook in “sakrale tyd” wat tydens godsdienstige geleenthede in hulle lewe manifesteer. “Sakrale tyd” is siklies van aard deurdat dit telkens terugkeer en “profane tyd” deurkruis. Dit het telkens ’n vertrekpunt in die so genoemde “oertyd” (*Urzeit*), waarna dit die lewensloop van die mens meermale deurkruis. Vanweë die mens se begeerte om “kongeniaal met die gode te wees”(vgl Eliade 1975), manifesteer ’n sodanige “eskatologiese” begeerte vir ’n terugkeer na ’n “primordiale situasie” (*Endzeit*) – waarin die gode en mitiese voorvaders en –moeders teenwoordig is – soms in die mens en in kultiese gemeenskappe. Daarom word skeppings- en paradysmites telkens in mites oor ’n nuwe hemel en aarde herhaal (kyk Eliade 1999).

¹⁸ Die onderskeid tussen die begrippe “eksistensiël” en “eksistensiiaal” het ’n oorsprong wat na die filosoof Martin Heidegger ([1927] 1998:32) teruggaan en deur die Nuwe-Tetamentikus, Rudolf Bultmann ([1925] 1968:236-256 op die hermeneutiek van die Nuwe Testament toegepas is (kyk Johnson 1987:21-28; Fergusson 1992:66). Beide begrippe het op die eksistensie van die mens

verduidelikende of *etiologiese* mitiese spreke wat op hermeneutiese wyse “ontmitologiseer” behoort te word.¹⁹ “Heiliges”, soos profete, gebruik nie mite om dogmatiese of historiese waarhede oor God te verkondig of om op ontologiese wyse God se wese en wil te beskryf nie. Mite word gebruik om die waarheid van die verhouding tussen God en die mense van een situasie na ’n ander oor te dra en só die versmelting van die “mitiese” met die “historiese” tyd in die lewe van mense teweeg te bring (vgl Jeppeson, in Otzen, Gottlieb & Jeppesen 1980:96, 123).²⁰

betrekking. Die term “eksistensiaal” verwys na mens-wees as sodanig en “eksistensiël” na individuele menslike eksistensie. Die term “eksistensie” het in beide gevalle betrekking op *Dasein* (dit wil sê outentieke bestaan) en nie net op *Sein* nie (dit wil sê op blote “bestaan” sonder singewende inhoud).

¹⁹ Naas *ontmitologisering* as ’n “hermeneutiese program” onderskei die Finse folkloris, Lauri Honko (1984:42-44) nog twee ander gebruike van die term “ontmitologisering”. Die een gebruik is om die woord “mite”, verwysende na die teksoort “mite” te vermy (dit wil sê om dit te “ontmitologiseer” ter wille van die negatiewe konnotasie wat veral konserwatiewe Christene daarvan huldig as synde onwaar) en om dit eerder met terminologie soos byvoorbeeld “sakrale geskiedenis” te vervang. Die ander gebruik is om vanuit ’n positivistiese, rasionalistiese perspektief die begrip “mite” as synde agtergehaald vir die moderne wetenskaplike (soos byvoorbeeld deur iemand soos David Bidney [1953:14] voorgestaan word) te beskou, en wat derhalwe as iets primitiefs agtergelaat moet word. Die derde moontlikheid is die hermeneutiese opsie, ingevolge waarvan mite beskou word as ’n vorm van “simboliese” taal, wat op so ’n wyse geïnterpreteer moet word om die betekenis daarvan vas te stel. Volgens Bultmann (1965:128-137) het ontmitologisering ten doel om die “objektiverende taal” van mitiese spreke af te skil om sodoende die “intensie van die mite” (die eksistensiële betekenis van die ontmoetende gebeure tussen mens en eksterne goddelike/ demoniese kragte) te identifiseer (vgl ook Jaspers & Bultmann 1958).

²⁰ Die kultus is dus die “historiese plek” waar die ervaring van herskepping dikwels gemanifesteerd aangetref word (kyk Hooke 1958, 1966; vgl Rogerson 1984:67; 1976, 1978). Volgens die Sweedse godsdienswetenskaplike, Vilhelm Grønbech (in Otzen 1980:10, 125), word die wêreld opnuut in die kultus gebore omdat die “gans andere” in die kultus-gebeure teenswoordig raak. Herinneringe aan die “groot dade” van die voorvaders word opgeroep, word teenswoordig en aktueel – dikwels as deel van die stryd met demone sodat mense vir oorlewing bemagtig kan word. Widengren (1961) voer aan dat wanneer mite van kultus geskei word, is dit nie langer mite nie en word dit eerder sage of legende. Mite se kragtige impak is aan die kultiese ritueel te danke – mite beskryf inderdaad die kultiese ritueel. Volgens Mowinckel (1953; vgl Otzen 1980:11,125) is “ware mite gekoppel aan kultus, het daaruit ontwikkel, en verleen dit uitdrukking aan fundamentele gebeure wat plaasvind en reeds gebeur het, die verlossende aksie wat in die kultiese ervaring ‘her-roep’ word” (my vertaling van die formulering van Mowinckel). Tog is dit belangrik om raak te sien dat mite die grense van kultus oorskry. Grønbech (1948:60) het dit soos volg geformuleer: “Dit is so dat “ware mite” altyd handel oor dit wat in kultus gebeur maar dit slaan heel dikwels ’n eie koers in, omdat dit handel oor gebeure waarvan die invloed in alle lewensverhoudings gevoel kan word. Dit is derhalwe belangrik om mite as ’n entiteit *per se* te sien wat die kultus van ’n spirituele agtergrond voorsien. Binne die kultiese ruimte vind ’n harmonie tussen mens en die godheid plaas wat met die hoogs gelaaide term “verlossing” beskryf kan word. Hierdie “gebeure” is nie sonder risiko nie – verlossing gaan gepaard met die dramatiese gebeure waarvan die mite vertel: “the battle against the powers of chaos must be experienced” (Knud Jeppesen, in Otzen, Gottlieb & Jeppesen [1976] 1980:96). Hoewel dit noodsaaklik is om mite van kultus te onderskei, is die dialektiek tussen die twee konsepte ewe belangrik. Volgens die Deense Ou-Testamentikus, Knud Jeppesen (in Otzen, Gottlieb & Jeppesen 1980:97), is die uitsluiting van aanbidding in mitiese taal die ekwivalent daarvan om van God geskei te wees. In kultiese terme gesien beteken dit dat mense nie aan die ritueel, wat uitdrukking gegee aan gemeenskap met God, deelneem nie (soos byvoorbeeld aan pelgrimstogte en die tempelprosessie). Volgens Jeppesen wil dit egter voorkom of ’n geneigdheid tot oppervlakkigheid inherent aan die natuur van kultus is. So byvoorbeeld kwyn ’n dramatiese, eksistensiële element wanneer ’n kultiese aspek soos vergiffenis amper outomaties uitgespreek word

Honko (1984:49) definieer mite aan die hand van vier kriteria: vorm, inhoud, funksie en konteks. Die *vorm* is 'n narratiewe, 'n verbale berig oor wat bekend is van die oorsprong van wat heilig is. Mitiese prototipes, voorbeeld- en ander karakters asook die herhaling van helde- of skeppingsdade word in 'n narratiewe vorm uitgedruk (Honko 1984:49). As narratiewe kan 'n mite in 'n soort gekompakteerde “taalhandeling” (*enacted myth*) of in vertelde vorm (*narrated myth*) uitgedruk word. In eersgenoemde geval het 'n mens met 'n “rituele drama” (soos heilige maaltye of 'n inisiëringsdooptuël) te make en in laasgenoemde met “liturgiese opvoering” waarin verbale en nie-verbale vorme, soos preke, himnes, gebede en danse 'n rol speel. Mites kom ook in godsdienstige kuns, soos ikone en simbole, voor. Voorts kom gekodifiseerde vorms daarvan in toesprake, denke, drome en ander gedragsvorme voor. Soos in die geval van die *KindEvTom* as 'n god-kind mite, kan die narratiewe ook 'n diskursiewe vorm met 'n gestruktureerde plot aanneem (kyk weer voetnota 46 in hoofstuk 2 van hierdie studie).

Wat *inhoud* betref, vervul die kosmogoniese komponent 'n belangrike plek in mites (Honko 1984:50-51).²¹ Maar nie alle mites is kosmogonies van aard nie (Honko 1984:50). In Heiler (1961:283-286) se tipologisering van mites²² is die so genoemde “verlossingsmite” 'n vertelling wat handel oor die goddelike intervensie in die geskape wêreld deur die optrede van 'n reddersfiguur. Die *KindEvTom* se “diskursief-

terwyl die rituele vereistes nougeset nagekom word. Daarom dat 'n “profetiese Nee!” téén kultiese formalisme so nodig is. Die eksistensiële teenwoordigheid van die “gans andere” (“sakrale tyd”), wat veronderstel is om deur kultiese taal gekommunikeer te word, kan nie deur die vier mure van die tempel omvat word nie. Maar ook behoort die alledaagse lewe (“historiese tyd”) nie van 'n kultiese situasie geïsoleer te word nie.

²¹ Kosmogonie het te doen met berigte oor die skepping van die wêreld, die ontstaan van die kosmos en die onderwerping van chaos (Heiler 1961:283).

²² Die so genoemde *Jenseitsmites* toon ooreenkomste met “antropologiese mites”, maar is vertellings oor die onderwêreld, hemelreise en die mens se verhouding met onder andere die dood en ewige lewe, terwyl apokaliptiese eindtydmities kataklismiese berigte oor die einde van die aarde en die katastrofiese herstel van die oerbegin is. Kosmogoniese mites konsentreer op die beslissende kreatiewe “gebeure” aan die begin van tyd en daarom speel al drie hooftipes rituele 'n rol daarin, naamlik rites van krisis, kalenderrites en *rites de passage* (Honko 1984:50). *Rites de passage* dien as identiteitsmerkers wat aan mense 'n plek in 'n bepaalde kultuurgroep toeken (kyk McVann 1991:333). Kalenderrites het betrekking op kultiese vierings waarin soteriologiese rituele krisisse in die kollektiewe geheue van die kulturele groepering kan simboliseer. In baie godsdienste verleen kosmogoniese mites gesag aan vertellings oor die oorsprong van die bepaalde groep. Deur hierdie mites in verband te sien met ander wat deur 'n bepaalde groep aanvaar word, kan die identiteit van sodanige groep beskryf word. Daarom verwys die term “kosmogonie” in hierdie verband na al daardie vertellings wat berig hoe die wêreld en die era waarin die bepaalde groep lewe, begin het en hoe gekodifiseerde sakrale waardes die groep se ideale bepaal.

biografiese” aard vertoon die narratiewe en inhoudelike karakter van so ’n “verlossersmite”.

5.2.4

Mite as model vir eksistensiële verstaan

Op grond van ’n mite se narratiewe vorm, kosmogoniese inhoud, die funksie om as model van gedrag te dien en die rituele konteks waarin “historiese tyd” (“sekulêre hede”) deur “mitiese tyd” (“sakrale verlede”) gevul word, het daar in moderne diskoerse ’n hele aantal teorieë ontwikkel om mites eksistensiel te interpreteer (kyk Honko 1984:46-48). Mite dien as model vir menslike aktiwiteit, aangesien die mitiese wêreldbeskouing nie verandering of ontwikkeling veronderstel nie en as staties ervaar word. ’n Bykans uniforme verduideliking van die wêreld, wat op die kreatiewe en formatiewe aksies van die gode en van helde gebaseer is, kan van mites afgelei word. Die religieuse persoonlikheid deel in hierdie dade tot die mate as wat hulle as model in denke gevestig word en in gedrag nageboots en gevolg word.

Met ander oorde, alhoewel mite vele funksies het²³ en baie fasette het (Walsh 2001:55, 86) kan die funksie daarvan tot die daarstelling van ’n kognitiewe basis vir ’n praktiese gedragsmodel veralgemeen word. Volgens Honko (1984:51) kan mites as ontologies gekarakteriseer word omdat dit in ’n koherente wêreldbeeld geïntegreer is en belangrike aspekte van die lewe en die universum beskryf. Aan die einde van hierdie studie word in hoofstuk 7 so ’n “praktiese gedragsmodel” na aanleiding van ons verstaan van die *KindEvTom* as ’n god-kind mite beskryf.

²³ Richard Walsh (2001:11) onderskei die volgende perspektiewe op wat mite is: vanuit die literatuurwetenskap gesien is dit ’n spesifieke genre; vanuit die epistemologie (wetenskap, dit wil sê hoe ’n mens “weet”) gesien verteenwoordig mite ’n bepaalde hermeneutiek; vanuit die religie gesien is mite ’n middel om mag te bekom; vanuit die filosofie gesien is dit simboliese taal; vanuit die sosiologie gesien is dit ’n sosiale program (“charter”) en vanuit die psigologie gesien is mite ’n middel om self-identiteit uit te druk.

Honko's (1984:46-48) het teorieë van interpretasie²⁴ geïdentifiseer waarvolgens mite op eksistensiale wyse geïnterpreteer kan word.²⁵ Een van hierdie wyses is die Jungiaanse model van uitleg. Volgens die Jungiaanse skool is mite 'n projeksie van die onderbewuste, hetsy uit genetiese erfenis (Jung) of op grond van die sosialisering in 'n kultuurgroep (neo-Jungiane). Uit die gedeelde substratum van mens-wees kom 'n vervalste (of soms versluerde) en gekondenseerde boodskap voort wat in der waarheid die projeksie van die onderbewuste is wat gedeeltelik deur tradisie en gedeeltelik deur die "elementêre feite" van die lewe beheer word. (Dit is juis om die rede dat Freud die konsep van "dagdrome" as modelle vir mites beskou).

'n Ander wyse van eksistensiale interpretasie is dat mite gesien kan word as wêreldbeeld, wat in die Kuhniaanse sin van die woord as paradigma beskryf kan word (kyk Kuhn 1977:293-339). In hierdie sin bied mites 'n verklaring vir 'n spesifieke individuele paradigma wat tegelykertyd tradisionele, kollektiewe kenmerke vertoon. Mense wat met fundamentele probleme rakende die samelewing, kultuur en natuur gekonfronteer word, word 'n geleentheid gebied om in tye van krisis daardie elemente uit hulle mitiese erfenis en paradigma wat ander individue en die gemeenskap tevrede stel, te selekteer. Mite legitimiseer sosiale instellings, omdat mites uitdrukking verleen aan religieuse waardes waardeur sosiale instellings in stand gehou word.

Sterk in aansluiting by Carl Jung se siening, meen Joseph Campbell (1972:13) in sy werk, *Myths to live by* dat mites vir ons in beeldspraak vertel van die mag van die psige wat in ons lewens erken en geïntegreer moet word – magte wat van altyd af eie aan die menslike gees was en wat die mens deur eeue heen in staat gestel het om te oorleef. Mites kan daarom nie deur die bevindings van wetenskap, wat eerder op die eksterne wêreld betrekking het, vervang word nie.

²⁴ Hierdie teorieë kan onderverdeel word in vier subgroepe: historiese, psigologiese, sosiologiese en strukturele perspektiewe. Daar is egter heelwat oorvleueling en daarom is hierdie onderskeid in vier perspektiewe alleen van betekenis omdat dit wys op die verskynsel dat wetenskaplikes op 'n multidimensionele wyse vanuit verskillende perspektiewe verskillende vrae aan dieselfde mite kan stel. Die klassikus, G S Kirk (1984:54), is daarom skepties jeens "universalistiese teorieë" wat enersyds erken dat Griekse mitologie 'n patroon vir alle ander mites bied, maar wat andersyds nie insien dat hierdie teorieë wel geldig vir sekere tipe mites is en in die geval van andere weer misleidend is (Kirk 1984:59).

²⁵ So byvoorbeeld kan mite as bron vir kognitiewe vraagstelling beskou word. Volgens kennissosioloë is dit vir die intellek nodig dat sekere aspekte van die universum gekonseptualiseer word sodat dit 'n relasie tussen verskillende verskynsels kan skep. Mite dien as sodanige kognitiewe konsep. Mite is egter ook 'n vorm van simboliese uitdrukking. Net soos ander skeppende aktiwiteite van die mens, soos byvoorbeeld poësie en musiek, is mites (wat hulle eie reëls, realiteit en uitdrukkingsvorm het) menslike projeksies om die wêreld simbolies te orden.

Net soos die klassikus G S Kirk, maak Robert A Segal (1999:135-141) egter beswaar teen Campbell se universalistiese en psigologies-simboliese interpretasie van mites. Hierdie probleem kan volgens Segal ([1978] 1984:262-263) vermy word as die psigologiese interpretasie van mites die teorieë van historici en antropoloë ernstiger neem en die betekenis van mites meer relatief tot die bepaalde tyd en samelewing waaruit dit voortspruit, ondersoek (vgl Segal 1980:3-49).²⁶ Hierdie insig met betrekking tot die relatiwiteit van betekenis is een van die fundamentele uitgangspunte in die hermeneutiese benadering tot tekste – insluitend mites. Jung ([1959] 1968:156) self het hierdie uitgangspunt beklemtoon. Hy voer aan dat, omdat die kollektiewe onderbewuste inherent onbewustelik is, is dit onmoontlik om te sê waarna 'n mite se inhoud eenduidig verwys. Elke interpretasie is van nature 'n “as-of”. Jung (1968:156) se mening is dat die “ultimate core of meaning may be circumscribed, but not described.” Hierdie “onuitputlike” en “immer ontwykende” betekenis van mite is daaraan toe te skryf dat mites “simboliese manifestasies van argetipes” is. Beide die aspekte “simbool” en “argetipe” behoort dus by mite-interpretasie in berekening gebring te word.

Daar is egter volgens Jung ook 'n derde faktor wat by die interpretasie van mite in ag geneem behoort te word (kyk Segal 1999:72-73).²⁷ En dit is dat mites nie

²⁶ Segal (1984:260-261) se bykans gelykstelling tussen Joseph Campbell se beklemtoning van mite as simbool met Rudolf Bultmann se ontmitologiseringsprogram is egter onregverdig. Segal maak nie erns met Bultmann se dialektiese onderskeid tussen die begrippe “mitologie” en “mite” nie (kyk bespreking later in hierdie hoofstuk). Hierdie onderskeid neem juis die relatiwiteit van tyd en wêreldbeeld in berekening.

²⁷ Dit is egter nie net moderne filosowe en eksegete wat van oordeel is dat mites geïnterpreteer behoort te word nie. Interpretasie van mites het reeds in ou Griekeland voorgekom. Honko (1984:44-46) onderskei 'n hele aantal tipes antieke interpretasies. Hesiodus in sy *Theogonia* en Homeros in sy eposse het op *mitografiese wyse* nie alleen mitiese tradisies oorgelewer nie, maar ook die poëtiese uitdrukking daarvan geïnterpreteer. Xenophanes, Heraclitus en Plato het filosofiese kritiek op mites toegepas en die tradisionele mites verwerp. Xenophanes wou dit met monoteïsme en Heraclitus met 'n panteïsties Logos-begrip vervang, terwyl Plato dit met religie gelykgestel het en as instrument beskou het waarmee met onbeskaafde volke omgegaan word. Thales en Anaximander het op 'n *voor-wetenskaplike wyse* mite in terme van die “natuurwetenskap” geïnterpreteer deur die primêre fisiese elemente soos water (Thales) en ἄπειρον (Anaximander) te identifiseer, terwyl hulle steeds binne 'n driedimensionele wêreldbeeld geglo het in die uitwerking van eksterne goddelike kragte. Theagenes het op *allegoriese wyse* mites in terme van *natuurverskynsels* (bv Apollo wat vuur is, Poseidon water en Artemis die maan) en *geestelike kwaliteite* (bv Athena wat wysie oordeel is, Ares wat ongebonde rasionaliteit, Aphrodite begeerte en Hermes onderskeidende intellek). Anaxagoras weer, het Athena geïnterpreteer as kuns, Lethe as vergeetagtigheid en Zeus as intellek. Plato het deur middel van *etimologiese interpretasie* van die Griekse werkwoord θεῖν die teorie ontwerp dat die mens die idee “god” op grond van die waarneming van die reëlmaat in die beweging van die sterre geskep het. Herodotus was bekend vir sy tipe vergelykende en deduktiewe *historiese interpretasie*. Hiervolgens het die Grieke hulle mites en gode van ander kulture ontleen. Op die wyse het Libiese gode mettertyd die Griekse Poseidon geword, terwyl Zeus uit Egiptiese gode, wat op hulle beurt van Ammon afgelei is, ontwikkel het en Athena van Neith en Apollo van Horus insgelyks ontwikkel het. Volgens Honko

bloot betekenis oordra nie. Hulle hou wel betekenis vir mense wat kollektief verantwoordelik is vir ontstaan en ontwikkeling van die mite as folkloristiese produk (kyk bespreking vroeër in hierdie hoofstuk). Mite is die bedoeling van die onderbewuste om inhoud aan diegene wie se mite dit is, te openbaar. Ten einde die bedoelde gehoor te bereik, moet mite in die taal wat aan die gehoor bekend is, vertaal word. Dit is die rede waarom 'n sosiale lokaliteit van mitiese spreke – in die geval van die *KindEvTom* die Ebionitiese vroeë Christendom – gekonstrueer behoort te word. Net soos wat argetipes in mite vertaal moet word, hoe ontoereikend ook al, net so moet mite, hoe ontoereikend ook al, in die taal van diegene wie se mites dit is, vertaal word.²⁸ 'n Allegoriese interpretasie van mite (kyk later) is 'n vertolking weg van die “taal” van diegene wie se mite dit is. 'n Alternatief op allegorese – ook wat die vertolking van die *KindEvTom* betref – is dus nodig.

Postmoderne interpreteerders van mite raak toenemend bewus van die oorvleueling wat bestaan tussen die interpretasie van mite en dié van metafore. Eksegete kon egter nie na die pre-moderne allegoriserings terugkeer nie. Omdat mite 'n betekenis vir volgelinge oordra, kan dit as 'n denkwyse – “a way of thinking” – beskou word.

(1984:45) het hierdie “etnologiese” siening daartoe bygedra dat mites “relatief” en gesekulariseerd” geïnterpreteer is. Ook vanuit 'n historiese perspektief het Herodotus (en ook Prodicus) die sogenaamde *Euhemeristiese interpretasie* ten opsigte van mites toegepas. Later het veral die kultus rondom Heracles en Aesclepius, as illustrasie hiervan gedien. Volgens hierdie interpretasie is gode as “entiteite” wat uit die biografieë van sterflike mense ontwikkel het, verklaar. (Honko 1984:45). Die skrywer Euhemeros het die idee dat 'n kultus aan reële mense, veral konings en helde, toegeskryf word, sistematies in sy geskryfte toegepas (byvoorbeeld die vertelling [sage?] oor die besoek aan die eiland waar die genealogieë van die Griekse gode, onder andere dié van gewese konings, op 'n gegraveerde goue pilaar gevind is). In 'n konteks waarbinne eerbied vir die sogenaamde wysheid van onder andere priesters, wetgewers en regeerders (vanweë ontnugtering met hulle manipulatiewe korrupsie en uitbuiting) begin taan het, het verskeie antieke skrywers op 'n negatiewe wyse met 'n soort *sosiologiese en psigologiese interpretasie* van mites en gode vorendag gekom. Volgens die lering van die sofis Critias is gode uitgedink om sosiale orde te legitimeer (Honko 1984:46). Prodicus het gewys op die oorsaaklikheid tussen godsdiens en die mens se behoefte aan beloning deur 'n goeie oes, 'n suksesvolle jagtog en sy (die mens se) teenprestasie (dankbaarheid) vir die milddadigheid wat die kosmos en die aarde aan hulle bied. Volgens Prodicus is die gode “gunstige magte”: Demeter, as Moeder Aarde en beskermster van die oes, is brood; Dionysos is wyn en Hephaistos vuur (kyk De Vries 1961:43). Daarom skryf Sokrates en Plato heelwat van die inhoudelike van mites aan die fantasie van digters toe. Epicurus weer verwys na die mens se bese bewussyn as die primêre bron van mites. Volgens sy mening lê vrees geloof en godsdiens ten grondslag. Ook Polybius was van mening dat dit die voorvaders was wat op 'n slim wyse gode ingevoer het om die oningeligte massas deur die vrees vir die onbekende te beheer, terwyl Statius bekend is vir sy uitspraak: *primus in orbe deos fecit timor*.

²⁸ Segal (1999:72-73) se formulering van hierdie belangrike eksistensiële-hermeneutiese insig van Jung ten opsigte van mite-teorie sien soos volg daaruit: “Myths for [Jung] do not merely convey meanings. They convey meanings to adherents. Myths are intended by the unconscious to reveal its contents to those whose myths they are. To reach their intended audience, myths must be translated into language the audience knows. Just as archetypes must be translated, however insufficiently, into myths, so myths must be translated, however insufficiently, into language of those whose myths they are.”

Hierdie persepsie hou belangrike epistemologiese nagevolge in. 'n Stelling dat mite as denkwyse beskou behoort te word, kan as 'n *a-prioriese* uitgangspunt (wetenskap wat ervaring *voorafgaan*) tot mite beskou word. Op 'n hoë abstrakte vlak is dit 'n aanspraak met 'n soort universele kenteoretiese geldigheid (kyk Schultz 2000:39). Op hierdie vlak raak mite 'n “wêreldbeeld” (Cassirer [1929] 1955:284).²⁹ Om mite op “eksegetiese” wyse te benader, beteken dat dit vanuit 'n *post-priori* perspektief (wetenskap ná ervaring) beskou word. Die hermeneutiese aanname dat mite as 'n “denkwyse” beskou kan word, vooronderstel 'n siening dat mite op 'n dialektiese wyse 'n tekstuele manifestasie van 'n bepaalde wêreldbeeld is. Dit wil sê mite is die produk van 'n mitologiese visie op die werklikheid en tegelykertyd lei só 'n wêreldbeeld daartoe dat mense hulle ervaring van die werklikheid in mitiese vorm giet.

Hierdie hermeneutiek verg 'n sensitiwiteit vir die kwalitatiewe verskil tussen pre-moderne en moderne “spiritualiteite”. Volgens geleerdes soos Freud ([1953] 1965)³⁰ en Jung ([1956] 1967:17), asook Bultmann (1953:10) en Jonas (1969:315-329), verskil spiritualiteit in mitiese denke in die pre-moderne era fundamenteel van dié in die moderne (natuurwetenskaplike) era. Eersgenoemde kan as “fantasie-denke” (*mythos*) en laasgenoemde as “rasionalistiese denke” (*logos*) bestempel word (vgl Segal 1999:81-84). Daar moet dus in ag geneem word dat “logiese denke” by die mens in die moderne era denke is wat aangepas is by die empiriese werklikheid in dié sin dat mense hulle denke logies orden soos dinge in die empiriese werklikheid een na die ander agtereenvolgens gebeur, soos dood wat op geboorte volg.³¹ Pre-moderne mitiese denke kan beskryf word as spontaan, assosiatief, en “rigtingloos” – dit “lei weg van die realiteit af na die fantasieë van die verlede of die toekoms.”³²

²⁹ Volgens Cassirer (1944) manifesteer alle menslike kulturele aktiwiteit in simboliese vorms en mite (wêreldbeeld) is 'n voorbeeld daarvan. Cassirer onderskei ses oorkoepelende vorms van kulturele aktiwiteit: kuns, wetenskap, taal, geskiedenis, mite en godsdiens.

³⁰ Volgens Claude Lévi-Strauss daarenteen, het Freud mite vanuit sy modernistiese posisie beoordeel en nie in terme van 'n pre-moderne mitologiese wêreldbeskouing nie (kyk Lévi-Strauss & Doniger *et al* 1995). Hy meen dat Freud onder die voorwendsel van 'n terugkeer na die oorspronklike mite, slegs maar 'n moderne weergawe daarvan daargestel het (Lévi-Strauss, in Segal 1999:154 nota 10).

³¹ Jung (1967:11) stel dit soos volg: “imitate the successiveness of objectively real things, so that the images inside our mind follow one another in the same strictly causal sequence as the events taking place outside it.”

³² Jung (1967:17) stel dit soos volg: “leads away from reality into fantasies of the past or future.”

Segal (1999:83) som Jung se siening op deur aan te voer dat: “Meer as blote verhaal, word mite ’n wêreldbeeld.”³³ Binne die paradigma van ’n drievlakkige wêreldbeeld (bo in die hemel, onder op die aarde, in die waters onder die aarde) bepaal eksterne kragte (God of die bese) alle fasette van mense se lewens ten goede of ten kwade. God (as Skepper en Voorsiener) en die bese kom in die lewe in, doen hulle werk en vertrek weer. Dit gebeur deurlopend. Hierdie werkende kragte is nooit afwesig nie en hulle beïnvloeding van mens-wees en natuur gebeur deurlopend – ’n betrokkenheid wat as antropomorfies (of teriomorfies) beskryf word.³⁴

Die “mitologiese” wêreldbeeld het in die moderne era verander en is met ’n dualistiese een vervang. Binne die paradigma van die driedimensionele wêreldbeeld het die dualistiese onderskeid tussen ’n “bonatuurlike” en ’n “natuurlike” wêreld nie gegeld nie (vgl Pilch 1996:134; Saler 1977:46). In pre-moderne denke was die hoofonderskeid in hierdie verband dié tussen “skepper” en “skepping”. Die konsep “skepping” het nie net “natuurlike” dinge (vanuit ’n moderne perspektief gesien) wat betref die mensheid en diere- asook plantelewe ingesluit nie, maar ook “geestelike” sake aangaande die wêreld van God, die engele, wonderwerke, waarsêers en towerkragte, uitgedruk in rituele en towerspreuke. In die dualistiese natuurwetenskaplike wêreldbeeld word *mythos* (die “bonatuurlike”) en *logos* (die “natuurlike”) toenemend los van mekaar gesien.

Hierdie dualisme het tot ’n tipe historiese bewussyn gelei wat na regte onderskei behoort te word van die historiese bewussyn wat in pre-moderne mite-interpretasie van onder andere Herodotus en Prodicus gegeld het (kyk Honko 1984:45). In die moderne paradigma meen mense om God se “bonatuurlike” werk in die geskiedenis eers te verstaan as hulle dit kan verklaar as deel van natuurlike prosesse.³⁵ Religieuse mense (méér individualisties as kollektief georiënteer) roep die hulp van die “bonatuurlike” in wanneer “natuurlike” omstandighede óf as bedreigend óf as voorspoedig ervaar word. Hierdie moderne perspektief verskil van die pre-moderne perspektief dat “bonatuurlike” kragte nie meer as “nooit afwesig”

